

# AARTAPPELBEDRYFSVERSLAG



2016/2017





# AARTAPPELBEDRYFSVERSLAG

2016/2017

## INHOUDSOPGAWE

Aartappels Suid-Afrika .....	2
Aartappelsertifiseringsdiens .....	36
Plantovita .....	52
Prokon .....	64





potatoes  
aartappels **SA**

# AARTAPPELS SUID-AFRIKA



## INHOUD

Identiteit, Visie, Missie en Waardes .....	4
Afskeidsboodskap van die Voorsitter .....	6
Hoof Uitvoerende Beampte Verslag .....	8
Hoof Finansiële Beampte - Besigheidsverslag .....	12
Bedryfsinligting .....	15
Navorsing en Ontwikkeling .....	18
Bemarkingsafdeling .....	24
Transformasie .....	29
Bedryfsdienste .....	34



# IDENTITEIT, VISIE, MISSIE EN WAARDES

## IDENTITEIT

Die identiteit van Aartappels Suid-Afrika (ASA) word gesimboliseer deur:

- Die gesag van die aartappelbedryf, wat spesifiek verwys na die jaarlikse omset van die bedryf, gemeet aan die totale landbou-omset, wat dit 'n prominente rolspeler in die landbou en die voedselwaardeketting maak. Daarby is aartappels die grootste varsgroentegewas in Suid-Afrika en verteenwoordig dit meer as 30% van die omset van varsproduktemarkte.
- Die stoere karakter van aartappelprodusente, wat kenmerkend is van hoë risiko-nemers, stel hulle in staat om terselfdertyd ook terugslae te hanteer, optimisties te bly, en die belangrikste van alles, entrepreneurs te wees wat ingestel is op vernuwing en gesonde waardes.
- Die kern van die organisasie is gegrond op voortreflike diens aan alle aartappelprodusente, soos uiteengesit in die missiestelling, asook voortreflike diens aan alle ander rolspelers in die bedryf. Die organisasie het dit ten doel om die belange van aartappelprodusente in die besonder, en die aartappelbedryf in sy geheel te beskerm en te bevorder.
- Die gesig van die organisasie is verteenwoordigend van jong dinamiese leierskap, gerugsteun deur passievolle entoesiasme en 'n strewe na sterker samehorigheid, asook die vermoë om die groter landbouprentjie te visualiseer en daarop te reageer met visie, sterk menings, stoere waardes, en die vermoë om 'n verenigde front te vorm wat alle rolspelers verteenwoordig. Die organisasie se jeugdige karakter verskaf ruimte vir innoverende denke en proaktiewe

handeling – tot voordeel van die aartappelbedryf in sy geheel. Boonop simboliseer die organisasie se handelinge deursigtigheid, stabiliteit en opregtheid.

## MISSIE

Om strategiese ondersteuningsdienste aan 'n dinamiese bedryf te verskaf en daardeur die volhoubaarheid van aartappelprodusente in Suid-Afrika deur die volgende te bevorder:

- Die daarstelling van bedryfstrategiese kennisondersteuning aan bestuur.
  - Bedryfstrategiese navorsing.
  - Bedryfstrategiese inligting (markinligting, produksie-inligting, makro-ekonomiese inligting).
  - Kennisoordrag.
- Die daarstelling van ondersteuningsdienste ten opsigte van die verbruik van Suid-Afrikaanse aartappels.
  - Ondersteuningsdienste ten opsigte van markontwikkeling.
  - Ondersteuningsdienste ten opsigte van generiese produkbevordering (byvoorbeeld verbruikersopvoeding, -bewusmaking, die deel van inligting).
- Die daarstelling van ondersteuningsdienste ten opsigte van produsente-ontwikkeling.
  - Bevoegdheidsontwikkeling (kennis, vaardighede, beurse).

- Tegnieuse ondersteuning (beste praktyke, advies, proewe om kultivars te toets).
- Ondersteuning aan bedryfstrukture.
- Die vestiging van interne sake-voortreflikheid binne ASA.
  - Besigheidsbestuur en -leierskap deur:
    - \* Besigheidsbeplanning.
    - \* Korporatiewe bestuur.
    - \* Organisasoriese kultuurontwikkeling.
    - \* Besigheidsprestasiebestuur.
    - \* Verhoudingsbestuur/kommunikasie tussen rolspelers.
  - Hulpbronbestuur.
    - \* Die bestuur van menslike hulpbronne.
    - \* Finansiële bestuur.
    - \* Sekretariaat.

## VISIE

Saam na uitnemendheid in die aartappelbedryf.

## WAARDES

ASA streef na voortreflikheid deur die volgende:

- Pro-aktiwiteit, deur die inisiatief te neem, innoverende optrede, kreatiwiteit, oplossingsgedreweheid en aanpasbaarheid deur beheer en eienaarskap te neem en voortdurend te leer en om ontwikkelingsgeoriënteerd te wees.
- Integriteit te toon deur toerekenbaar, deursigtig, eerlik, eties, betroubaar en lojaal op te tree.  
Om objektief te wees deur rasioneel, analities, neutraal, onpartydig en feitelik te handel en aandag te skenk aan fynere besonderhede.
- Voortreflike diens daar te stel deur deelname, bereidwilligheid, tydige optrede, stiptelikheid, produktiwiteit, verantwoordbaarheid, doeltreffendheid, professionaliteit, fatsoenlikheid, vriendelikheid, dissipline en georganiseerde sakepraktyke, asook deur toeganklik te wees, werkywer te toon, 'n gemotiveerde gesindheid te kweek, en om toegewyd en hardwerkend te wees en passievol en entoesiasies te lewe.
- By vennootskappe betrokke te raak deur samewerking, deelname, raadgewing, betrokkenheid en spanwerk.



## AFSKEIDSBOODSKAP VAN DIE VOORSITTER

### ERNST YZEL

Aartappels Suid-Afrika was in die afgelope 12 jaar 'n integrale deel van my lewe en my lewenswyse. Dit is vir my 'n ongelooflike voorreg om die aartappelprodusente in hierdie tyd te kon dien, om die geleentheid te gehad het om goeie vriende te kon maak en hopelik ook 'n waardevolle bydrae tot die aartappelbedryf te kon maak.

In die afgelope dekade het die aartappelbedryf werklik baie verander. Soos in die res van die wêreld is die tendens dat aartappelprodusente al hoe minder geword het terwyl die plase al hoe groter geword het. Dit het natuurlik die probleem dat daar nie maklik nuwe toetreders tot so 'n kapitaalintensiewe bedryf kan intree nie.

Ek kan egter met vertroue sê dat aartappel verbruik in Suid-Afrika verdubbel het met die hulp van Aartappels Suid-Afrika, produsente en die aartappelbedryf. Verandering is egter onvermydelik en een so 'n verandering is dat ons in die toekoms onself as "brand custodians" sal posisioneer.

Ons onderskat baie keer die werk wat Aartappels Suid-Afrika vir ons as produsente doen. In die afgelope tyd het ons met heeltemal nuwe probleme te doen gekry. 'n Voorbeeld is die invoere van verwerkte aartappels wat geweldig toegeneem het en waar Aartappels Suid-Afrika 'n rol gespeel het om ons bedryf asook die werkers van ons bedryf te beskerm.

### Navorsing

Navorsing binne die aartappelbedryf het ook geweldig verander. Gemeet aan ander groot aartappel lande het Aartappels Suid-Afrika (ASA) goeie werk gedoen. In Suid-Afrika word alle aartappelnavorsing deur die produsente self gefinansier en navorsing het 'n groot bydrae gelewer tot die verhoogde produksie per hektaar. Daar is nou 'n

hele reeks van kultivars met baie hoër opbrengste en baie beter eienskappe van weerstand teen siektes.

### Transformasie

In baie opsigte is ons leiers op die gebied van transformasie en dit is ook van regeringskant beaam. Ons as aartappelbedryf kan baie trots voel op ons poging om produsente van kleur gevestig te kry. Daar is egter nog baie werk om te doen en dit is nie 'n maklike proses nie. Ons as aartappelprodusente is egter daartoe verbind om dit te maak werk en ons sal dit laat werk.

### Inligting

Binne die aartappelbedryf het ons seker die mees omvattende inligtingstelsel van bykans al die landboubedrywe in Suid-Afrika. Die afgelope paar jaar het ons die data en inligting wat ons het omgeskakel na intelligensie wat vir ons as produsente baie werd kan wees en hierop kan ASA trots wees.

### Bemaking

Die strewe na die bou, groei en instandhouding van 'n dinamiese aartappelbedryf is moontlik die dryfkrag agter 'n volgehoue en deurlopende ontwikkeling van wêreldklas-bemakingsveldtogte.

Die twee pilare van die bemakingsafdeling is Marktoegang en -ontwikkeling (MAD) wat gemik is op die monitering van die regulerende omgewing sowel as die identifisering van nuwe markte vir Suid-Afrikaanse aartappels.

Generiese Produkbevordering (GPP), is besig om die vraag in die plaaslike mark te stimuleer deur aartappels

as voedselseker produk te vestig wat voedsaam, maklik toeganklik en bekostigbaar is.

Dus, die slagspreuk wat in alle plaaslike promosieveldtogte gebruik word, is: Altyd vars, altyd in seisoen!

## Bestuur

ASA is deur moeilike tye en met die koms van statutêre heffings, wat 'n moeilike omgewing is om in te beweeg, kon ons met 'n klein bietjie meer heffingsgeld baie meer waarde tot die produsente toevoeg.

Aartappelprodusente in besonder kan trots voel op ASA en binne die Direksie, wat almal produsente is, is daar ongelooflike kennis. Produsente kan gerus voel dat hulle geld in veilige hande is met hierdie span Direkteure wat die bedryf dien.

## Moerkwekers

Ons moet ook 'n pluimpie aan ons moerkwekers gee vir die goeie plantmateriaal wat hulle aan ons verskaf. Dit is

lekker om met plantmateriaal te werk wat mens weet goeie opbrengste kan gee - want dit is tog waar goeie aartappelproduksie begin – by goeie saad.

## Personeel

By ASA het ek die voorreg gehad om met ongelooflike personeel te werk. Eers het ek saam met oorlede Dr Niel Theron gewerk. Daarna het ek die voorreg gehad om saam met Mark du Plessis te werk. Gedurende die afgelope paar jaar het ek saam met Dr André Jooste gewerk wie 'n baie bekwame man is op sy vakgebied en ons twee het in besonder baie goed saam gewerk. Aan ons personeel, baie dankie, dit was wonderlik om saam met julle te werk. Ons het baie uitdagings gehad, maar ook baie goeie tye. Baie dankie aan julle.

Ten slotte, ek wil vir die aartappelbedryf baie dankie sê dat julle my vir so lank ondersteun het, my gedra het, my hande in moeilike tye regop gehou het – dit was vir my werklik 'n voorreg om deel van die aartappelbedryf te kon wees.

**Ernst Yzel**  
Voorsitter





## HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE VERSLAG

### ANDRÉ JOOSTE (PHD)

Suid-Afrika is selfvoorsienend in aartappels en die waarde van die primêre bedryf word op R7 miljard geraam. As prosessering en ander toegevoegde waarde-aktiwiteite stroomafwaarts na die verbruiker ingesluit word, het die bedryf 'n waarde van tot R25 miljard.

Aartappels, 'n arbeidsintensiewe bedryf, verskaf werk aan bykans 10% van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag in primêre landbou-aktiwiteite, terwyl minder as 1% bewerkbare grond gebruik word. Suid-Afrika voer tussen 8% en 10% van sy totale aartappelproduksie uit na naburige lande.

Die 2016/2017 finansiële jaar het van die mees uitdagendste tye aan Suid-Afrika se aartappelproduksiebedryf opgelewer.

Pryse wat in 2016 gerealiseer is, was aansienlik hoër as in 2015 as gevolg van oesverliese veroorsaak deur droogte en hoë temperature. Die wydverspreide reënval wat gedurende 2016 aangeteken is, was egter wisselvallig en het met haël gepaard gegaan in sommige streke wat die oes beskadig het wat vroeg in 2017 bemark sou word.

Die toename in die nasionale minimum loon was 'n verdere groot uitdaging wat die bedryf in 2017 moes hanteer, aangesien aartappelproduksie besonder arbeidsintensief is en arbeidskoste aansienlik bydra tot die totale produksiekoste. In 'n omgewing waarin die reële produksiekoste aanhou styg terwyl die pryse van aartappels onder konstante druk bly, is die vermindering in hande-arbeid en die implimentering van verhoogde meganisasie 'n waarskynlikheid as minimum lone verhoog word tot onvolhoubare vlakke.

ASA is gevolglik terdeë daarvan bewus dat markinligting en -intelligensie die ruggraat vorm van besluitneming. Daarom word daar voortdurend gepoog om die inligtingsbronne en die verskeidenheid van inligting beter te belyn met die behoeftes van die bedryf. Alle werkbare en beskikbare

kommunikasiekanale word gevolglik ingespan om die markintelligensie so gou moontlik beskikbaar te stel. Van die kanale wat gebruik word, is selfoon-SMSe, WhatsApp-boodskappe, nuusbriewe, nuusflitse, streeksvergaderings, besoeke aan produsente en die webwerf.

ASA se navorsing fokus tans op die volgende aspekte:

- Kultivar-evaluasie om opbrengs te verhoog
- Grondgesondheid, -verbetering en natuurlike hulpbronbewaring
- Kwaliteit
- Virus en plantluisbeheer
- Watergebruik en -kwaliteit
- Verbouing / agronomie, veral bemesting en opslagbeheer
- Bestuur van grondgedraagde siektes: bruinskurf; knopwortelaalwurm; poeierskurf en sagtevrot
- Bestuur van aartappelmot

Die bemarkingsafdeling van ASA het twee pilare. Die eerste pilaar, Generiese Produkbevordering, behels projekte wat daarop gemik is om vraag in die plaaslike mark te stimuleer deur middel van klassieke produkbevordering mengsel-elemente van media reklame advertensies, openbare betrekkinge en digitale bemarking. Die tweede pilaar, Marktoegang en -ontwikkeling streef daarna om die totale mark vir aartappels deur markontwikkeling- en markinfiltrasie strategieë uit te brei. Die doelwitte wat die uitvoering en meting van alle bemarkingsveldtogte dryf, is:

- Bestuur van verbruikers se houdings en persepsies teenoor die produk deur middel van beter, feitelike en wetenskaplik bewysde navorsing
- Stimulering van plaaslike en buitelandse vraag na Suid-Afrikaanse aartappels

- Posisionering van aartappels as 'n produk wat voedselsekerheid promoveer
- Die bestuur en benutting van positiewe verhoudings en betrokkenheid by belanghebbendes
- Die skep van 'n bevorderlike, produktiewe en winsgewende besigheidsomgewing vir produsente.

Die doel van die Transformasie Kernbesigheid binne ASA is om die ontwikkeling van nuwe swart produsente wat belangstel om kommersiële produsente te word, te verseker. Dit het ook ten doel om voedselsekerheid aan te spreek deur betrokke te raak by landelike gemeenskappe en hulle te help deur middel van demonstrasie aanplantings waar hulle geleer word om aartappels ekonomies vir verbruik te plant.

ASA is die afgelope paar jaar betrokke by transformasieprojekte en die vordering is toenemend waarneembaar. Die aantal hektare aartappels wat met die ondersteuning van ASA deur swart produsente geplant word is aan die toeneem, en daar is produsente wat reeds kommersieël boer.

Gedurende die jaar onder oorsig het ASA op die volgende projekte ten opsigte van transformasie gefokus:

- Besigheidsontwikkeling
- Kleinboerontwikkeling
- Tersiere vaardigheidspyllyn
- Plaas gebaseerde opleiding
- Kommoditeitsprojekte Toekenningskomitee / "Commodity Projects Allocation Committee" (CPAC) in die Wes-Kaap

## Finansies en Administrasie

### Personeel Aangeleenthede

In die afgelope finansiële jaar (2016/2017) het die volgende personeelbewegings plaasgevind:

- Me Nicolette Basson is aangestel in die pos van Rekenmeester op 5 September 2016 nadat die pos vakant geraak het met die bedanking van Mnr Gert Kok op 22 Julie 2016.
- Mnr James Sithole het op 31 Julie 2016 bedank uit die pos van Rekenmeester en daar is besluit om die pos voorlopig nie te vul nie.
- Me Anza Delpont het diens aanvaar op 01 November 2016 nadat die pos van Finansiële Beampte in die Finansies afdeling vakant geraak het met die bedanking van Me Monique van der Merwe op 03 November 2016.
- Me Rotondwa Rathogwa is aangestel as Administratiewe Beampte in die vakante posisie in die Transformasie afdeling nadat Me Audrey Masombuka op 24 Junie 2016 uit die diens van ASA bedank het.

- Mnr Rudolf Badenhorst het op 31 Desember 2016 bedank uit die pos van Bestuurder: Markontwikkeling. Die pos sal egter gevul word deur die posisie van 'n Bemerkingspesialis.

### Finansiële Aangeleenthede

Op 30 Junie 2017 het ASA afgesluit met die tweede jaar van die vierde statutêre periode. Daar word jaarliks 'n bedrag in die vorm van oorbruggingskapitaal oorgedra na die volgende jaar. Dit word bloot gedoen om deurgaans 'n positiewe kontantvloei te handhaaf aangesien die Potato Industry Development Trust (PIDT) deurlopend oor 'n hoë debiteureboek beskik. Dit is die gevolg van die onvermydelike tydsverloop vir die sakvervaardigers om die heffing van hulle debiteure (produsente) te verhaal.

Die afgelope jaar is ook gekenmerk deur die druk wat die droogte en ander klimaatstoestande op die volumes en dus die heffinginkomste van die PIDT gehad het.

Dit het dan ook besparings genoodsaak. Besparings aan werklike netto uitgawes het sowat 5.8% beloop. Die besparing is die gevolg van pro-aktiewe optrede deur die Direksie en Bestuur van ASA en bestaan uit toevallige sowel as doelbewuste besparings by operasionele kostes en projekte.

### Statutêre inkomste en uitgawes

ASA Nie-Winsgewende Maatskappy (NWM) as administrateur, het gedurende die 2016/2017 finansiële jaar R42 463 090 in statutêre heffings namens die PIDT ingevorder en beloop nagenoeg 99.5% van alle heffings wat deur sakvervaardigers gefaktureer is. Uit beleggings is daar 'n verdere R63 722 in rente ontvang.


Die 2016/2017 begroting van ASA (NWM) soos goedgekeur deur die PIDT het R45 379 081 beloop waarvan R41 907 183 toegeken is. Die onderspandering van R3 471 899 (7.7%) word toegeskryf aan die voortgesette besparingsaksies. Daar was redelike besparings op reis- en verblyfkostes maar ook op vergaderingskostes en op buitelandse besoeke wat uitgestel is.

Kapitaal in die PIDT se oordragkapitaalrekening was aanvanklik R7 182 955, en het op 30 Junie 2017 R7 454 305 beloop, en sal oorgedra word na die 2017/2018 finansiële jaar. Soos uiteengesit in Figuur 1, het ASA (NWM), daarin geslaag om aan die riglyne soos deurgegee deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye te voldoen.

Volgens 'n ASA Kongres besluit, moet daar ongeveer gelyke fondse aan die twee Kernbesighede Navorsing en Ontwikkeling; en Markontwikkeling en Generiese Produkbevordering spandeer word. Die marginale afwykings ten opsigte van bogenoemde was as gevolg van besluite wat geneem is tydens die vorige finansiële

jaar om te verseker dat ASA (NWM) voldoen aan goeie korporatiewe bestuur ten opsigte van tender prosesse, asook die uitstel van befondsing aan besigheidsontwikkelingsprodusente wat verband gehou het met die droogte. Dit het aanleiding gegee dat fondse oorgedra is na die 2016/2017 finansiële jaar, maar is nog steeds aangewend in die toepaslike kernbesighede. Die besluit is ook geneem dat 'n verhouding van ongeveer 60%:40% tussen operasionele kostes en projekuitgawes gehandhaaf moet word. Hierin het ASA (NWM) geslaag.

Die uitgawes van ongeveer R42.0 miljoen is as volg aangewend (afgerond, verwys na Figuur 1):



Figuur 1: PIDT bewilling van fondse

## Inkomste Uit Eie Reserwes


ASA (Vrywillig) se eie fondse word hoofsaaklik aangevul deur die volgende (verwys na Figuur 2):

- Opbrengs op beleggings en lenings: R799 170
- Huur ontvang op kapitaalitems: R558 485

Uitgawes wat verband hou met die normale inkomstes soos hierbo genoem is waardevermindering op bates R418 087, oudit- en regs-kostes R42 087, administratiewe kostes R152 871, korporatiewe en ander projek kostes R138 303 (verwys na Figuur 3).

Addisionele fondse wat ontvang is, sluit in R505 013 deur die aanbieding van die Aartappelnavorsings-simposium en R507 143 deur borge vir Streeksvergaderings. Die Simposiums en Streeksvergaderings was in totaal befonds deur addisionele inkomste ontvang deur borge gedurende die jaar onder oorsig.

Totale fondse en reserwes het R11 999 268 beloop. Eiendomme en roerende bates, gebaseer op boekwaarde het R249 628 beloop en beleggings en lenings het R11 146 235 beloop.



Figuur 2: Inkomstes ASA (Vrywillig)



Figuur 3: Uitgawes ASA (Vrywillig)

## Finansiële Posisie

Ek is ook trots om te kan sê dat ASA se finansiële posisie steeds kerngesond is. Die druk as gevolg van die afname in inkomste is ten volle geabsorbeer deur middel van die afwaartse bestuur aan die uitgawe kant.

Kontrole- en beheermaatreëls word steeds deurlopend hersien en word verskerp om die druk op operasionele kostes die hoof te bied en sodoende 'n gesonde balans te verseker tussen operasionele kostes en die aanwending ten opsigte van projekte. Die PIDT het die ouditverslae van KPMG aanvaar.

KPMG sowel as Fourie & Botha het 'n ongekwalifiseerde verslag ten opsigte van ASA (NWM) en ASA (Vrywillig) onderskeidelik uitgereik. Geen oudit wanvoorstellings is geïdentifiseer nie. ASA is deur die PIDT as administrateur vir die toepassing van die verwante statutêre maatreëls behou wat die invordering en bestuur van statutêre heffings insluit. As deel van sy bestuurstaak is ASA ook verantwoordelik vir die implementering van die kernbesigheidsprojekte wat deur die Direksie van ASA en deur die PIDT goedgekeur is.

## KOMMUNIKASIE

Die kern van ASA is gegrond op voortreflike diens aan alle aartappelprodusente, soos uiteengesit in die missiestelling, asook voortreflike diens aan alle ander rolspelers in die bedryf. Die organisasie het dit ten doel om die belange van die aartappelprodusente in die besonder, en die

aartappelbedryf in sy geheel te beskerm en te bevorder. Doeltreffende tweerigtingkommunikasie met rolspelers is dus uiters belangrik vir ASA. Daar word dus voortdurend gepoog om hierdie kommunikasie uit te bou tot voordeel van die aartappelprodusente en ander rolspelers in die aartappelwaardeketting.

Gedurende die jaar onder oorsig is 'n elektroniese biblioteek stelsel ontwikkel om die soekfunksie op die meer as 3 000 artikels en dokumente wat tans op ASA se webtuiste ([www.potatoes.co.za](http://www.potatoes.co.za)) gepubliseer is, te vergemaklik.

CHIPS tydskrif het aan die einde van Junie 2017 gespog met sy 29ste volume. Die tweemaandelikse publikasie is die enigste amptelike tydskrif in die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf en dien as platform vir belangrike kommunikasie ten opsigte van bedryfsinligting, navorsing, markontwikkeling, generiese produkbevordering en transformasie. Benewens 'n verskeidenheid van ander inligting, verskaf die tydskrif ook 'n blik op plaaslike en internasionale nuus van toepassing op die aartappelbedryf. Die produksie- en verspreidingskoste van CHIPS kom 100% uit advertensies.

Ander kommunikasiekanale word ook aangewend om intyds inligting aan rolspelers oor te dra. Dit sluit in die maandelikse nuusbrieff waarin markkommentaar vervat is, nuusflitse oor *ad hoc* aangeleenthede, sms'e en direkte e-posse. Die waarde van die kommunikasie wat deur bogenoemde kanale oorgedra word is duidelik uit die daaglikse versoeke van belanghebbendes om op die verspreidingslyste geplaas te word.

## SEKRETARIËLE DIENSTE

ASA verseker verteenwoordiging regdeur die aartappelwaardeketting by wyse van sitting op bedryfsgerigte forums en komitees. Hierdie struktuur verskaf 'n platform vir debatvoering, bespreking en besluitneming waar alle rolspelers 'n spreekbeurt het. Die forums en komitees wat gedurende die verslagjaar plaasgevind het, is uiteengesit in Tabel 2. ASA verskaf die nodige administratiewe en sekretariële dienste aan alle forums en komitees, met die uitsondering van die Nasionale Moerekomitee en die Moerkwekersforum, aangesien hierdie dienste tydens die jaar onder oorsig deur Aartappelsertifiseringsdiens gelewer was.

Tabel 2: Vergaderings

VERGADERINGS	GETAL
<b>Direksies</b>	
ASA	2
Aartappelhuis	2

VERGADERINGS	GETAL
<b>ASA Komitees</b>	
Bestuurskomitee	2
Bemarkingskomitee	3
Inligtingskomitee	3
Navorsingskomitee	3
Transformasiekomitee	3
Ouditkomitee	3
Menslike Hulpbronnekomitee	3
<b>PIDT en komitees</b>	
Trust	3
Risiko- en Ouditkomitee	3
Beurskomitee	2
<b>Forums</b>	
Aartappelbedryfsforum	1
Moerkwekersforum	1
Moerhandelaarsforum	1
<b>ASA Simposiums</b>	
Navorsingsposium	1
Bemarkingsposium	1
<b>Ander</b>	
Aartappelbedryfsforum-stuurkomitee	1
<b>Induksieprogramme</b>	
Beursstudente-induksieprogram	1
Ontwikkelingsboere-induksieprogram	1

## TEN SLOTTE

Ek wil my dank uitspreek teenoor die PIDT, die Direksie van ASA, ons aartappelprodusente, rolspelers op die verskeie forums asook die personeel van ASA vir volgehoue toewyding om die bedryf volhoubaar te maak. Dit was 'n voorreg om met julle te skakel en saam oplossings te beding vir die talle uitdagings wat die bedryf in die gesig staar.

Mnr Yzel, baie dankie vir u volgehoue leierskap, toewyding, steun en passie vir die aartappelbedryf. U is voorwaar 'n uitnemende Voorsitter!

**André Jooste (PhD)**  
Hoof Uitvoerende Beampte



## HOOF FINANSIËLE BEAMPTTE

Hein Oberholzer

### BESIGHEIDSVERSLAG

#### STRUKTUUR

ASA is 'n nie-wins maatskappy, geïnkorporeer ingevolge die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008), wat gestig is om die belange van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf te dien en te beskerm. Hierdie struktuur verseker dat die organisasie sy mandaat uitvoer om 'n omvattende diens aan die aartappelbedryf as geheel te lewer.

#### FINANSIERING

ASA word befonds deur 'n statutêre heffing op aartappels wat in die PIDT gehou word. As aangestelde administrateur vorder ASA die heffing namens die PIDT in en doen by die PIDT aansoek om befonding vir die maatskappy se aktiwiteite en administrasie. In ooreenstemming met die ministeriële riglyne, word die fondse soos volg aangewend:

- Ongeveer 70% vir die lewering van die kernbesigheidfunksies (uitgesluit transformasie).

Nie minder nie as 20% vir die lewering van die transformasiefunksie.

- Nie meer as 10% vir die lewering van die administratiewe funksie nie.

ASA beskik ook oor nie-statutêre fondse wat deur borgskappe en gesamentlike projekfinansiering aangevul word. Hierdie fondse word aangewend vir die befonding van projekte en byeenkomste in belang van aartappelprodusente in die besonder en die aartappelbedryf in die algemeen. Goedkeuring vir die aanwending van sodanige fondse berus by die ASA se direksie.

#### RAAD VAN DIREKTEURE

ASA se Raad van Direkteure is verteenwoordigend van die aartappelprodusente in die verskillende aartappelproduksiestreke, die verwerkingsprodusente, aartappelmoerkwekers en swart besigheidsontwikkelingsprodusente. Die Raad is saamgestel soos uiteengesit in Tabel 3.

Tabel 3: Nasionale Raad / Direksie

NAAM	POSISIE	VERTEENWOORDIGING
Mnr GE (Ernst) Yzel	Voorsitter	Onafhanklik / Onverbonde
Mnr JF (JF) van der Merwe	Ondervoorsitter	Westelike Streek (Noordwes-Kaap, Noord-Kaap, <b>Wes-Vrystaat</b> , Suidwes-Vrystaat)
Mnr BS (Bernhardt) du Toit	Direkteur	Suidelike Streek (Sandveld, Oos-Kaap, <b>Ceres</b> , Suid-Kaap, Suidwes-Kaap)
Mnr JPJ (Jan) van Zyl	Direkteur	Suidelike Streek ( <b>Sandveld</b> , Oos-Kaap, Ceres, Suid-Kaap, Suidwes-Kaap)
Mnr NJ (Nicolaas) Lourens	Direkteur	Oostelike Streek (KwaZulu-Natal, <b>Oos-Vrystaat</b> en Noordoos-Kaap)
Mnr JR (Rudi) Heinlein	Direkteur	Noordelike Streek ( <b>Limpopo</b> , Mpumalanga, Gauteng, Loskopvallei)
Mnr WA (Wouter) van Amstel	Direkteur	Noordelike Streek ( <b>Limpopo</b> , Mpumalanga, Gauteng, Loskopvallei)
Mnr JAF (Johan) van den Heever	Direkteur	Noordelike Streek (Limpopo, <b>Mpumalanga</b> , <b>Gauteng</b> , <b>Loskopvallei</b> )
Mnr MJ (Mike) Green	Direkteur	Oostelike Streek ( <b>KwaZulu-Natal</b> , <b>Noordoos-Kaap</b> , Oos-Vrystaat)
Mnr AS (André) Coetzee	Direkteur	Westelike Streek ( <b>Noordwes-Kaap</b> , <b>Noord-Kaap</b> , <b>Suidwes-Vrystaat</b> , Wes-Vrystaat)
Mnr GA (Gary) Vorster	Direkteur	Produsente-verteenvoordiger: Ouditkomitee
Mnr L (Tiekie) de Kock	Direkteur	Voorsitter: Nasionale Moerekomitee
Mnr J (Joseph) Bantom	Direkteur	Suidelike Distrik (Wes-Kaap, Sandveld, Ceres, Suid-Kaap, Suidwes-Kaap)
Mnr TS (Siseko) Vikilahle	Direkteur	Suid-Oostelike Distrik (Noordwes-Kaap, Oos-Kaap)
Mnr S (Shadrack) Mabuza	Direkteur	Oostelike Distrik (KwaZulu-Natal)
Mnr SG (Gift) Mafuleka	Direkteur	Sentrale Distrik (Limpopo, Vrystaat, Gauteng, Mpumalanga)


Ingevolge die Memorandum van Inkorporasie van die maatskappy sal die Voorsitter van die Ouditkomitee 'n nie-uitvoerende en onverbonde gekwalifiseerde persoon wees. Gedurende die verslagjaar het mnr JH du Plessis van die geoktrooieerde ouditeursfirma, Geysers en Du Plessis, weer as voorsitter van hierdie komitee gedien.

## ADMINISTRASIE

Buiten drie vakante poste het ASA op 30 Junie 2017, 28 personeellede voltyds in diens gehad waarvan 9 die ses streekkantore bedien om optimale dienslewering aan die bedryf te verseker. Die dienste wat gelewer is, word breedvoerig in die kernbesigheidsverslae bespreek.

Die personeel word deur 'n uitvoerende bestuur aangevoer, wat uit die hoofuitvoerende beampte, maatskappysekretaris en die bestuurders van die vyf kernbesigheids- en ondersteuningsdienste-afdelings bestaan soos aangedui in Tabel 4.

Tabel 4: Personeel struktuur



# BEDRYFSINLIGTING

ASA is terdeë daarvan bewus dat markinligting en -intelligensie die ruggraat vorm van besluitneming. Daarom word daar voortdurend gepoog om die inligtingsbronne en die verskeidenheid van inligting beter te belyn met die behoeftes van die bedryf. Alle werkbare en beskikbare kommunikasiekanale word gevolglik ingespan om die markintelligensie so gou moontlik beskikbaar te stel. Van die kanale wat gebruik word, is selfoon-SMSe, WhatsApp-boodskappe, nuusbriewe en die webwerf.

## Kernfokus-areas

Tabel 5: Bedryfsinligtingsdepartement kernfokus-areas

Fokusareas	Komponente
Produksie- en markinligting	Mark- en bemarkingsverslae: Daaglik, weeklik, maandelik, seisoenaal en jaarlik. Gereelde oesverslae van 16 produksiestreke. Maandelikse markkommentaar. Varsproduktemarkte: Tendens analises.
Produksiekoste	Opdatering van produksiekoste: Grootste streke. Analise van verpakkings- en bemarkingskoste. Opdatering van prys-/opbrengsmodel (vars- versus verwerkte aartappels). Tendens analises. Vervoerkostemodelle. Vervoerkoste en verwante aangeleenthede.
Agri Benchmark	Opdatering van 'n "tipiese" aartappelplase in die vier grootste streke. Vergelyking van "tipiese" aartappelplase: SA versus oorsese lande. Toets "wat as" scenario's op plaaslike "tipiese" plase (plaasvlak-modellering).
Aartappelwaardeketting-analise	Bepaal die volgende aanwysers: Grootte van bedryf, per capita verbruik, hoof variëteite en verbruikersbesteding.
Aartappelbedryfsmodel	Verskaf 'n aartappelproduksie vooruitskouing vir die komende jare deur gebruik te maak van 'n bepaalde stel aannames. Onderneem scenario-analises of gebruik verskillende stelle aannames om 'n beter begrip van die aartappelbedryf te genereer.
Effektiwiteit in die aartappelproduksieproses	Pakstoor- en bemarkingseffektiwiteit: Belangrike aanwysers word bereken, vergelyk en bestudeer en norme word daargestel: Pakstooreffektiwiteit (bv. aantal 10kg sakkies verpak per arbeider per dag). Investerings in masjinerie en implemente. Markprys analise. Gewigsverlies oor tyd. Kwaliteitsindeks vir produsente wat op markte lewer.  Optimisering van energie- en waterverbruik vir aartappelproduksie. Die studie is onderneem deur middel van verskeie gevallestudies in die Sandveld. Die volgende is van belang: Toets verskillende scenario's se effek op energiekoste. In die proses is energiegebruikseffektiwiteit ook bereken en bestudeer. Waterverbruikseffektiwiteit is by medewerkers bereken en vergelyk. Effektiwiteit van besproeiingstelsels is by medewerkers gedoen en vergelyk.
Opbou en instandhouding van databasis	ASA versamel alle tipes inligting op 'n daaglikse, weeklikse, maandelikse, seisoenale en jaarlikse basis. Dit is noodsaaklik dat alle relevante inligting ordelik ingesamel, verwerk en versprei word. Relevante inligting word tot die databasis bygevoeg.
Ad hoc / ander	Versoeke onder andere vanaf die Mededingingskommissie en SAID rakende bedryfsaangeleenthede.

Tabel 6: Inligtingsingskomitee

Lid	Posisie	Verteenwoordiging
Mnr Jan van Zyl	Voorsitter	Sandveld
Mnr Wouter van Amstel	Visevoorsitter	Limpopo
Mnr Wessel du Randt	Lid	Oos-Vrystaat
Mnr Charl Nel	Lid	Wes-Vrystaat
Mnr Jan Genis	Lid	Sandveld
Mnr MC Venter	Lid	Gekoöpteer (Limpopo)
Mnr Johan Holtzhausen	Lid	Gekoöpteer (Mpumalanga)
Mnr Roland Buys	Lid	Gekoöpteer (KwaZulu-Natal)

Die volgende aktiwiteite het onder andere aandag geniet:

Produksiekoste is vir nege streke opdateer. Die vervoerkostemodel is ook opdateer wat as maatstaf gebruik word vir produsente wat van eie vervoer na markte gebruik maak. Vir beide die produksiekoste en vervoerkoste van aartappelproduksie is Excel-sigbladmodelle ontwikkel. Produsente kan hul eie data inlees en hul kostes met die maatstafsyfers ("benchmark figures") vergelyk.

Die pakstoor- en bemarkingseffektiwiteitstudie is in vier streke gedoen en afgehandel. Dit behels onder andere die volgende komponente:

- Pakstoornorme is ontwikkel  
Daar is gekyk na onder meer arbeidseffektiwiteit en die vlak van meganisasie. 'n Belangrike aanwyser wat gebruik word is die gemiddelde aantal 10kg sakkies wat een persoon in die pakstoor per dag hanteer. Die vraag is hoe effektief arbeid en kapitaal (meganisasie) in die pakstoor aangewend word.
- Gewigsverliesmetings is gedoen  
Volgens wet moet 'n 10kg sakkie, sewe dae na verpakking 'n minimum van 10kg weeg. Gewigsverliese is in 4 streke gemeet en bestudeer. Data word benodig ten einde insette te lewer om veranderinge aan die toepaslike regulasies te motiveer. Groot variasie in gewigsverliese tussen medewerkers kom voor. 'n Rede vir laasgenoemde variasie is meganiese beskadiging. Redes vir laasgenoemde word ondersoek.
- Groottegroepe  
Data word ingesamel ten einde insette te lewer om veranderinge aan die toepaslike regulasies te motiveer. Byeenkomste is gehou met rolspelers ten einde insette te kan verkry.
- Markpriesanalise  
Medewerkers se markpries vir Klas I Groot-medium en Medium aartappels is vanaf enkele markte

verkry en ontleed. Markpries is ook vergelyk met pakstooraanwysers, byvoorbeeld arbeidseffektiwiteit en die vlak van meganisasie. Die analises verskaf 'n maatstaf waarteen produsente hulself kan meet.


- Kwaliteitsindeks vir individuele produsente wat aan markte lewer.  
Die indeks verskaf aan produsente 'n maatstaf waarteen hul hulself teen ander produsente in die streek kan meet of vergelyk. Sewe kriteria word gebruik om aan elke produsent 'n totale punt toe te ken. Produsente kan duidelik sien wat hul "swak punte" en "sterk punte" ten opsigte van hul produk op die markvloer is.

'n Projek getiteld "Optimisering van energie- en waterverbruik vir aartappelproduksie" in die Sandveld is afgehandel. Resultate toon elektrisiteitskoste per hektaar aartappels toon groot variasies tussen boerderye. Gevallestudies is by enkele produsente gedoen waartydens hul spilpunte se effektiwiteit gemeet is. Die waterverbruikseffektiwiteit van medewerkers (kg aartappels bemark per mm water besproei) is bereken en vergelyk. Scenario-analises is vervolgens gedoen aan die hand van sigblad-tipe programmatuur om te bepaal of medewerkers se elektrisiteitskoste per hektaar nie verminder kan word nie. Energieverbruikseffektiwiteit is ook by medewerkers bereken en ontleed. Verskeie rolspelers was betrokke, wat onder andere Eskom insluit.

## Marktendense

Gedurende die 2016-oesjaar is 52 722 hektaar aartappels geplant, wat 1 211 hektaar minder is as die vorige jaar se aanplantings. Droogte en uitermatig hoë temperature het gelei tot 'n oes van 215 miljoen 10kg sakkies, wat bykans 34 miljoen 10kg sakkies minder is as in 2015 (sien Figuur 4).

Figuur 4: Hektaar geplant versus oesgrootte



Ten opsigte van die 2016-oesjaar het die Oos-Vrystaat produksiestreek die meeste hektare geplant, 11 533 hektaar wat 22% verteenwoordig van die totale hektare geplant (sien Tabel 7). Die Limpopo-produksiestreek het die grootste oes opgelewer; bykans 50 miljoen 10kg sakkies wat 23% van die nasionale oes beloop. Die vier grootste produksiestreke het 70% van die totale hektare geplant en 66% van die nasionale aartappeloes opgelewer.

Tabel 7: Aartappelproduksie in 16 streke – 2016 oesjaar

	Streek	Hektare	% van hektare	Oesgrootte in 10kg sakkies	% van oes	Gemiddelde opbrengs in ton/ha
1	Oos-Vrystaat*	11 533	22%	23 541 064	11%	20,4
2	Limpopo	10 619	20%	49 927 500	23%	47,0
3	Wes-Vrystaat	7 292	14%	35 017 760	16%	48,0
4	Sandveld	7 205	14%	33 366 000	16%	46,3
5	Kwazulu-Natal	2 792	5%	9 540 817	4%	34,2
6	Noordwes	2 263	4%	13 771 400	6%	60,9
7	Mpumalanga	2 048	4%	8 091 500	4%	39,5
8	Noord-Kaap	1 681	3%	9 610 380	4%	57,2
9	Noordoos-Kaap	1 574	3%	5 391 669	3%	34,3
10	Loskop Vallei	1 382	3%	6 180 100	3%	44,7
11	Suidwes-Vrystaat	1 328	3%	7 308 831	3%	55,0
12	Gauteng	973	2%	3 895 400	2%	40,0
13	Oos-Kaap	911	2%	3 905 500	2%	42,9
14	Ceres	788	1%	3 512 357	2%	44,6
15	Suid-Kaap	247	0,5%	1 127 200	0,5%	45,6
16	Suidwes-Kaap	86	0,2%	361 200	0,2%	42,0
		52 722		214 548 678		40,7

\*Droëland verbouing kom voor

Tabel 7 toon ook die gemiddelde opbrengste van die verskillende streke. Droëlandverbouing het hoofsaaklik in die Oos-Vrystaat geskied en tot 'n mindere mate in die Wes-Vrystaat, wat noodgedwonge 'n effek op die gemiddelde opbrengs van hierdie streke gehad het.


Wat die aantal kommersiële aartappelprodusente (boerdery-eenhede) aanbetref, het dit tot 540 in die 2016-oesjaar gedaal. In 2010 was daar 690 produsente. Daarenteen het 10% van alle produsente elk meer as 200 hektar aartappels geplant (Figuur 5). Dit is ook duidelik dat 53% van produsente elk minder as 51 hektar aartappels aanplant (Figuur 5).

Figuur 5: Persentasie van produsente versus aanplantings in hektar (2016)



Volgens Figuur 6 is dit duidelik dat die informele mark die grootste afsetpunt vir Suid-Afrikaanse aartappels is. Sowat 'n derde van die nasionale oes word deur die informele bemarkingskanaal bemark.

Figuur 6: Verdeling van totale 2016 aartappel oes




# NAVORSING EN ONTWIKKELING

ASA se navorsing fokus tans op die volgende aspekte:

- Kultivar evaluasie om opbrengs te verhoog
- Grondgesondheid, grondverbetering en natuurlike hulpbronbewaring
- Kwaliteit
- Virus en plantluisbeheer
- Watergebruik en kwaliteit
- Verbouing / agronomie, veral bemesting en opslagbeheer
- Bestuur van grondgedraagde siektes: bruinskurf; knopwortelaalwurm; poeierskurf en sagtevrot
- Bestuur van aartappelmot

Die toewysing van die begroting vir die onderskeie fokusareas is soos volg:

Figuur 7: Toewysing van begroting vir onderskeie fokusareas



## Navorsingskomitee

Die Navorsingskomitee is verantwoordelik om navorsingsprioriteite te identifiseer, die kwaliteit van navorsing te verseker en om die navorsingsbegroting by die Direksie aan te beveel vir goedkeuring. Die Navorsingskomitee word bygestaan deur die PIDT: Tegniese Advieskomitee en die Aartappelwerkgroepvoorsitterskomitee.

Tabel 8: Navorsingskomitee

Lid	Posisie	Verteenwoordiging
Mnr JAF van den Heever	Voorsitter	Loskopvallei, Mpumalanga en die Prosesseringskomitee
Mnr AS Coetzee	Visevoorsitter	Suidwes-Vrystaat, Noord-Kaap en Noordwes
Mnr GF Bester	Lid	Oos-Vrystaat
Mnr AF de Villiers	Lid	Sandveld en Ceres
Dr FI du Plooy	Lid	PIDT Trustee
Mnr G Gadda	Lid	Limpopo
Mnr GG Hill	Lid	KwaZulu-Natal, Noordoos-Kaap en Moerkwekers
Mnr PGJ Posthumus	Lid	Wes-Vrystaat en Moerkwekers
Mnr L Rix	Lid	Suidwes-Kaap, Suid-Kaap en Oos-Kaap

Tabel 9: PIDT Tegniese Advieskomitee

Lid	Posisie	Verteenwoordiging
Dr FI du Plooy	Lid	PIDT-Trustee
Dr FDN Denner	Lid	Patoloog
Dr BJ Pieterse	Lid	Agronoom

Tabel 10: Aartappelwerkgroepvoorsitterskomitee

Lid	Posisie	Verteenwoordiging
Mnr AF Coetzee	Voorsitter	Navorsingskomitee
Mnr GF Bester	Lid	Navorsingskomitee
Mnr S Bell	Lid	Noordoos-Kaap Aartappelwerkgroep
Mnr P Brink	Lid	Sandveld Aartappelwerkgroep
Mnr R Buys	Lid	KwaZulu-Natal Aartappelwerkgroep
Mnr L Cass	Lid	Mpumalanga Aartappelwerkgroep
Mnr R Cilliers	Lid	Oos-Kaap Aartappelwerkgroep
Mnr I Cronje	Lid	Wes-Vrystaat Aartappelwerkgroep
Dr FI du Plooy	Lid	PIDT: Tegniese Advieskomitee
Mnr S Fourie	Lid	Oos-Vrystaat Aartappelwerkgroep
Mnr S Grobbelaar	Lid	Limpopo Aartappelwerkgroep
Mnr J Hugo	Lid	Suidwes-Vrystaat Aartappelwerkgroep
Mnr I Oosthuizen	Lid	Ceres Aartappelwerkgroep
Mnr D Ras	Lid	Loskopvallei Aartappelwerkgroep
Mnr J Steenkamp	Lid	Noord-Kaap Aartappelwerkgroep

## Navorsingsvennote

ASA het verskeie professionele navorsingsvennote om spesifieke projekte uit te voer. Die tabel hieronder dui die navorsingsinstansies aan, asook die projekte waarvoor hulle verantwoordelik is. ASA is vir kennisoordragprojekte verantwoordelik.

Tabel 11: Navorsingsvennote


ORGANISASIES	PROJEKTE
GEOSS	Monitering van grondwater in die Sandveld
Landbounavorsingsraad	<p><i>In vitro</i> instandhouding van oop kultivars</p> <p>Ontwikkeling van 'n diagnostiese toets vir spleetskurf en evaluasie van kultivars se toleransie ten opsigte van die siekte</p> <p>Ondersoek na geïntegreerde bestuur van knopwortelaalwurm</p> <p>Evaluasie van populêre kultivars vir toleransie teen bruinskurf</p> <p>Beheermaatreëls teen bakteriese verwelk (<i>Ralstonia solanacearum</i>)</p> <p>Opeenvolging van nematode populasies in 'n gewasrotasieprogram in die Oos-Vrystaat</p> <p>Etiologie en beheer van vericilliumverwelk</p>
Stellenbosch Universiteit	Identifikasie van die belangrikste faktore wat interne kwaliteit onder toestande in die Sandveld beïnvloed

ORGANISASIES	PROJekte
Universiteit van Pretoria	Monitoring van virusvektore (plantluise) Ontwikkeling van 'n tegniek vir die identifisering van virusbesmette plantluise Ontwikkeling van bemestingsriglyne vir twee nuwe kultivars Bepaling van die watervoetspoor en bruikbaarheid van gevorderde tegnologie Evaluasie van gewasrotasieprogramme in die Oos-Vrystaat Evaluasie van populêre kultivars ten opsigte van toleransie vir knopwortelaalwurm Evaluasie van populêre kultivars vir toleransie teen sagtevrot-patogene Evaluasie van populêre kultivars vir toleransie teen die poeierskurf-patogeen <i>Spongospora subterranea</i> sp <i>subterranea</i> (Sss) Identifikasie van alternatiewe gashere teen Sss Effek van grondtemperatuur en vog op infeksie van aartappel deur Sss
Universiteit van die Vrystaat	Bestuur van opslagaartappels
Wes-Kaap Departement van Landbou:	Ondersoek na die invloed van klimaat op die aktiwiteit en intensiteit van virusvektore in die winterreënvalstreek Bewaringsboerderypraktyke vir die Sandveld

### Kultivarevaluasieprojekte deur Aartappelwerkgroepe

Tydens die 2016/2017 finansiële jaar is 13 kultivarevaluasieprojekte in 11 aartappelproduksiestreke uitgevoer soos in Figuur 8 aangedui. Twee van die droëlandproewe in die Oos-Vrystaat is nie geoes nie as gevolg van die ernstige droogte in die streek.

Figuur 8: Kultivarevaluasieprojekte uitgevoer in produksiestreke



- 1 Tom Burke
- 2 Polokwane
- 3 Middelburg
- 4 Warden (droëland)
- 5 Weenen
- 6 Ugie
- 7 Kroonstad (droëland)
- 8 Bultfontein
- 9 Petrusburg
- 10 Douglas
- 11 Aurora
- 12 Ceres
- 13 Hankey

## Projekvordering

Verwys na Tabel 12 hieronder vir 'n uiteensetting van projekvordering gedurende die verslagjaar.

Tabel 12: Projekvordering

	PROJEK	DOELWIT	VORDERING
KULTIVAREVALUASIE EN INSTANDHOUDING	<b>In vitro instandhouding van oop aartappelkultivars</b>	Instandhouding van oop - en gelisensieerde LNR-kultivars <i>in vitro</i> Om kernmateriaal beskikbaar te stel vir vermeerdering by kommersiële weefselkultuur-laboratoriums Hernuwing van klone om agteruitgang van kernmateriaal te verhoed	Sewe kultivars is suksesvol opgeberg <i>In vitro</i> virusvrye plante is aan vyf kommersiële laboratoriums gelewer Vestiging van nuwe klone van Vanderplank, Up-to-date, BPI en Mnandi is in proses 'n Kwarantindiens ten opsigte van invoer van nuwe klone en kultivars is aan privaatkliënte gebied.
	Kultivarevaluasie	Om werkgroepe te ondersteun in die uitvoering van kultivarevaluasieproewe, verwerking van data en skryf van verslae	Dertien kultivarevaluasieproewe is in elf streke uitgevoer. Data is statisties verwerk en verslae saamgestel. Verslae word in Chips gepubliseer. Verslae word tydens die navorsingsimposium en inligtingsdae voorgedra.
GRONDGESONDHEID EN BEWARING	Bewaringsbewerking in die Sandveld	Ontwikkeling van riglyne vir bewaringsbewerkingspraktyke in die Sandveld om winderosie teen te werk Evaluering van die effek van bewaringsbewerking op opbrengs, watergebruikseffektiwiteit en fisiese, chemiese en biologiese status van die grond	Beduidende verskille is vir 'n vierde seisoen ten opsigte van die grondrespirasie en aktiewe koolstofvlakke aangeteken, met die hoogste waardes in die minimum bewerkte behandelings. Die plantparasitiese nematodes het in beduidend hoër getalle voorgekom by die maksimale bewerkte behandelings.
	Gewasrotasie program vir die Oos-Vrystaat	Om gewasrotasiestelsels vir aartappelproduksie in die Oos-Vrystaat te optimaliseer ten einde grondgesondheid, grondfisiese en chemiese toestande, asook winsgewendheid van droëland aartappelproduksie te verbeter	Vier rotasiesiklusse van vyfjaar elk is ontwerp met aartappels, mielies, koring, suikerbone, sonneblomme en sojabone Mikrobiële diversifikasie word grootliks deur die tipe gewas beïnvloed Deur sonneblom en 'n braaklêperiode in die rotasieprogram in te sluit, kan die vlakke van <i>Fusarium solani</i> , beperk word Die detailopname van nematodes op die proefperseel het 'n basis gevorm om te bepaal hoe rotasiegewasse, die samestelling van nematodepopulasies beïnvloed
KWALITEIT	Metode om aartappels te toets vir verskillende gaarmaakmetodes	Om te bepaal hoe die kookeienskappe van aartappels deur verbouing en klimaat beïnvloed word Om 'n gebruikers vriendelike metode om aartappelgeskiktheid vir die maak van verskillende geregte te toets	'n Gebruikersvriendelike, gestandaardiseerde toetsmetode is ontwikkel Knolle wat onder verskillende omstandighede in verskillende streke geproduseer is, is getoets en daar is bevind dat die toetsmetode, suksesvol gebruik kan word
	Interne kwaliteit van aartappels	Identifikasie van spesifieke eienskappe om interne kwaliteit van aartappels te voorspel	Die eerste jaar se resultate dui daarop dat gewigsverlies 'n verband toon met lae vlakke van Mg in knolle
PLANTLUISMONITERING	Plantluismonitering in vyf moerproduksie-streke	Om plantluisgetalle in die Sandveld, Ceres, Noordkaap, Wes-Vrystaat en KwaZulu-Natal te monitor ten einde vas te stel hoe klimaat die druk en intensiteit van plantvirusvektore beïnvloed Om moerkwekers vroegtydig in kennis te stel wanneer getalle van virusvektore toeneem sodat kwekers pro-aktief kan optree.	In die Koue Bokkeveld (Ceres) is plantluis nie in die wintermaande waargeneem nie, maar gedurende Januarie was die voorkoms normaal In die Sandveld het plantluisgetalle weereens 'n noue verband getoon met reënval in die gebied. Lae reënval in die winter het tot gevolg gehad dat die aantal plantluis oor die algemeen laer was as in die vorige jaar toe dit minder gereën het

	PROJEK	DOELWIT	VORDERING
PRODUKSIEMETODES EN BEMESTING	Bemestingsriglyne vir twee nuwe kultivars	Bepaal die optimale vlakke van N en K vir nuwe kultivars Bepaal hoe die verhouding van N:K knolkwaliteit beïnvloed	Die hoogste opbrengs is teen 230–300 kg/ ha <sup>-1</sup> N en K behaal N- en K-vlakke moet in verhouding met mekaar verhoog (N:K verhouding van 0.7 - 1) SG neem af by verhoging van N-toediening Hoë N-vlakke (300 kg/ha <sup>-1</sup> ) lei tot groot, onbemarkbare knolle
	Opslagbeheer	Om verskillende onkruidodders vir vooropkomsbeheer van opslagaartappels te toets	Daar is verskille tussen kultivars met betrekking tot hulle gevoeligheid vir die verskillende onkruidodderbehandelings, wat bewys dat alle kultivars vir hulle gevoeligheid vir geskikte behandelings getoets behoort te word Toediening van metam-natrium het opslag van sommige kultivars beheer, terwyl dit minder suksesvol is by ander
GRONDGEDRAAGDE SIEKTE	Geïntegreerde bestuur van knopwortel-aalwurm	Om 'n beheerstrategie te ontwikkel om <i>Meloidogyne</i> -bevolkingsgetalle tydens aartappelproduksie te verlaag	Veldproewe het aangedui dat nematode tot 'n groot mate deur die gewas wat verbou word, bepaal word.
	Evaluasie van kultivars ten opsigte van hul toleransie teen grondgedraagde patogene	Om die toleransie te bepaal van kultivars teen knopwortelaalwurm, <i>Spongospora subteranea</i> f.sp. <i>subteranea</i> wat poeierskurf veroorsaak, <i>Streptomyces</i> spesies wat bruinskurf veroorsaak, en <i>Pectobacterium</i> spesies wat swartstam en sagtevrot veroorsaak	In veldproewe het geen kultivar toleransie teen knopwortelaalwurm getoon nie. Tien aartappelkultivars is vir weerstand teen <i>Pectobacterium</i> -infeksie geëvalueer. Voorlopige resultate dui daarop dat BPI en Sifra beduidend hoër stamgebaseerde toleransie teen Pcb-infeksie toon as Mondial en Valor Veld- en glashuisproewe het kultivars wat relatief tolerant en baie vatbaar is teen <i>Spongospora subteranea</i> f.sp. <i>subteranea</i> , geïdentifiseer Veld- en glashuisproewe het kultivars wat relatief tolerant en baie vatbaar is teen <i>Streptomyces</i> , geïdentifiseer
KENNISORDRAG	Feiteblaai	Om die huidige reeks feiteblaai te hersien en na gelang van behoefte nuwes te ontwikkel	Twee nuwe feiteblaai is ontwikkel en is in Afrikaans en Engels beskikbaar Twee ander publikasies is geproduseer
	Kursusse	Om praktykgerigte kursusse vir produsente te ontwikkel	Kursusse in Besproeiingskedulering is aangebied in verskillende streke (Vivo, Mpumalanga, Oos-Vrystaat, KwaZulu-Natal & Noordoos-Kaap)
	Navorsingsimposium	Om 'n geleentheid te skep waar navorsers en werkgroepe aan die bedryf verslag kan doen	Die simposium is by Klein Kariba, Limpopo aangebied en is deur 170 persone uit verskillende sektore van die bedryf bygewoon
WATER	Grondwatermonitering in die Sandveld	Om die impak van water wat gebruik word vir aartappelproduksie op grondwatervlakke en kwaliteit in die Sandveld vas te stel	Waarnemings aan die begin van 2017 het getoon dat die gemiddelde grondwatervlakke met sowat 0.6 m gedaal het en die herleidingsvermoë met 29 mS/M gestyg het in vergelyking met syfers van 2016. Dit word aan die voortgesette droogte in die Wes-Kaap toegeskryf
	Die watervoetspoor van aartappelproduksie	Om nuwe tegnologie (kosmiese stralingsanalises) onder plaaslike toestande te evalueer tov toepasbaarheid vir grondvogmetings om besproeiingskedulering te vergemaklik	Waarnemings en aanpassings oor drie jaar het getoon dat die tegnologie nie geskik is vir gebruik in besproeiingskedulering van aartappels nie

## Navorsingshoogtepunte

*Tuta absoluta* (Tuta), die tamatieblaarmyner het in Augustus 2016 sy opwagting in Suid-Afrika gemaak. *Tuta absoluta* is berug daarvoor dat hy katastrofiese skade aan tamaties in verskeie wêrelddele aangerig het. Tuta is na-verwant aan aartappelmot en aartappels is as 'n alternatiewe gasheerplant aangeteken. Daar was dus groot kommer oor die potensiële

impak wat Tuta op aartappelproduksie in Suid-Afrika kon hê. In Desember 2016 het monitering met lokvalle in verskillende streke bevestig dat die insek wyd versprei is, maar geen skade is gerapporteer nie. Daar bestaan egter kommer oor *Tuta absoluta* se vermoë om vinnig weerstand teen plaagdoders op te bou en daar word voortgegaan om aartappelprodusente daarvan bewus te maak.

Die herfskommandowurm (*Spodoptera frugiperda*), het onverwags in Januarie 2017 sy opwagting in Suid-Afrika gemaak. Die waarskynlikheid is klein dat die insek wel skade aan aartappels kan aanrig. Nogtans word die nuutste inligting aan produsente deurgegee omdat die meeste aartappelprodusente mielies in rotasie met aartappels plant. Gereelde skakeling met die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) het verseker dat die bedryf ingelig en voorberei was vir die nuwe peste en plaë.

Die eerste fase van die studie op bewaringspraktyke in die Sandveld is voltooi en resultate dui daarop dat grondgesondheid beïnvloed word deur die tipe implement wat gebruik word om grond voor te berei. Waar grond goed deurlug was, was indikatore van grondgesondheid (vrylewende aalwurm en grondrespirasie) beter as by konvensionele, ploegsaarbewerking. Vir die tweede fase word aartappels weer op persele geplant waar hulle vier jaar gelede gegroei het om vas te stel wat die langtermyn-effekte van die bewerkingsmetodes is. Die dekgewasse wat in die eerste fase gebruik is, word aangepas om gewasse in te sluit wat tans deur boere geplant word.

Drie jaar gelede is begin om geïntegreerde bestuursprogramme vir grondgedraagde siektes te ontwikkel. Daar is gefokus op die relatiewe toleransie van die mees gewilde kultivars teen patogene wat bruinskurf, poeierskurf, knopwortelaalwurm en sagtevrot-swartstam insluit. In glashuis- en veldproewe, is die mees tolerante- en mees vatbare kultivars teen die siektes geïdentifiseer. Geen kultivar het toleransie teen knopwortelaalwurm nie en ongelukkig is dieselfde kultivars nie tolerant teen verskillende patogene nie. Hierdie inligting sal egter goed gebruik kan word om die risiko van grondgedraagde siektes te identifiseer en bestuur te verbeter.

Omdat die bemestingsriglyne wat tans gebruik vir ou kultivars ontwikkel is, moes die vraag gevra word of dit nog geldig is vir moderne kultivars. Resultate van die vorige drie jaar het bevestig dat die riglyne steeds geldig is, maar omdat die nuwe kultivars 'n baie hoër opbrengs het as die oues, is die totale hoeveelheid bemesting wat toegedien word, meer as vir die ou kultivars.

## Kennisoordrag

### Aartappelnavorsingsimposium – Julie 2016

Die Aartappelnavorsingsimposium - 2016 het op 26 en 27 Julie by Klein Kariba, naby Bela-Bela plaasgevind. Wetenskaplikes het terugvoering gegee oor die huidige stand van aartappelnavorsingsprojekte wat deur die PIDT en ander instansies befonds word (meer as 30 aanbiedings is gemaak). Aartappelwerkgroepe het ook geleentheid gehad om verslag te doen oor die uitslae van die 13 proewe wat gedurende die voorafgaande jaar deur hulle onderneem is. Agt aanbiedings is deur nagraadse studente gelewer.

Dr Mike Storey (UK Potato Council) het 'n oorsig gegee oor die bestuur van navorsing in die Verenigde Koningryk. Dr Ben Pieterse (McCain Foods SA) het sy indrukke oor die effek van droogte van 2015/2016 op aartappelproduksie gegee.

Die simposium is deur 170 persone bygewoon en het ingesluit: aartappelprodusente, verteenwoordigers van insetverskaffers, verteenwoordigers van navorsings- en aartappelverwante instansies en nagraadse studente.

Toekennings vir beste aanbiedings is gemaak. Prof Lucy Moleleki het die toekenning vir Navorsers vir haar aan-bieding: "Screening of soft rot tolerance in potato cultivars", ontvang. Mnr Pieter Brink (Voorsitter: Sandveldwerkgroep) het 'n werkgroep toekenning vir sy aanbieding oor die kultivar evaluasieproef op Aurora ontvang. Die trofee vir die Beste Bywoning is deur die Sandveld gewen. Me Carmen Muller het die prys vir die Beste Student Aanbieding gewen.

### CHIPS-artikels

In die verslagjaar het 15 tegniese artikels en 12 verslae van aartappelwerkgroepverslae in CHIPS verskyn. Almal is op die webwerf beskikbaar ([www.potatoes.co.za/research/chips-articles](http://www.potatoes.co.za/research/chips-articles)).

### Finale verslae

Drie verslae is voltooi en is op die webwerf beskikbaar ([www.potatoes.co.za/research/final-reports](http://www.potatoes.co.za/research/final-reports)):

1. Resource use efficiencies and risks associated with potato production in South Africa
2. Inclusion of PCR methodology in the potato laboratory services' procedural identification of *Ralstonia solanacearum*
3. Investigations into integrated control strategies for the potato tuber moth

### Kursusse en werkwinkels

1. Besproeiingskedulering: Die tweedaagse kursus is in 2016/2017 op vier verskillende geleenthede aangebied en is deur altesaam 55 persone bygewoon.

### Feiteblaie

1. Die volgende feiteblaie is saamgestel
  - Alternaria-siektes
  - Na-oesverlies
2. 'n Handleiding, Beskrywing van 16 insekplaë in Suid-Afrika, is gepubliseer.
3. 'n Bundel met Chips-artikels oor Opslagaartappels is gepubliseer

Die gedrukte weergawes is verkrygbaar by Aartappels Suid-Afrika se hoofkantoor en streekkantore. Dit is ook elektronies beskikbaar op Aartappels Suid-Afrika se webwerf ([www.potatoes.co.za/research/fact-sheets](http://www.potatoes.co.za/research/fact-sheets)).

## BEMARKINGSAFDELING

Die bemarkingsafdeling van ASA rus op twee pilare. Die eerste pilaar, Generiese Produkbevordering (GPB) behels projekte wat daarop gemik is om vraag in die plaaslike mark te stimuleer deur middel van klassieke produkbevorderingmengselemente van massagedrewe reklame, openbare betrekkinge en digitale bemarking. Die tweede pilaar, Marktoegang en -ontwikkeling (MAD) streef daarna om die totale aartappelmark deur markontwikkeling en markpenetrasiestrategieë uit te brei.

Die primêre teikengroep vir alle bemarkingsinisiatiewe word geïdentifiseer as verbruikers in die middelinkomste-groep wat in stedelike Suid-Afrika woon. Gegewe die steeds groterwordende omvang van hierdie segment, bied hierdie mark sonder twyfel 'n skatkis van goue geleentheid wat benut moet word.

Die aartappelbedryf vergestalt die beginsels van 'n vryemark. So word pryse in die bedryf bepaal deur die interaksie van vraag en aanbod. In die lig daarvan bly dit die mandaat van ASA (NWM) se bemarkingsafdeling om te verseker dat die belofte wat aan die eindverbruiker gemaak word ten opsigte van die produkte en voordele nie net bepaal word deur prys nie, maar ook waarde vir geld.

Aartappels in hulle natuurlike vorm hou groot voedingswaarde in. As dit korrek voorberei word, dit wil sê, gebak, gekook of gerooster en gesond gebruik word, kan aartappels sorg vir die inname van daaglikse vitamienes en minerale soos kalium, chroom en yster.

### Bemarkingskomitee

Verwys na Tabel 13 hieronder vir die Bemarkingskomitee gedurende die verslagjaar.

Tabel 13: Bemarkingskomitee

NAAM	VERTEENWOORDIG
Mnr Rudi Heinlein	Voorsitter Noordelike Streek (Limpopo)
Mnr Joos Engelbrecht	Visevoorsitter Suidelike Streek (Sandveld, Oos-Kaap, Ceres, Suid-Kaap en Suidwes-Kaap)
Mnr Mike Green	Oostelike Steek (KwaZulu-Natal, Oos-Vrystaat, Noordoos-Kaap)
Mnr Nicolaas Lourens	Oostelike Steek (KwaZulu-Natal, Oos-Vrystaat, Noordoos-Kaap)

NAAM	VERTEENWOORDIG
Mnr Johan van den Heever	Noordelike Streek (Mpumalanga, Gauteng, Loskopvallei)
Mnr Werner du Plessis	Westelike Streek (Noordwes-Kaap, Noord-Kaap, Wes-Vrystaat, Suidwes-Vrystaat)
Mnr Tiekie de Kock	Voorsitter: Nasionale Moerekomitee
Mnr Deon van Zyl	Instituut vir Markagente Suid-Afrika (IMASA) Alternatief: Mike Cordes
Me Tutti Rudman	Suid-Afrikaanse Nasionale Verbruikersunie (SANV)
Me Mathilda van der Walt	Nasionale Landbou Bemarkingsraad (NLBR)
Vakant	Potato Industry Development Trust (PIDT)
Mnr Elvis Nakana	Departement van Landbou, Bosbou en Visserie (DLBV)
Mnr Mothlanke Tladi	SA Informele Handelaarsvereniging (SAIH)
Mnr André Young	SA Unie van Voedselmarkte (SAUVM)
Me Francina Makhoane	Suid-Afrikaanse Raad vir Verbruiksgoedere (SARVG)
Vakant	Verwerkersforum

### Generiese Produkbevordering (GPB)

Gedurende die 2016/2017-finansiële jaar, is die implementering van 'n nuwe strategiese rigting vir die plaaslike generiese produkbevordering van aartappels bekendgestel. Daar is wegbeweeg van verkoopspromosies, persoonlike bemarking en handelsuitstallings na televisie-, radio- en gedrukte mediaveldtogte, ondersteun deur sosiale media en openbare betrekkinge. Die strategie wat gebruik is, is om geteikende verbruikersegmente te bereik op 'n wyse wat indruk maak. Die logika agter die strategie is om die verhoogde aankoop van aartappels oor alle toevoerkettings heen, aan te moedig.

Die slagspreuk wat vir alle veldtogte gegeld het, was: Klassieke heilsaamheid uit die grond.

*Waarom KLASSIEKE heilsaamheid?*

Vars aartappels kom reeds meer as 16 000 jaar saam met die mensdom en bly een van die wêreld se mees geliefde

voedselsoorte. As gevolg van die feit dat baie mense so gewoon geraak het aan aartappels, kan die intrinsieke waarde van aartappels ietwat uit die oog verloor word. Die nuwe hersiene strategie het dit ten doel om dit as 'n perfekte en geskikte vervanging vir koolhidrate voor te hou, terwyl dit ook as die nommer een groente voorgestel word. Die kern van die strategie is om 'n liefde vir aartappels te laat herleef en te herinner aan die rol wat aartappels in die globale voedselstelsel speel, asook om die reputasie van die produk as 'n gesonde, voedingsdigte en gesonde kos te herstel. Kernboodskappe wat tydens GPB-veldtogte oorgedra is, was:

- Aartappels is veelsydig - dit kan by baie verskillende kookprosesse en geleenthede aanpas of aangepas word.
- Aartappels is moeitevry – dit sorg vir die heerlikste maaltye sonder groot insette en dit is maklik om voor te berei.
- Aartappels is gevul met voedingstowwe – gebak, gekook of gerooster – die voedingsinhoud is hoër as wat met die oog gesien kan word. Dit gaan nie oor die aartappel nie... dit gaan oor die voorbereiding en die eet daarvan!
- Aartappels het 'n hoë koolhidraatinhoud. Koolhidrate is die liggaam se energiebrandstof. Energie verskaf lewenskrag.

## Agenda vir Generiese Produkbevorderingsaksie

Die konsep #WTP (Where's The Potato?) is in Augustus 2016 ingestel. Die konsep poog om die akroniem in die konteks van aartappels te gebruik en op dié wyse 'n innemende, prettige en hedendaagse manier daar te stel om met verbruikers kontak te maak. Die strategie volg die AIDA- (Aandag, Belang, Gewildheid, Aksie) reklame- en bemerkingsmodel met 'n drie-dimensionele benadering wat drie vrae vra:

1. #WTP: Waar is die aartappel (**Where is The Potato?**)  
Die vraag vang die aandag op briljante wyse vas en wek belangstelling deur die loods van 'n buitengewone advertensieveldtog waarin klassieke etes wat goed by aartappels aanpas, maar sonder die aartappel, ten toon gestel word. Die veldtog het daarin geslaag om verhoogde bewustheid aan te wakker oor aartappels as 'n ware klassieke heilzaamheidsproduk wat etes afrond soos Vis & \_\_\_\_\_?.
2. In die laaste gedeelte van 2016, is die tweede fase van die veldtog van stapel gestuur met 'n vraag aan Suid-Afrikaners, #WTP. Hoekom die aartappel (**Why The Potato?**) Om 'n gunstige ingesteldheid jeens die produk te skep, is 'n sterk saak uitgemaak deur opvoedkundige artikels wat deur die wetenskap gerugsteun word, asook insette deur gesondheidswerkers en resepte wat deur professionele sjefs en koskenners ontwikkel

is. Dit het aanleiding gegee tot ASA se volgingstal op sosiale media en die toename in die verkeer na die verbruikerswebblad.

3. Die laaste been van die #WTP-konsep is in Mei 2017 geïmplementeer in 'n poging om die ware DNS van aartappels te verskaf wat tot verhoogde per kapita verbruik sal lei.

'n Suksesvolle televisieveldtog met #WTP is oor die gewildste programme en kanale van die SABC uitgesaai, waardeur meer as 60 miljoen kykers binne LSM 3-7 bereik is, aldus eTelmar, Post Campaign en Tams.

Om die #WTP-veldtog oor die radio bekend te stel, is oor 'n tydperk van twee weke in September 2016 gebruik gemaak van die SAUK se Afrikataalstasies. Om te verseker dat die radioveldtog op korrek verteenwoordigende teikengehore gerig is, is 'n verskuiwing na Metro FM gemaak, met die tweede en derde uitgawes van #WTP wat in Mei en Junie 2017 op lug gegaan het. Gebaseer op die gerapporteerde luisteraantal van die verskillende stasies en voornemende uitsendings, wil dit voorkom asof die radioveldtog 'n klinkende sukses was met 'n gesamentlike luisteraantal van byna 30 miljoen.

Die radio- en televisieveldtogte is sterk ondersteun deur tydskrifadvertensies ter ondersteuning van die boodskappe wat oorgedra is en om te verseker dat alle promosie-instrumente geïntegreer is, kan saamwerk en in harmonie is. Daar is beplanning gedoen ten opsigte van die massagedrewe reklame om te verseker dat alle kommunikasiekanale en -gereedskap uit een mond praat.

## 'n Vinnige Blik op ander Projeksuksesse

'n Aantal projekte is in die jaar onder oorsig ontwikkel om belangrike gebiede van groei en ontwikkeling onder GPB en MAD aan te spreek. Sovêr dit GPB-veldtogte aangaan, bly dit baie belangrik te wees om 'n deurlopende vloei van huidige, beter en feitelike inhoud te verseker. As sodanig, het die afdeling nou saamgewerk met gesondheidswerkers, sjefs en media- en reklame-agentskappe om die positiewe eienskappe van die produk op 'n praktiese wyse sigbaar te maak.

## Gesondheid en Voeding

Alle voedingsartikels, aanbiedings en demonstrasies is uitgevoer in noue samewerking met geregistreerde dieëtkundiges, professionele sjefs en leiers in gesondheid- en voedingdenkrygings. 'n Navorsingstudie wat aggressief deur middel van openbare betrekkinge en sosiale media bedryf is, is getiteld: **Gesonde eetgewoontes**

## **vir die bestuur van kardiovaskulêre siekte.**

*Seutelvoedingsfaktore in die bestuur van kardiovaskulêre siekte.* Dit het handig te pas gekom by die posisionering van aartappels as 'n hartgesondheidsprodukt. 'n Aspek wat in 2017/18 verder deur die Hart- en Beroertestigting van Suid-Afrika ondersoek sal word.

## **Resepontwikkeling**

Suid-Afrika se beste sjefs is betrek om klassieke, maar hedendaagse aartappelresepte te ontwikkel wat tans op die verbruikerswebwerf ([www.potatonation.co.za](http://www.potatonation.co.za)) gepubliseer word onder interessante opskrifte soos Hartgesondheidshappies, Smul en Brul en warm etes, om maar enkeles te noem. By die ontwerp van die resepte is moeitevrye voorbereiding, voeding, produk veelsydigheid en waarde vir geld in gedagte gehou. Die resepte het geblyk 'n groot bron van gesprekvoering en betrokkenheid op sosiale media tot gevolg te hê.

As deel van die groeiende reseptebank, het Aartappels Suid-Afrika die eerste ooit Spud Master Challenge in samewerking met die Capital Hotelskool aangebied. Dit is 'n opwindende inisiatief met studentesjefs wat die organisasie die geleentheid gebied het om sy verhouding met kookskole te herstel en met die jeug kontak te maak deur 'n kookkompetisie wat aspirant-sjefs geïnspireer en beloon het om innoverende spud-geïnspireerde etes daar te stel.

## **Openbare Betrekkinge**

Verskeie tussenkomste deur Openbare Betrekkinge is deur die loop van die oorsigjaar uitgevoer. Die waarde van sowel toevallige as interngedrewe dekking is op 30 Junie 2017 op R4 miljoen geskat met die Desember 2016- en Junie 2017-veldtogte wat die grootste media blootstelling behaal het teen onderskeidelik R312 660.66 en R351 831.24.

## **Sosiale Media / Digitale Bemarking**

Met die sosiale media wat veld wen as 'n reklamehulpmiddel waarmee rekening gehou moet word, was die hoofdoelwit vir die finansiële jaar onder oorsig om te verseker dat alle gevestigde sosiale media-platforms (Facebook, Twitter en Instagram) die pogings wat aangewend word om aartappels aan die eindverbruiker te bevorder, versterk deur inhoud van beter gehalte te plaas wat sal bydra tot:

1. die bou en groei van 'n aartappelnasie sosiale gemeenskap,
2. wat die produk se sosiale waarde sal versterk; en
3. die handelsmerk/produkt se gebruikswaarde bou.

Alle sosiale media platforms dien as 'n belangrike opvoedkundige kanaal in die finansiële jaar 2016/17.

Alhoewel die volgende stabiel en onveranderd gebly het, het die vlak en graad van betrokkenheid by ons volgingstal van 54 000 sterk toegeneem.

## **MARKTOEGANG EN ONTWIKKELING**

Vir die 2016/2017 finansiële jaar het dit duidelik geword dat die omgewing waarbinne produsente werksaam is, moeiliker raak as gevolg van onbeheerbare kragte soos wisselvallige weerstoestande, verswakkende geldeenheid, politieke onstabieleit, sowel as die steeds veranderende gesig van die verbruiker. Die verbruiker van die 21<sup>ste</sup> eeu is kundiger, wyser en het makliker toegang tot inligting as ooit tevore. Dit het die bemarkingsafdeling aangespoor om deur die oë van die verbruiker na gehaltekweesies te kyk, markwerksaamhede op nasionale vlak deur Project Rebirth en handelsvraagstukke gemik op die beskerming van die plaaslike bedryf te ondersoek, terwyl die verbetering van die standaard van handel binne en buite die Republiek van Suid-Afrika daargestel word.

## **Voedselveiligheid en Gehalteversekering**

Die verkoop van aartappels (plaaslik en/of op buitelandse markte) word beheer deur die Wet op Landbouprodukstandaarde 119 van 1990. Onlangs het die klassering, verpakking, merk en etikettering van aartappels onder die vergrootglas gekom en daar is 'n beroep op die Bemarkingsafdeling gedoen om die Wet op Landbouprodukstandaarde 119 van 1990 te hersien vir relevansie en moontlike veranderinge. In die 2016/2017 **finansiële** jaar, het ASA 'n proses aan die gang gesit om die standaard vir plaaslike en uitvoeraartappels te harmoniseer. Dit is 'n deurlopende proses waarin veral aandag geskenk sal word aan die aspekte soos in die Wet vervat:

- Standaard Wetdefinisies;
- Aartappelklassifikasie;
- Bemarkingsvereistes vir aartappels;
- Verpakkingsvereistes vir aartappels;
- Palletiseringsvereistes vir aartappels;
- Aartappelgewigsverlies;
- Gehalteindeks

Baie veranderinge het in die afgelope dekade en 'n half plaasgevind, waaronder aartappelvariëteite en die grootte van aartappels, maar tog is standaard wat amper drie dekades gelede van krag was, nie vir die relevansie daarvan ondersoek nie. Die Harmonisering van Aartappelstandaarde is 'n projek wat poog om relevansie te bevestig om sodoende nakoming te verseker.

## Herlewing van Nasionale Vars Produkte Markte

Die Kodes vir Beste Praktyke (KvBP) vir Nasionale Varsproduktemarkte (NVPM) is ontwerp nadat dit duidelik geword het dat verskeie nasionale varsproduktemarkte ondoeltreffend bedryf word. Pilare wat, onder andere, as baie belangrik beskou word vir die verbetering van doeltreffendheid en werksaamhede van NVPM, is:

- Menslike kapitaal ontwikkeling
- Besendingbeheer
- Risiko en finansiële bestuur
- Infrastruktuur

Alhoewel groot vordering gemaak is sedert die bekendstelling van die KvBP om die werksaamhede van swak markte te hergroepeer en te verbeter, is dit duidelik dat sommige markte sukkel om aan die praktyke te voldoen. Met dit in gedagte sal Aartappels Suid-Afrika se betrokkenheid toenemende vordering teweeg bring omdat die aartappels toenemend waarde tot die sektor

en die BBP toevoeg. Die verswakking van werksaamhede by een mark kan onopsetlike sosio-ekonomiese probleme vir die bedryf inhou. Die projek sal oorgaan na die nuwe **finansiële** jaar en 'n baie aggressiewer benadering sal gevolg word.


## Aartappelvoorraadoudits

Raad van Landbouprodukte-agente (APAC) doen voorraadoudits op varsproduktemarkvloere om:

- Deursigtigheid in die markomgewing te verhoog;
- Werklike markwaarde, wat op 'n gelyke speelveld bepaal is en ooreenkomstig die vereiste reëls en regulasies vasgestel is, te bepaal, en
- Bespeur en voorkom enige potensiële finansiële risiko vir die produsent betyds.

Aartappels Suid-Afrika, in noue samewerking met APAC, het daarin geslaag om teenstrydighede op die voorraadblad te verminder, soos aangedui in die onderstaande grafiek:

Figuur 9: APAC Aartappelvoorraadoudits



Sodanige intervensies word gedoen om produsente teen onetiese agente-/agentskapwerkzaamhede wat tot finansiële verliese vir die produsent kan lei, te beskerm.

### **SANS 1756: 'n Nuwe Papierspesifikasie vir Aartappelverpakking**

Goeie verpakking beskerm die produk teen benatting, verhitting en kneusing. Aartappels Suid-Afrika het, in samewerking met papiervervaardigers, 'n nuwe papierspesifikasie vir aartappelverpakking aan die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS) voorgelê. Die nuwe spesifikasie is deur die bedryf goedgekeur. Ten tyde van die opstel van die verslag, is gewag op openbare kommentaar waarvoor 'n sluitingsdatum in Augustus 2017 geskeduleer is. Indien geen besware van die publiek ontvang word nie, sal die nuwe spesifikasie in werking gestel word.

### **Uitbreidingstrategie vir die Buitelandse Mark**

Om 'n volhoubare, groeiende en florerende Suid-Afrikaanse aartappelbedryf te ontwikkel, vereis sterk markuitbreiding, wat ook bekend staan as markontwikkeling. Die DLBV, en spesifiek die Direktooraat: Internasionale Handel, het 'n

studie voltooi wat uitvoergeleenthede vir groente na Afrika ondersoek het. Die doel van die studie is om uiteindelik 'n Afrika-strategie vir die Suid-Afrikaanse groentesektor te ontwikkel. ASA en die *Produce Marketing Association* het nou saam met die DLBV gewerk om 'n industriewye werksinkel te hou om die resultate van die studie te bespreek. Die gesamentlike studiedoelwitte word soos volg geformuleer:

1. Om voorkeuruitvoermarkte per produk en land te identifiseer – waar daar geleenthede is;
2. Om produksieuitbreidingsgeleenthede te identifiseer wat verband hou met werk, waterverbruik en geografiese lugkaarte;
3. Om beter begrip te kry van die rol wat waardetoevoeging en verwerking speel;
4. Om produsente uitvoergereed te kry om by te dra tot die land se werkskeppingsdoelwitte vir 2030; en
5. Om produksiedata op die grafiese inligtingstelsel (GIS) te vergelyk – waar moontlik.

Met die sluiting van die verslagjaar, was ASA besig om te bepaal of so 'n studie aangepas kan word vir toepassing in die aartappelbedryf sodat die resultate heelwat meer van die ware geleenthede wat benut kan word, sal weerspieël.

# TRANSFORMASIE

Die doel van die Transformasie Kernbesigheid binne ASA is om die ontwikkeling van nuwe swart produsente wat belang het om kommersiële produsente te word, te verseker. Dit het ook ten doel om voedselsekerheid aan te spreek deur betrokke te raak by landelike gemeenskappe en hulle te help deur middel van demonstrasie lande waar hulle geleer word om aartappels ekonomies vir verbruik te plant.

ASA is die afgelope paar jaar betrokke by transformasieprojekte en die vordering is toenemend waarneembaar. Die aantal hektare aartappels wat met die ondersteuning van ASA deur swart produsente geplant word is aan die toeneem, en daar is produsente wat reeds geïdentifiseer is met die potensiaal om kommersieel te boer.

Gedurende die jaar onder oorsig het ASA op die volgende projekte ten opsigte van transformasie gefokus:

- Besigheidsontwikkeling
- Kleinboerontwikkeling
- Tersiêre vaardigheidspyllyn
- Plaas gebaseerde opleiding
- Kommoditeitsprojekte Toekenningskomitee / "Commodity Projects Allocation Committee" (CPAC) in die Wes-Kaap

## Transformasiekomitee

Verwys na Tabel 14 hieronder vir die Transformasiekomitee gedurende die verslagjaar.

Tabel 14: Transformasiekomitee

NAAM	VERTEENWOORDIG
Mnr Bernhardt du Toit	Voorsitter
Mnr Joseph Bantom	Suidelike Streek
Mnr Siseko Vikilahle	Suidoostelike Streek
Mnr Shadrack Mabuza (PIDT)	Oostelike Steek
Mnr Gift Mafuleka	Sentrale Streek
Mnr Gary Vorster	Aartappelprodusent (aangestel deur die Nasionale Raad van ASA (Vrywillig))
Vakant	Saadinsetverskaffer (soos genomineer deur die Nasionale Moerkwekerskomitee)
Mnr BM Mpyana	Nasionale Landbou Bemerkingsraad (NLBR)
Vakant	Potato Industry Development Trust (PIDT)

NAAM	VERTEENWOORDIG
Mnr Adam Mostert (Afgetree)	Kunsmisvereniging van Suid-Afrika (FERTASA)
Mnr Nomfundo Mthimunye	Vereniging van Veeartsenykundige en Gewasverenigings van Suid-Afrika (AVCASA)
Vakant	Verwerkers (Droeëskyfie sub-sektor)
Mnr Riaan Smit	Verwerkers (Slaptjip sub-sektor)
Mnr Stanford Manthata	Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV)

## Besigheidsontwikkeling

Gedurende die 2016/2017 finansiële jaar is meer as R5 miljoen gebruik vir die Besigheidsontwikkelingprogram, met die doel om te help met die opbou, ondersteuning en groei van lewensvatbare nuwe swart kommersiële aartappelproduserende, met die volgende doelstellings:

- Om 'n ekonomiese program te ontwikkel wat gemik is op volhoubare aartappelproduksie deur kleinboere om sodoende beskikbare grond te benut en te help om die maksimum voordeel van 'n geïntegreerde produksiestelsel te optimaliseer.
- Om kleinboere te ontwikkel om volhoubaar te groei en kommersieel te produseer op 'n volhoubare wyse.

Deur die Besigheidsontwikkelingprogram ondersteun ASA nuwe swart kommersiële aartappelproduserende al die afgelope sewe jaar. Die aanvanklike verbintenis met die produsente was dat ASA 1) saad van 3 tot 5 ha sal voorsien, 2) opleiding verskaf waar nodig, 3) tegniese ondersteuning bied en 4) die boer aan die bedryf blootstel deur die Nuwe Produsent Induksie (New Farmer Induction) inisiatief. Gekoppel aan die beskikbaarheid van begroting, was ASA ook daartoe verbind om 6 produsente per jaar vir 4 jaar op 'n glykskaalbasis te ondersteun (J1 = 100%, J2 = 75%, J3 = 50%, J4 = 25%).

Gebaseer op die ondersteuningsmodel hierbo beskryf, was daar 'n aantal uitdagings wat produsente ervaar het; waarvan die belangrikste toegang tot finansiering en masjinerie is. Die meganika van die bostaande model impliseer dat alle produsente wat aan die Besigheidsontwikkelingprogram deelneem, eie finansiering benodig vir chemikalieë, kunsmis, arbeid en ook toegang tot masjinerie. Bo en behalwe dit, moes hulle steeds bydra tot hul saadkoste deur die verloop van die jare. Gebrek aan eie finansiering om aartappels winsgewend en op volhoubare wyse te produseer, het die volgende tot gevolg gehad:

- Soos wat die produsente in die program gevorder het, het die aantal hektare afgeneem. Hulle het slegs toegang gehad tot saad wat deur ASA bygedra is en het selde eie bydrae tot saadkoste gemaak volgens die vereiste van die program.
- Die tonnemaat wat deur dié produsente vervaardig is, was nie gelykstaande aan hulle kommersiële eweknieë nie en dit kan, onder andere, toegeskryf word aan onvoldoende toediening van kunsmis en chemikalieë.
- Die boerderyonderneming was nie volhoubaar nie weens 'n gebrek aan tegniese kundigheid in aartappelproduksie.

Bogenoemde het veroorsaak dat ASA die program moes aanpas, met die fokus op die uitbreiding van hektare van bestaande produsente.

## Uitbreiding van bestaande produsente

Die Besigheidsontwikkelingsprogram het 'n groot toename gesien in terme van die skaal van boerdery. Gedurende hierdie finansiële jaar was die fokus op die uitbreiding van hektare van die produsente wat tans in die program is. Die einddoel van die Besigheidsontwikkelingsprogram is dat die deelnemende produsente op kommersiële vlak boer, vandaar die uitbreiding van hektare onder produksie van die bestaande produsente.

Deeglike assesserings is gemaak om produsente uit te sonder vir uitbreiding. Dit vereis dat 'n produsent toegang tot genoeg grond het en ook in staat is om die mede-finansiering wat nodig is te kan betaal ten einde te kan kwalifiseer vir uitbreiding. Vier (4) Limpopo-produsente is uitgebrei met een boer wat na 25 ha uitgebrei is, terwyl hy op sy eie nog 30 hektaar addisioneel handhaaf. In die Gauteng-gebied kon ASA een produsent uitbrei van 10 ha na 15 ha. Al hierdie ondernemings het bewys om 'n sukses te wees.

## Skakeling met ander rolspelers

Daar is baie moeite en tyd geïnvesteer om te verseker dat skakeling met ander rolspelers in die bedryf plaasvind. ASA het baie hard gewerk om vennootskappe met verskillende organisasies wat 'n rol kan speel om die Besigheidsontwikkelingsprogram volhoubaar te maak, te bewerkstellig. Produsente ontvang slegs ondersteuning in terme van saad, opleiding en mentorskap en hierdie vennootskappe sal hulle toelaat om toegang te verkry tot die ander hulpbronne wat benodig word.

ASA het in vennootskap met NTK in die Limpopo-gebied gegaan en suksesvol befondsing van die Werkverskaffingsfonds verkry waarvan vier (4) produsente voordeel trek uit fondse ontvang. NTK is ten volle betrokke by die implementering van hierdie projekte

en al hierdie produsente het toegang tot al die nodige hulpbronne. Die verhouding met NTK het ook deure vir die meeste produsente in Limpopo oopgemaak, aangesien hulle nou toegang het tot insette op krediet van NTK indien nodig. Dit was 'n groot uitdaging in die verlede waar produsente gesukkel het om krediet te bekom, wat negatief op hul volhoubaarheid geïmpakteer het.

Welkom produsente in die Vrystaat het ook voordeel getrek uit die skakeling wat ASA met die Vrystaatse DLBV het. ASA het slegs saadondersteuning verskaf en die DLBV het die produsente bygestaan met chemikalieë, kunsmis en masjinerie. Die DLBV het ook 'n bydrae gelewer tot die produsente se verantwoordelikheid ten opsigte van die saadkoste. Hierdie bydrae is verwelkom deur die produsente wat nie in die vorige seisoen kon plant nie weens droogte in die gebied.

## Kleinboerontwikkelingsprogram

Die Kleinboerontwikkelingsprogram is gemik op gemeenskappe wat aartappels hoofsaaklik vir voedselsekerheid plant, met die oorblywende opbrengs wat aan die omliggende gemeenskap verkoop word. Die hoof doelwitte van die Kleinboerontwikkelingsprogram is:

- Om produksie- en besigheidsinligting deur middel van proewe te versprei.
- Om produsente praktiese opleiding te bied aangaande goeie aartappelproduksiepraktyke.
- Om kultivar- of demonstrasieproewe aan te wend as 'n wyse van onderrig, opleiding en disseminasie om belangrike produksie-inligting wat nodig is vir suksesvolle aartappelproduksie oor te dra.

'n Bedrag van R233 000 is bestee aan Kleinboerontwikkeling in KwaZulu-Natal, Oos-Kaap en die Wes-Kaap. Die Kleinboerontwikkelingsprogram ontvang baie ondersteuning van die DLBV in hierdie provinsies. Sewentien (17) projekte is gedurende die oorsigjaar ondersteun en elke inligtingsdag is deur gemiddeld 60 mense bygewoon, waardeur meer as 'n duisend (1000) aangewese mense kon baat vind.

## Tersiêre Vaardigheidspyllyn

Die PIDT ken jaarliks beurse toe aan verdienstelike studente wat in 'n landbouverwante kwalifikasie met die klem op die aartappelproduksie studeer. Die voorgraadse beursprogram is hoofsaaklik daarop gemik om die vaardighede van jong talentvolle studente in bestaande aartappelondernemings te ontwikkel. Hul ontwikkeling word gedoen deur middel van tersiêre onderrig aan universiteite en landboukolleges.

Die nagraadse beursprogram daarteenoor het ten doel om te verseker dat daar genoeg nagraadse studente is vir

die relevante navorsingsareas wat die bedryf raak, asook om die bedryf se poel van toepaslike gekwalifiseerde wetenskaplikes te verhoog. Die Navorsings- en Ontwikkelingskernbesigheid, tesame met die Transformasie Kernbesigheid is gesamentlik verantwoordelik vir befondsing en identifikasie van die nagraadse studente. Die Tegnologie- en Menslike Hulpbronne vir Nywerheidsprogram (“Technology & Human Resources for Industry Programme (THRIP)”), ‘n gesamentlike vlagskip-navorsings- en ontwikkelingsprogram van die

Departement van Handel en Nywerheid en die Nasionale Navorsingstigting (“NRF”) het R1 miljoen oor drie jaar bygedra tot die Tersiêre Vaardigheidspylpynprogram. Verder het die sukses van die program oor die afgelope jare ook gelei tot ‘n stuwing in die befondsing van R750 000 deur AgriSETA vir beurse.

Gedurende 2016/2017 is die volgende beurse toegeken aan studente by verskillende instansies regoor Suid-Afrika:

Tabel 15: Voorgraadse studente (Nuwe studente 2017)

	Naam	Studierigting	Instansie
1	Mnr Thato Taelle	Nasionale Diploma: Landbou Bestuur	Sentrale Universiteit van Tegnologie: Vrystaat
2	Me Tumediso Frumentia Mapudi	Nasionale Diploma Landbou: Gewasproduksie	Tshwane Universiteit van Tegnologie
3	Me Thato Friedah Somo	Diploma in Landbou: Gemengde Boerdery	Potchefstroom Landbou Kollege
4	Me Welile Mlando Dlamini	BSc in Landbou: Agronomie	Universiteit van Zululand
5	Me Jabulile Nxumalo	BSc in Landbou: Agronomie	University of Zululand
6	Me Mahlatse Motlanthi	BSc in Landbou: Grondkunde	Universiteit van Limpopo
7	Me Sinovuyo Magwebu	BSc in Landbou: Gewasse - Tuinbou	Universiteit van of Fort Hare

Tabel 16: Huidige studente (2016 en vroeër)

	Naam	Studierigting	Instansie
1	Me Kamogelo Eugina Leburu	Nasionale Diploma: Landbou Bestuur	Sentrale Universiteit van Tegnologie: Vrystaat
2	Me Mamotshabo Malebogo Rachel Rakgwale	Nasionale Diploma: Landbou Bestuur	Sentrale Universiteit van Tegnologie: Vrystaat
3	Mnr Sthembiso Cele	Nasionale Diploma in Landbou: Plantproduksie	Mangosuthu Universiteit van Tegnologie
4	Me Zama Siyethemba Nyathi	Nasionale Diploma in Landbou	Mangosuthu Universiteit van Tegnologie
5	Mnr Thabo Emmanuel Thomas Thubane	Diploma in Landbou: Gemengde Boerdery	Potchefstroom Landbou Kollege
6	Mnr Kgolofelo Clifford Moshiana	Diploma in Landbou: Gemengde Boerdery	Potchefstroom Landbou Kollege
7	Me Lavhelani Tshilongo	Diploma in Landbou: Gemengde Boerdery	Potchefstroom Landbou Kollege
8	Mnr Ofentje Khaphola	Nasionale Diploma: Landbou Bestuur	Universiteit van Mpumalanga
9	Mnr Kemi Kgaume Makonko	Nasionale Diploma in Landbou: Plantproduksie	Universiteit van Mpumalanga
10	Me Rebotile Sophy Thaba	BSc Agric: Grondkunde	Universiteit van Venda
11	Mnr Xolani Hlatswayo	BSc Agric: Agronomie	Universiteit van of Zululand
12	Mnr Loyola Gauzela	BSc Landbou: 4-jaar graad	Universiteit van Zululand
13	Mnr Mhlengi Sboniso Khambule	BSc Landbou	Universiteit van Zululand

## Nagraadse studente

Tabel 17: Nagraadse studente (2017)

	Naam	Instansie	Studierigting	Jaar van Studie
1	Mev Carmen Muller (nee van Niekerk)	Universiteit van Pretoria	PhD:Voedingkunde	PhD 2
2	Me Nikki Miguel	Universiteit van Pretoria	MSc Mikrobiologie	Meesters 1
3	Mnr Alessandro Rino Gricia	Universiteit van Pretoria	MSc Mikrobiologie	Meesters 1
4	Mnr Xola Ngceni	Universiteit van Fort Hare	BSc Landbou Honneurs: Gewaswetenskappe	Honneurs
5	Mnr Innocent Noah Mazibko	Tshwane Universiteit van Tegnologie	M-Tech Landbou	Meesters 2
6	Me Kgothatso Andronicah Chauke	Tshwane Universiteit van Tegnologie	M-Tech Bioteegnologie	Meesters 1
7	Mnr Tlangelani Nghondzweni	Tshwane Universiteit van Tegnologie	D-Tech Landbou	PhD 2
8	Mnr Sifiso Njabulo Mhlongo	Universiteit van Kwa-Zulu Natal	MSc Agric: Gewaswetenskappe	Meesters 1

Tabel 18: Nagraadse studente (2016 en vroeër)

	Naam	Instansie	Studierigting	Jaar van Studie
1	Me Ntombikayise Precious Nkomo	Universiteit van Pretoria	Plantpatologie en Mikrobiologie	PhD 2
2	Mnr Stefan Priem	Universiteit van Pretoria	BSc Mikrobiologie	Meesters 3
3	Me Lutendo Nally Muelelwa	Universiteit van die Vrystaat	MSc Agrometeorologie	Meesters 3
4	Mnr Present Sikhulile Gininda	Noordwes-Universiteit	MSc Landbou-ekonomie	Meesters 3

## Internskappe en werkplekondervinding

Die Internskapprogram is primêr daarop gerig om ervaringsopleidingsgeleenthede aan beursontvangers te bied wie se studierigtings praktiese opleiding en blootstelling as deel van hul kwalifikasie vereis. Die werkplekprogram is daarop gerig om studente die geleentheid te bied om werkplekervaring te bekom om sodoende hul kans op werksgeleenthede te verbeter. ASA het 'n addisionele bedrag van R180 000 ontvang vanaf die AgriSETA vir die Internskapprogram. Die volgende studente is op 'n internskapsprogram geplaas:

Tabel 19: Studente op internskapsprogramme

	Naam	Internskap	Vorige werkgewer
1	Me Dimakatso Moiloa	Prokon - Pretoria	Potato Seed Production
2	Mnr Ndzudzeni Madia	Prokon - Pretoria	Potato Seed Production
3	Mnr Thabo Emmanuel Thomas Thubane	Calby Farming	1 <sup>ste</sup> jaar internskap
4	Mnr Kgolofelo Clifford Moshiana	Potato Seed Production	1 <sup>ste</sup> jaar internskap
5	Me Lavhelani Tshilongo	Potato Seed Production	1 <sup>ste</sup> jaar internskap
6	Mnr Sthembiso Cele	Potato Seed Production	1 <sup>ste</sup> jaar internskap
7	Mnr Kemi Kgaume Makonko	Potato Seed Production	1 <sup>ste</sup> jaar internskap

## Plaasgebaseerde Opleiding

### Besigheidsontwikkeling

Na aanleiding van die vaardigheidsoudit wat in 2014/2015 gedoen is, waarin sommige vaardigheidstekorte / gapings onder Besigheidsontwikkelingsprodusente uitgewys is, het finansiële bestuursopleiding in die volgende provinsies plaasgevind:

- KwaZulu-Natal
- Oos-Kaap
- Limpopo

Gebaseer op 'n meningsopname deur middel van 'n evaluasievorm, is die opleiding goed ontvang deur produsente. Produsente het aangedui dat hulle gereeld hierdie tipe opleiding in die vorm van opknappingskursusse benodig. Hulle het ook aangedui dat hulle nog verdere opleiding benodig ten opsigte van ander aspekte van die boerderybedryf om seker te maak dat hul besigheidsonderneming 'n sukses is.

### Opleiding van werknemers van kommersiële produsente

ASA, deur middel van die Transformasie Kernbesigheid, in voortsetting van die samewerkingsooreenkoms met

AgriSETA, verseker dat werknemers van kommersiële produsente opleiding ontvang. 'n Bedrag van R500 000 is van AgriSETA ontvang en is in die verskillende streke gebruik vir die volgende opleidingskursusse:

- Vurkhyser operateur
- Vurkhyser opknapping
- Gesondheid en veiligheid
- Leierskap vir hoop

AgriSETA het weereens 'n bedrag van R499 575.00 vir die 2017/2018 finansiële jaar goedgekeur. ASA Streeksbestuurders sal help om die opleiding in die streke waarin hulle werksaam is, uit te rol.

### Kommoditeitsprojek Toekenningskomitee in die Wes-Kaap

ASA speel steeds 'n leidende rol in die Kommoditeitsprojek Toekenningskomitee, 'n inisiatief van die Wes-Kaapse DLBV. Die hoof rol van hierdie komitee is om fondse toe te ken aan groenteprojekte wat aan die gestelde kriteria voldoen. Gedurende die oorsigjaar is R10 miljoen deur hierdie komitee aan kwalifiserende groenteprojekte versprei. Die betrokkenheid van die kommersiële aartappelprodusente was waardevol aangesien hulle praktiese ervaring ter tafel kon lê wat bydra tot besluitneming en goedkeuring van befondsing.



# BEDRYFSDIENSTE

ASA se Afdeling: Bedryfsdienste, is verantwoordelik vir die lewering van 'n omvattende streeksverwante diens aan aartappelprodusente. Bedryfsdienste dien nie net as skakel vir tweerigting-kommunikasie tussen aartappelprodusente en ASA nie, maar ook as verlengstuk vir die organisasie se kernbesigheidseenhede. Die vyf strategiese geplaaste streekkantore, het die betrokke onderstaande dienste aan 16 produksiestreke gelewer:

- Plaasbesoeke
- Markbesoeke
- Impakmeting-besoeke (IRD)
- Vergaderings / Inligtingsdae
- Vergadering-bywoningsyfer

## Streeksdienste

Gedurende die verslagtydperk was streekkantore verantwoordelik vir die vestiging en instandhouding van die nodige strukture en platforms op streeksvlak. Dit sluit alle Streeksbestuur-, Substreeks- en Aartappelwerkgroepvergaderings in. Boere-, Inligtings- en Navorsingsdae wat as platforms vir aartappelprodusente en ander rolspelers dien om byeen te kom en sake van gemeenskaplike belang te bespreek, is ook aangebied. Tydens hierdie geleenthede word inligting ontvang en uitgeruil en besluite geneem wat verband hou met streeks- en nasionale aangeleenthede. Streekspersoneel dien as verlengstukke van ASA se kernbesighede met betrekking tot die uitvoer van kernbesighedsverwante aktiwiteite in aartappelproduksiestreke met die klem op kommunikasie en tegnologieoordrag. Bykomend tot produsentevergaderings maak persoonlike besoeke aan produsente deur streekspersoneel 'n belangrike deel van dienslewering uit. Die korrektheid van produksiestatistieke word tydens hierdie besoeke geverifieer en daar word geleenthede geskep vir die volgende:

- Oordrag van produksie- en bemarkingstendense gebruik deur produsente om hul plant-, oes- en bemarkingstrategieë te beplan;
- Verskaffing van tegniese bystand ten opsigte van peste en plantsiektes, asook met die bystand van meganiese beskadiging deur die gebruik van die IRD.
- Terugvoer ten opsigte van kernbesigheds- en algemene aktiwiteite van ASA, asook die skakeling op regeringsvlak.
- Bepaling van produsentebehoefes ten opsigte van

streeks- en nasionale aangeleenthede om sodanige aangeleenthede na streeksbesture en, indien nodig, die Direksie van ASA te verwys.

- Beeldbou van ASA na ander bedrywe in die voorsieningsketting asook samewerking met ander landbou produk voorsienings maatskappye.
- Hantering van navrae en probleme ondervind deur produsente en ander rolspelers in die verskillende produksiestreke asook vanaf die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye.

## Ondersteuningsdiens aan Kernbesighede

### Bedryfsinligting

Streekspersoneel se verantwoordelikheid ten opsigte van bedryfsinligting behels die insameling van produksiestatistieke vanaf die verskillende produksiestreke vir verwerking van Faseverslae. Hierdie inligting word in besighedsintelligensie omgeskakel en aan die totale bedryf in die vorm van marktendense, bv. twee-weeklikse oesskattings en maandelikse nuusbriewe wat bydra tot die vestiging van 'n volhoubare boerdery-omgewing, oorgedra. Akkurate Oesskattings het tot gevolg dat afwykings minimaal was.

### Markontwikkeling en Produkbevordering

'n Sleutelfunksie van streekbestuurders is besoeke aan en interaksie met die nasionale varsproduktemarkte, privaatmarkte, groothandelaars, herverpakkers, kleinhandelaars en verwerkers.

### Markbesoeke

Gedurende die verslagjaar is die volgende aspekte aangespreek:

- Kommunikasie van Produksie- en Bemarkingstendense.
- Hantering van Klagtes en Probleme.
- Monitering van gehalte van produsente se produkte.
- Onderneem gehalte- en voorraadbeheer, indien nodig.
- Monitering van algemene toestand en netheid van markte en die bespreking daarvan met markbesture en agente.

## Herfokus op skakeling met Nasionale Varsproduktemarkte

Die doelwit van skakeling met nasionale varsproduktemarkte is om op 'n gereelde basis met die betrokke markowerhede en agente te skakel om produksie, markaangeleenthede en produsenteversoeke aan te spreek. Markvloere is besoek om:

- Oudits in samewerking met markowerhede te doen;
- Voorraadverskuiwings, verkope en prysbepalings in samewerking met markowerhede te monitor;
- Te verseker dat aartappels wat vir menslike verbruik afgekeur is, ingevolge voorgeskrewe regulasies en prosedures hanteer word;
- Te verseker dat gesteelde en verlore aartappels dienooreenkomstig die betrokke markstelselvoorskrifte hanteer word;
- Te verseker dat navrae vanaf produsente rakende enige van die bogemelde aangeleenthede professioneel in samewerking met markowerhede en agente hanteer word.
- Terugvoer aan produsente te gee oor hul produk deur doelgerigte markbesoeke te doen en dan terugvoer te gee deur foto's en skakeling met produsente.

## Inligtings-, Bemarkings- en Reklamedae

Die streekkantore was ten nouste by produkbevordering deur middel van landbouskoue, reklamedae, koerant- en tydskrifartikels en mediadae betrokke. Skakeling met verskeie vennote in die aartappelvoorsieningsketting het ook deel van produkbevordering uitgemaak, onder andere Vivo-boeredag, Sandveld Inligtingsdae, Oos-Vrystaat Inligtingdag en die Ceres-sokkertoernooi. 'n Reklame-artikel oor Aartappelproduksie in die Sandveld is ook in die Landbou Burger gepubliseer.

## Transformasie

Streekkantore besoek opkomende produsente om hulp te verleen met opleiding en mentorskap. Daar word ook

aandag gegee aan plaaswerker opleiding wat plaasvind in verskillende produksie gebiede. Produsente word bygestaan deur die reël van opleiding asook plekke waar, onder andere, die volgende kursusse aangebied word.

- Vurkhyser-opleiding
- Gesondheid en veiligheid
- Veiligheid Bewustheid

## Navorsing

Streeksnavorsing word deur 12 aartappelwerkgroepe gedoen op streeksvlak by produsente om te verseker dat doelgerigte onafhanklike plaasvlak navorsing gedoen word wat 'n belangrike invloed het op elke produksie streek om te bepaal watter kultivars die beste aangepas is in die streek se klimaat en behoeftes. Daar is Aartappelwerkgroepe in die volgende streke:

- Sandveld
- Ceres
- Noord-Kaap
- Suidwes-Vrystaat
- Limpopo
- Loskopvallei
- Mpumalanga
- KwaZulu-Natal
- Oos-Kaap
- Noordoos-Kaap
- Wes-Vrystaat
- Oos-Vrystaat

Daar word ook chemiese sowel as kunsmis proewe gedoen om elke omgewing se optimale behoeftes te kan bepaal en aan produsente die regte inligting te verskaf vir aartappelproduksie.



# AARTAPPELSERTIFISERINGSDIENS



## INHOUD

Visie, Missie en Waardes . . . . .	38
Voorsittersverslag . . . . .	39
Besturende Directeursverslag . . . . .	41
Besigheidsverslag . . . . .	45



# VISIE, MISSIE EN WAARDES

## VISIE

Aartappelsertifiseringsdiens se visie is om 'n leiersrol te speel in die strewe na volgehoue voorsiening van gesonde plantmateriaal aan die aartappelbedryf in Suid-Afrika.

## MISSIE

Aartappelsertifiseringsdiens se missie is om 'n bedryfsverwante diens te lewer wat die aartappelbedryf in Suid-Afrika ondersteun om optimaal te presteer deur hoë-gehalte plantmateriaal te verseker.

## WAARDES

Aartappelsertifiseringsdiens streef na uitnemendheid deur die volgende waardes uit te leef:

- Kliëntevertroue en tevredenheid
- Doelmatige hulpbronbenutting
- Gelyke geleenthede
- Prestasiegerigtheid



## VOORSITTERSVERSLAG

### GERHARD POSTHUMUS

Aartappelsertifiseringsdiens (ASD) het 'n goeie jaar agter die rug met 'n paar hoogtepunte wat uitstaan.

Die afgelope jaar is baie tyd, energie en finansies spandeer en het passievolle gesprekvoering plaasgevind om die strukture in die bedryf, sowel as die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema (Skema), in her-oënskou te neem, om seker te maak die moederbedryf hou tred met verandering en om die pad vorentoe te baan sodat die strukture die aartappelprodusente en ander rolspelers optimaal bedien.

Dit is bietjie meer as 'n jaar sedert die proses rondom die korporatiewe bestuur van OSRA en ASD begin is, met wye konsultasie in die bedryf. Verskeie werkswinkels is gehou waar 'n uitgebreide taakspan met voorstelle gekom het. Oorweging is geskenk aan die samesmelting van die gesag in terme van die Skema en sy diensverskaffer, ASD. Met inagneming van die regsimplikasies, is met 'n nuwe voorstel gekom. Die uiteinde van die saak is dat, net soos met die Skema se evaluasie 'n paar jaar gelede, die evaluasie van bedryfstrukture ook van tyd tot tyd nodig is. Ek is oortuig dat die voorgestelde strukture kommunikasie gaan verbeter, behoorlike gemandateerde insette en versoeke tot gevolg gaan hê, wat inkoop op alle vlakke gaan bewerkstellig.

As 'n nie-winsbejag maatskappy bly dit 'n uitdaging om die finansies van die maatskappy so te bestuur dat dit bekostigbaar bly om aartappelmoere te sertifiseer. Die afgelope jaar is 'n totaal van 10 586 hektaar onder die Skema geregistreer, wat 1 277 hektaar meer as begroot was. Gevolglik het dit tot 'n surplus gelei wat daartoe bygedra het dat geen verhoging in die sertifiseringstarief nodig was nie. Gegewe die waarde wat sertifisering tot jou aartappels voeg, is ongeveer R2.88 per sak vir sertifiseringskoste, of 1.5% van die moederprys, 'n winskopie.

Die maatskappy beskik oor kundige personeel wat goed-opegelei en bekwaam is om die 6.5 tot 7 miljoen sakke moere wat jaarliks gesertifiseer word, te inspekteer en te sertifiseer. Die manne spandeer lang ure op die pad, in die lande en store om seker te maak dat die moere wat gesertifiseer word aan die vereistes voldoen. Daarmee saam is die ondersteuning van die administratiewe personeel van onskatbare waarde. Ten spyte van bedankings van personeel met baie jare se diens, is ek dankbaar om te rapporteer dat alle poste gevul is en dat dit goed gaan met die maatskappy. Personeel wat bevorder en nuut-aangestel is vorder goed en ek is seker daarvan ons gaan sertifisering net weer na die volgende vlak neem.

Teenoor my Dagbestuur en Mede-direkteure wil ek my besondere dank en waardering uitspreek vir die samewerking die afgelope jaar. Ons gaan 'n nuwe fase binne waar die direksie waarskynlik baie kleiner gaan wees, maar steeds met dieselfde inkoop en passie hulle verantwoordelikheid sal opneem. Die nominasie en aanwys van direkteure vir 'n maatskappy soos ASD bring groot opoffering en verantwoordelikheid mee, aangesien jy aanspreeklik is vir die goeie bestuur van miljoene rande. Dit bring egter ook geweldige bevrediging mee om te kan sê dit word goed en verantwoordelik bestuur en bestee. Nogmaals baie dankie.

My opregte dank en waardering gaan ook aan die gesag wat ons aangestel het, naamlik OSRA, wat tevrede is met ons dienslewering, asook die Registrateur van die Plantverbeteringswet en die res van die direktorate by Departement Landbou, Bosbou en Visserie. Vergun my asseblief die voorreg om vir Dr. Keetch en Les Kügel, as voorsitters van OSRA, uit te sonder. U beskikbaarheid, ondersteuning en insette word opreg waardeer.

Dank en waardering gaan ook aan Aartappellaboratoriumdienste, en veral Plantovita, vir hulle toewyding tot die moederbedryf deur die lewering van konstante resultate ter ondersteuning van die sertifiseringsproses. Dit is gerusstellend om landinspeksiebevindings met laboratoriumresultate te kan bevestig.

Ek spreek ook graag my dank en waardering aan Aartappels Suid-Afrika uit vir die geleentheid wat ASD gehad het om die administrasie van die moederbedryf vir die afgelope dekade te kon behartig. Alhoewel dit op daardie stadium goed was, is dit tyd om die administrasie aan ASA terug te oorhandig. U word alle sukses en sterkte hiermee toegewens. Ek is egter van mening dat dit groter verstaan, inkoop en begrip vir die totale bedryf gaan beteken. Baie dankie vir die verskil wat julle in die bedryf op verskeie vlakke maak.

Laastens, maar allermins die minste, besonder dankie aan die moerkwekers, wie die belange van die bedryf op die hart dra en letterlik alles insit om goeie kwaliteit gesertifiseerde aartappelmoere te produseer. Goeie kwaliteit plantmateriaal is ononderhandelbaar in die produksie van aartappels. U lewer 'n produk van kardinale belang in voedselsekerheid.

Beste wense

**G. Posthumus**  
Voorsitter





## BESTURENDE DIREKTEURSVERSLAG

### SANETTE THIART

Aartappelsertifiseringsdiens (ASD) is op 14 Junie 1995 as 'n Artikel 21 maatskappy sonder aandeelkapitaal ingelyf met sy stigters as lede. Die doel van die Maatskappy was die sertifisering van landbouprodukte en spesifiek die sertifisering van aartappelmoere. Sedertdien is die Maatskappiewet hersien en ASD is tans ingelyf as 'n Nie-vir-Wins Maatskappy sonder lede.

Na die viering van 21 jaar se dienslewering aan die aartappelbedryf, lui ASD die toekoms in met die tema: "Sertifiseer vir die Toekoms".

Wanneer daar **teruggekyk word oor die afgelope 21 jaar van sertifisering**, weet ons waar ons vandaan kom en bied dit insig om 'n sinvolle pad vorentoe te bepaal.

Voor die **oprigting** van ASD was die Aartappelraad en Aartappelprodusente-Organisasie (APO) se Sertifiseringskomitee verantwoordelik vir die sertifisering van aartappelmoere. Dr. Pierre Nortjé was verantwoordelik vir Sertifisering en Navorsing, met Mnr. Gerrie de Jager as Hoof van Sertifisering onder leiding van Mnr. Jerry van Vuuren as Hoof Uitvoerende Beampte van die APO en later Aartappels Suid-Afrika (ASA).

Die **Skema** het mettertyd ontwikkel, wat daartoe gelei het die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema (Skema) onder die Plantverbeteringswet 1976 (Wet No. 53 van 1967) gepromulgeer is. 'n Amptelike skema gee internasionale erkenning en geloofwaardigheid aan gesertifiseerde aartappelmoere en bevorder handel tussen lande. Dit maak nie net die uitvoer van aartappelmoere moontlik nie, maar die invoer van belowende variëteite met planttelersregte is slegs moontlik onder 'n amptelike skema. ASD het die voorreg om gereeld met buitelandse eweknieë

skouer te skuur, wat ons in staat stel om die Skema en sy toepassing met ander skemas te vergelyk.

In Junie 1997, voor die amptelike afkondiging van die Skema, het die Minister van Landbou dit duidelik gemaak dat die APO nie die **gesag** kan wees wat die Skema moet toepas nie, vanweë die feit dat Potato Seed Production (PSP), waar die basismoere vermeerder is, aan die APO behoort het. Die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA) is toe as die gesag aangewys. OSRA het ook goedkeuring gekry om die Staatsembleem op sy korrespondensie en sertifiseringsetikette te gebruik. Mnr. Jerry van Vuuren het as voorsitter van die eerste OSRA-vergadering opgetree, waarna Dr. Keetch in Februarie 1998 oorgeneem het as Voorsitter. Alhoewel ASD van die begin af as OSRA se diensverskaffer aangestel is, is 'n formele skriftelike ooreenkoms eers op 14 November 2012 onderteken.

Met die aanvang van die Skema was die personeel en finansies deur die Agric-Admin Maatskappy bestuur. Na aanleiding van 'n ondersoek en ASA se finansiële krisis, het die maatskappy in die bedryf ontbondel en ASD het in 2001 as werkgewer by die SAID geregistreer en sy eie personeel en finansies oorgeneem om die maatskappy heeltemal onafhanklik van ASA te maak. In daardie tyd het die moerkwekers geldelik deur middel van leningsheffings bygedra om ASD aan die gang te hou.

In 1997 is oorweging van 'n moerkwekersforum voorgestel en geïmplementeer. Die **Moerkwekersforum** was destyds met heffingsgeld deur ASA befonds. Weens die leemte wat daar was tussen die moerekomitees en die Moerkwekersforum, is die Nasionale Moerekomitee op 12 Junie 2001 gestig. Die Nasionale Moerekomitee is die

plek waar gemeenskaplike moer-aangeleenthede deurgepraat is voor dit na die onderskeie strukture verwys word.

OSRA bepaal beleid en is verantwoordelik vir die bestuur van die Skema en ASD se Direksie sien om na die finansies en personeelaangeleenthede van die inspektoraat. Mnr. Pieter Laubscher was die eerste voorsitter van die Nasionale Moerekomitee en 'n heffing op moere is gein op die basis van aantal moere gesertifiseer. ASD is in 2006 verantwoordelik gemaak vir die bestuur en administrasie van die moerkwekervergaderings.

Die **onafhanklikheid** van OSRA is van tyd tot tyd bevraagteken weens die aantal moerkwekers wat op die Raad dien, alhoewel dit hoegenaamd nie in belang van die moerkwekers is om die Skema te verslap nie, aangesien hulle net so afhanklik is van goeie kwaliteit plantmateriaal om volhoubaar en winsgewend te boer as tafelkwekers. Die kriteria vir raadslede is voortdurend bevraagteken en hersien. Daar is weer in 2010 gevra of die moerhandelaars en prosesseerders nie ook sitting op die Raad moet hê nie, waarop die ASA uitgenooi is om 'n prosesseerder te nomineer om op OSRA te dien. In 2011 het die Nasionale Moerekomitee bevestig het dat dit nie nodig is om prosesseerders ook sitting op die Raad te gee nie, maar 'n tweede tafelprodusent is aangewys.

Deur die jare het ASD se personeel, moerkwekers en ander rolspelers in die bedryf 'n leiersrol gespeel in die verdere **ontwikkeling van die Skema** en beter dienslewering aan die bedryf. In 1993 is begin om knolle met poeieragtige skurfsiekte vanuit al die streke te versamel om die omvang van die probleem te probeer bepaal en in 1995 is daar ondersoek ingestel na die hantering van Kromnekvirus en Goue Sist-Aalwurm. Daar is ook in 1995 reeds besluit dat na-kontrole virus- en na-kontrole variëteitsegtheidmonsters apart getrek moet word. Weens die groot finansiële implikasie wanneer moere se na-kontrole oorskry, is daar in 1998 besluit om die na-kontrole virus per aanbieding te maak, in plaas van die hele blok. Die gedempte ligspruit-tegniek vir bepaling van variëteitsegtheid is oor 2 tot 3 jaar infaseer. Op daardie stadium is die DNA-toetsing vir identifisering van variëteite ook ontwikkel.

**Toleransies** vir siektevoorkoms is oor tyd strenger gemaak, maar waar nodig, is ook dispensasies toegestaan om die bestuur van sekere siektes te vergemaklik. Een so 'n voorbeeld is die dispensasie vir die behandeling van Silwerskurf / Swartspikkel. Dispensasies gee die moerkwekers en die gesag die geleentheid om inligting in te win en data daar te stel vir maontlike wysigings aan die Skema. Enige wysiging aan die Skema moet wetenskaplik gefundeer en tegnies regverdigbaar wees.

**Vrywillige afgradering** van aartappelmoere is vir die eerste keer in 1999 versoek. In 2008 is die versoek weer afgekeur en uiteindelik in 2009 onder 'n dispensasie toegestaan vir een generasie aanvanklik, op 1 Julie 2014 met meer as een generasie en op 25 Maart 2015 in klas. In

Junie 2016, na die ten einde loop van die dispensasie, is dit in die Skema opgeneem as 'n wysiging.

Wat **kwarantynpeste** betref, was daar destyds *ad hoc* komitees, wat vir die bestuur van dié siektes op die been gebring is. Die mees bekende komitees was die Bakteriese Verwelk-komitee en die *Ad hoc* Goue Sist-Aalwurm Komitee. Sedert November 2014 is die verantwoordelikheid vir die bestuur van kwarantynpeste onder die Aartappelkwarantynpeskomitee saamgevat, wat na alle kwarantynpeste vir aartappels kyk en ook insette maak ten opsigte van invoervereistes en opkomende peste wat moontlik 'n bedreiging vir die Suid-Afrikaanse Aartappelbedryf kan inhou soos die tamatie blaarmyner, *Tuta absoluta*, en Zebra Chip.

Deur die jare was **maatreëls**, soos rotasietydperke, isolasie-afstande en verpligte toetsing, suksesvol om die aantal bakteriese verwelk-gevälle in SA in moer-aanplantings van 35 in 1994, na geen in 2016 te verminder. Dit is sekerlik een van die grootste suksesverhale van die Skema. Daar is reeds in 1997 besluit dat persele waar Biovar 3 van BV gevind is, nie weer vir moerproduksie aanvaar sal word nie weens die lang oorlewing van die organisme. Destyds kon ongeregisteerde aanplantings saam met geregisteerde aanplantings op dieselfde eenheid gemaak word. Sedert 1 Julie 1998 moet alle aanplantings op dieselfde bewerkingsseenheid geregistreer word.

Die Landbounavorsingsraad (LNR) het in 1998 'n **PKR-metode** ontwikkel vir die toets van **bakteriese verwelk**, wat toe op 'n proefbasis as addisionele toets beskikbaar gestel is en die kwekers kon vrywillig van dié toets gebruik maak. Die monsters is by Du Toit-Groente se laboratorium verwerk en daarna na LNR Infruitec gestuur vir toetsing. Vals positiewe het groot skade berokken en weens die onbetroubaarheid van die toets, is daar nie voortgegaan met dié metode nie.

Alhoewel bakteriese verwelk tot 'n groot mate onder beheer gebring is en goeie toetsmetodes bestaan, was daar in 2015 weer 'n groot uitbraak van bakteriese verwelk in tafel-aanplantings en die oorsprong kon nagespoor word na een bron gesertifiseerde aartappelmoere. Dit het dan ook gebeur dat daar vir die eerste keer lasgewing uitgereik is en gesertifiseerde aartappelmoere vernietig moes word. Hierdie pes is vernietigend en alles moet gedoen word om die verspreiding van hierdie siekte te bekamp.

Die **bestuur van virus** is kompleks en gaan deur siklusse wat verband hou met die klimaat en ook die verskuiwing in variëteite en die verhouding tussen moer- en kommersiële aanplantings in 'n streek. Dit is duidelik dat wanneer kommersiële aanplantings meer word as moer-aanplantings, die virusdruk tot so 'n mate toeneem dat moerproduksie slegs moontlik is met die toepas van uiterste dissipline in samewerking van al die produsente in die streek. Die voorkoms van Rolbladvirus het tot so 'n mate afgeneem, dat daar in November 2000 oorweeg is om Rolbladvirus

soos Kromnekvirus te hanteer, waar net getoets word as dit waargeneem is. Die virus het egter weer so toegeneem dat die afsnywaarde in November 2005 strenger gemaak is van 0.16 na 0.1. Die voorkoms van hierdie virus het oor die afgelope dekade so toegeneem dat, waar daar in 2005 87% monsters met geen besmetting in was nie, dit nou verminder het na 72% van monsters wat geen Rolbladvirusbesmetting in het nie.

In 2005, is daar weens die geweldige **virusdruk** in die Sandveld, selfs besluit dat slegs aanplantings wat binne sekere tye geplant en doodgemaak is, vir sertifisering aanvaar sal word. Verder is die genebank geaudit om seker te maak dat die oorsprong van die virusmoeilikheid nie sy ontstaan reeds in die genebank het nie. 10% van alle Generasie 0-moere is vir al 7 virusse getoets en alle invoere sou voortaan met PKR vir PVY en Rolbladvirus getoets word. Beide die genebank en die miniknolle het gewys dat die basis van die moerbedryf gesond is. Daar word steeds voortgegaan om alle ingevoerde, sowel as plaaslik gevestigde materiaal, vir al 7 virusse te toets, waarvan PVY en Rolbladvirus met PKR getoets word om seker te maak ons genebronne is siektevry.

Die groot hoeveelhede **ongesertifiseerde aartappelmoere** wat steeds geplant word, het in 2010 die vraag laat ontstaan of daar nie heeltemal nuut na die Skema gekyk moet word om vir goedkoper kommersiële gesertifiseerde moere voorsiening te maak nie. Daar is toe 'n taakspan aangestel wat met 'n redelike sinvolle voorstel gekom het, maar in 2012 is besluit dat die voorgestelde skema 'n verandering is en nie noodwendig 'n verbetering nie. Die Skema het die toets van die tyd deurstaan en daar is by die bestaande Skema gebly.

**Aartappellaboratoriumdienste** speel 'n integrale rol in die sertifisering van aartappelmoere. Ons is bevoorreg om goed-toegeruste laboratoriums met bekwame personeel te hê. Die toets van monsters wat nie vanaf geregistreerde moer-aanplantings af kom nie of die hertoets van reeds gesertifiseerde materiaal, word voortdurend deur rolspelers in die bedryf versoek. Die laboratoriums funksioneer binne 'n baie streng protokol en gedragskode wat gesertifiseerde aartappelmoere vir die bedryf ondersteun. Voor die daarstel van die Skema, is die Tafelsisteem ontwikkel wat tafelprodusente, wat beplan om aangekoopte gesertifiseerde moere vir 'n enkel aanplanting te vermeerder, toegang tot die laboratoriums se kundigheid en toetse bied. Die kommersiële produsente kan deur die gebruikmaking van die Tafelsisteem help om die virusdruk in sekere gebiede te bestuur, deurdat slegs aartappelmoere, waarvan die siekte-inhoud aanvaarbaar is, geplant word.

**Invoere** van moere vanaf Skotland en Holland was destyds sporadies gedoen, hoofsaaklik om beter kultivars te bekom. Weens die fitosanitêre risiko wat die invoer van konvensionele aartappelmoere ingehou het, is daar besluit om geen invoere van konvensionele aartappelmoere na Junie 1997 toe te laat nie. *In vitro* plantjies en miniknolle,

met zero toleransie vir peste, kan wel ingevoer word. Die invoer van G0 as Technitubers® het in 2005 die moerbedryf laat regop sit weens die risiko van virus en destydse *Erwinia* wat in van die besendings gevind is. Ten einde die speelveld gelyk te maak op ingevoerde en plaaslik geproduseerde miniknolle, is besluit dat alle miniknolle met *Pectobacterium* vernietig sal word en nie afgradeer of buite die Skema geplant sal word nie. DLBV is besig met 'n Pes Risiko Analise weens versoeke vir invoer van konvensionele aartappelmoere. Die georganiseerde aartappelbedryf is dit eens dat alles moontlik gedoen moet word om voldoende voortplantingsmateriaal plaaslik te produseer om in dié spesifieke behoefte te kan voorsien en nie die aartappelbedryf verder aan meer risiko bloot te stel nie.

Deur die jare het ASD gemiddeld tussen 9 000 en 10 000 **hektaar** se moer-aanplantings geïnspekteer en tussen 6 en 7 miljoen 25 kg sakke moere gesertifiseer. Hierdie moere word gebruik om ongeveer 87% van die 54 000 hektaar aartappels wat jaarliks aangeplant word, te plant. Winsgewende kommersiële aartappelproduksie is slegs moontlik wanneer daar 'n kontinue bron van siekte-vrye plantmateriaal is. Suid-Afrika is in die bevoorregte posisie dat verskeie erge peste nog nie in Suid-Afrika voorkom nie. *Phytophthora infestans* Paringstipe A2, wat nog nie in Suid-Afrika voorkom nie, was die oorsaak van 'n erge laatroes-uitbraak wat tot die hongersnood in Ierland gelei het. Die verligting van 'n korttermynbehoefte kan die hele aartappelbedryf op risiko plaas.

Wanneer ons **vorentoe kyk** met die tema "Sertifiseer vir die toekoms!", betree ons die nuwe era met die hersiening van die strukture in die aartappelmoerbedryf, beginnende met bestuursaspekte van die gesag in terme van die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema, die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA). As gevolg hiervan, impak dit op die administrasie van vergaderings, die afbakening van streke en die samestelling van die Nasionale Moer Komitee, wat op sy beurt op Aartappelsertifiseringsdiens impak.

Benewens die normale fokus op die daarstel van goeie gehalte plantmateriaal, is verskeie werkswinkels oor die bestuursaangeleenthede gehou, gevolg deur die industriewye konsultasie om die beste moontlike omgewing vir goeie kommunikasie te skep, sodat gemandateerde versoeke en insette sal lei tot goed gemotiveerde voorleggings vir objektiewe oorweging en goedkeuring as dit in nasionale belang is. Die insette van die streke en die regsplan, rakende die voorstel vir verandering, is by die vergaderings in Junie 2016 bespreek en ingesluit in die finale voorstel vir goedkeuring deur die Moerkwekersforum.

Dit was duidelik dat OSRA bemaagtig moet word om sy bedoelde rol tot voordeel van die groter Aartappelbedryf te kan vervul. Die strukture en vloei van kommunikasie moet beide effektiwiteit (aan sy doel beantwoord) en doeltreffendheid (koste-effektiwiteit) teweegbring, sowel as

korporatiewe aanspreeklikheid (geloofwaardigheid, integriteit en risikobestuur) bevorder met armlengte tussen strukture, wat voorsiening maak vir gebalanseerde en objektiewe menings wat lei tot wetenskaplike en tegnies-geregverdigde besluite deur amptelike strukture wat lei tot geloofwaardige uitkomst. Dit was verder beklemtoon dat gemandateerde insette van belanghebbendes deur amptelike strukture, die inkoop van kwekers tot gevolg sal hê. Die voorgestelde strukture moet ook fidusiêre verantwoordelikheid aanspreek en finansiële deursigtigheid verseker.

Dit was 'n moeilike jaar, gegewe die herbesin oor bedryfstrukture te midde van die normale dag-tot-dag sake. Ek is baie dankbaar vir die wel-deurdagte voorstelle vir die pad vorentoe. Ons het hierdie reis soos die Israeliete van ouds begin met God wat ons lei. Ek is trots op die werk wat gedoen is en sien uit na die voordele van die nuwe strukture.

Ek is oneindig dankbaar om te kan rapporteer dat ASD die finansiële jaar (1 Julie 2016 tot 30 Junie 2017) met 'n surplus van R2 133 886 na belasting kon afsluit, teenoor die begrote surplus van R91 570. Die begrote hektare vir die jaar was 9 309. In totaal, is 10 586 hektare geregistreer, wat 1 277 meer is as verwag. Baie dankie aan al die personeel wat saamgewerk het om al die werk te gedoen. ASD is steeds 'n lopende besigheid en streef voortdurend daarna om 'n professionele en koste-effektiewe diens te lewer te midde van wisselende hektare.

Elke komiteelid word bedank vir u waardevolle insette wat ons help in ons ondernemings. Sonder u insig en ondersteuning sal ons nie ons werk behoorlik kon

doen nie. Aan die onderskeie voorsitters, Mnr. Gerhard Posthumus van ASD se Direksie, Mnr. Llewellyn de Kock van die Nasionale Moererekomitee en Dr. Dave Keetch en Adv. Les Kügel van OSRA, dankie vir u bekwame leiding en toewyding tot die bedryf. 'n Spesiale woord van dank aan ons Dagbestuur, Mnr. Gerhard Posthumus en Ondervoorsitter, Mnr. Jakkie Mellet, dat u u kennis met ons deel en waardevolle insette maak ter ondersteuning van ons personeel.

Ten spyte van 'n paar streke wat erge uitdagings moet trotseer, wens ek al die moerkwekers van Suid-Afrika 'n goeie en produktiewe jaar toe. U word weereens daaraan herinner om basiese goeie moerproduksiepraktyke toe te pas, naamlik: begin met die aanplant van die beste moontlike moerbron, beskerm dit teen infeksie, suiwer van begin tot end, sorteer deeglik en verpak die regte hoeveelhede. U, as moerkweker, hou toesig oor u moer-aanplantings en sien die hele proses, van die keuse van moerbron om te plant, bestuur, oes, tot die aanbied van u moerlotte vir sertifisering. ASD verifieer, inspekteer en sertifiseer aartappelmoere gebaseer op bevindings met sekere tussenposes gedurende die hele proses.

Kom ons werk saam om te Sertifiseer vir die Toekoms!

**Sanette Thiar**  
Besturende Direkteur



# BESIGHEIDSVERSLAG

Aartappelsertifiseringsdiens (ASD) is 'n maatskappy sonder winsoogmerk (NWM) wat in 1995 gestig is met die mandaat om aartappelmoere te sertifiseer.

ASD se visie is om 'n leiersrol te speel in die strewing na volgehoue voorsiening van gesonde plantmateriaal aan die aartappelbedryf in Suid-Afrika.

ASD se missie is om 'n bedryfsverwante diens te lewer wat die aartappelbedryf in Suid-Afrika ondersteun om optimaal te presteer deur hoë-gehalte plantmateriaal te verseker.

ASD streef na uitnemendheid deur die volgende waardes uit te leef:

- Kliëntevertroue en tevredenheid
- Doelmatige hulpbronbenutting
- Gelyke geleentheid
- Prestasiegerigheid

Aartappelsertifiseringsdiens (NWM) is deur die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA), as gesag aangestel deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserie, gekontrakteer. ASD word deur Departement Landbou, Bosbou en Visserie (DLBV) geaudit aangesien ASD die funksies en pligte in terme


van 'n statutêre skema uitvoer. Die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema (Skema) is ingevolge die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet No. 53 van 1976) gepromulgeer.

Die doel van sertifisering is om aartappelmoere te sertifiseer wat 'n fitosanitêre status het met betrekking tot siektes en peste wat binne neergelegde norme val en tipe-eg is. Om die volhoubaarheid van moerproduksie in Suid-Afrika te verseker, is die Skema op siektevrye materiaal gebaseer.

## Personeel

Die maatskappy se Hoofkantoor is in Aartappelhuis te Persekuor Tegnopark, Pretoria gesetel, met vyf streekkantore oor die land versprei, naamlik in Piketberg, Douglas, Christiana, Dullstroom en Pietermaritzburg. Die streekkantore en personeel is strategies geplaas om sodoende die beste moontlike diens op die mees bekostigbare wyse aan kwekers te lewer. Die struktuur van die maatskappy word in Figuur 1 uiteengesit.

Figuur 1: Maatskappystruktuur



In die verslagtydperk, het die Tegniese Bestuurder, Frank Osler, een sertifiseringsbeampte, Renier Viviers, 'n administratiewe assistent, Bianca Wessels, sowel as die Data-Administrateur, Yolanda Louw, bedank. Ons wens hulle alles van die beste toe in hulle loopbane. André Wessels is bevorder na Tegniese Bestuurder, Albert Theron is bevorder tot Streeksbestuurder: Mpumalanga, Limpopo en Gauteng, met die verskuiwing van die kantoor na Middelburg. Marlé Theron is aangestel as deelydse administratiewe assistent om Albert by te staan, met Sél-Mari van Oordt, aangestel as Data-Administrateur. Johan Germishuys is na Pietermaritzburg verplaas om die leemte gelaat deur Albert se verplasing te ondervang. Leon Zietsman, is vanaf 1 Januarie 2017 as Leerlingsertifiseringsbeampte in Christiana aangestel. Baie geluk aan almal wat bevorder en aangestel is. Ek vertrou julle gaan vinnig in die nuwe hoedanigheid aanpas en die nuwe uitdagings geniet.

Nogmaals dankie aan al die personeel vir julle onbaatsugtige hulp aan ons moerkwekers in die produksie van goeie gehalte gesertifiseerde aartappelmoere. Ek is baie dankbaar vir 'n buitengewone span toegewyde mense wat saamwerk om die bedryf te dien.

## KOMMITEES EN FORUMS

Die komitees en forums binne die aartappelbedryf vorm georganiseerde platforms waar die meeste

Tabel 1: Direksie

Direkteur	Posisie	Verteenwoordigend van:
Gerhard Posthumus	Voorsitter	Wes-Vrystaat
Jakkie Mellet	Ondervoorsitter	Mpumalanga, Limpopo en Gauteng
Frans Engelbrecht	Direkteur	Noordwes
Llewellyn de Kock	Direkteur	Ceres
JJ van de Velde	Direkteur	KwaZulu-Natal
Niekie Visser	Direkteur	Sandveld
André Coetzee	Direkteur	Noord-Kaap
Guybon Osler	Direkteur	Oos-Vrystaat
Garrick Christiane	Direkteur	Noordoos-Kaap
Sanette Thiert	Besturende Direkteur	Aartappelsertifiseringsdiens

Die direkteure word bedank vir hul waardevolle bydrae tydens die konsultasieproses om 'n finale voorstel aan die Moerkwekersforum op te stel. Dankie dat u u tyd en kennis aanwend tot voordeel van, nie net die moerbedryf nie, maar ook die hele aartappelbedryf. In afwagting van die finalisering van die strukture in die bedryf, word voorsien dat die direksie sal bestaan uit minder direkteure, maar steeds verteenwoordigend van al die moerkwekers.

kommunikasie met produsente en ander belanghebbendes in die bedryf plaasvind. Aspekte wat by die Nasionale Moerekomitee oorweeg moet word, word deur die streeksmoerkwekervergaderings ingedien. Die verskillende aspekte word dan bespreek en, indien dit in die nasionale belang is, verwys die komitee aanbevelings en besluite aan die betrokke liggame en komitees wat betrokke is by die moerbedryf.

## Direksie

Die bestuur van die maatskappy is uiteengesit in die maatskappy se Memorandum van Inkorporasie en Direksiehandves. Die Direksiehandves word jaarliks geëvalueer en hersien om te verseker dat ASD bestuur word ooreenkomstig goeie korporatiewe bestuur.

Die direksie het die afgelope jaar geen bedankings gehad nie en bestaan uit nege nie-uitvoerende direkteure met een uitvoerende direkteur in die besturende direkteur se posisie. Mnr. Gerhard Posthumus is herkies as voorsitter van die direksie, met Mnr. Jakkie Mellet herkies as ondervoorsitter. Die Dagbestuur bestaan uit die Voorsitter, Ondervoorsitter en Besturende Direkteur.

Die direkteure bestaan uit die voorsitters van die onderskeie moerproduksiestreke, soos hieronder weergegee:

## Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA)

Die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA) is deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye as die gesag aangewys. Die Raad bestaan uit demokraties-verkose aartappelmoerkwekers, verteenwoordigend van die onderskeie produksiestreke;

twee tafelprodusente deur Aartappels Suid-Afrika (ASA) aangewys; 'n verteenwoordiger van die Landbounavorsingsraad (LNR); 'n verteenwoordiger van die Forum vir Kernmateriaalprodusente (NUMPRO), 'n verteenwoordiger van Aartappellaboratoriumdienste (ALD) en die besturende direkteur van ASD. Die Raad het

'n onafhanklike voorsitter wat deur die produsentelede wat op OSRA dien, verkies word. Drie verteenwoordigers van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) woon ook die vergaderings by, maar het nie stemreg nie. Tabel 2 gee die samestelling van OSRA soos dit tans daar uitsien.

Tabel 2: Samestelling van OSRA

Raadslid	Posisie	Verteenwoordigend van:
Dr. Dave Keetch	Voorsitter	Onafhanklik
Adv. Les Kügel	Medevoorsitter	Onafhanklik
Gerhard Posthumus	Ondervoorsitter	Wes-Vrystaat
JJ van de Velde	Raadslid	KwaZulu-Natal
Jakkie Mellet	Raadslid	Mpumalanga en Limpopo
Johan Greyling	Raadslid	Wes-Vrystaat
André Coetzee	Raadslid	Noord- en Oos-Kaap
Niekie Visser	Raadslid	Sandveld
Llewellyn de Kock	Raadslid	Ceres
Frans Engelbrecht	Raadslid	Noordwes
Guybon Osler	Raadslid	Oos-Vrystaat
Garrick Christiane	Raadslid	Noordoos-Kaap
Sanette Thiart	Raadslid	Aartappelsertifiseringsdiens
Marieta Botha	Raadslid	Aartappellaboratoriumdienste
Dr. Diedrich Visser	Raadslid	Landbounavorsingsraad
Dawie Ras	Raadslid	NUMPRO
Jan van Zyl	Raadslid	Tafelprodusente
Rudi Heinlein*	Raadslid	Tafelprodusente
Wouter van Amstel	Raadslid	Tafelprodusente

\*Bedank

Die moerkwekers is in streeksmoerkwekervergaderings georganiseer wat op hul beurt op grond van die aantal hektare geregistreer, die aantal sakke gesertifiseer, asook die aantal moerkwekers per streek, verteenwoordiging op OSRA en die Nasionale Moerekomitee het. Gedurende die verslagtydperk, het Mnr. Rudi Heinlein bedank en is Mnr. Wouter van Amstel deur ASA se Nasionale Raad genomineer om die tafelprodusente te verteenwoordig.

Sodra die voorgestelde strukture deur die Moerkwekersforum goedgekeur is, word voorsien dat Advokaat Les Kügel die voorsitterskap as Onafhanklike Voorsitter sal oorneem.

OSRA is verantwoordelik vir die formulering van beleidsriglyne vir die Skema, asook om toe te sien dat die Skema doeltreffend en volhoubaar in belang van die aartappelbedryf in sy geheel toegepas word. Dit is verder

ook OSRA se plig om die Skema deurlopend te evalueer om wysigings aan te bring wanneer nodig. Die regstegniese evaluasie van die Skema is afgehandel en is tans by DLBV vir oorweging en publikasie. Die Protokol het ook baie aandag geniet en is in proses van finalisering.

## Streeksmoerkwekervergaderings

Die streeksmoerkwekervergaderings verseker dat kommunikasie vanaf grondvlak opwaarts na die onderskeie instansies verantwoordelik vir verskillende aspekte wat aangespreek moet word plaasvind, asook kommunikasie en terugvoer na grondvlak. Die Voorsitters word deur die moerkwekers in die streke verkies as spreekbuis van die spesifieke streek en dien tans steeds op die Nasionale Moerekomitee, OSRA asook die Direksie van ASD.

## Nasionale Moerekomitee

Die Nasionale Moerekomitee is 'n komitee van Aartappels Suid-Afrika wat aangeleenthede rakende die moerbedryf oorweeg en behoeftes aan moere en aangeleenthede oor die verhandeling van moere identifiseer. Identifisering van navorsings- en bemarkingsbehoefte ten opsigte van moerproduksie is ook hierdie komitee

Tabel 3: Nasionale Moerekomitee

Komitee lede	Posisie	Verteenwoordigend van:
Llewellyn de Kock	Voorsitter	Ceres
Gerhard Posthumus	Ondervoorsitter	Wes-Vrystaat
JJ van de Velde	Lid	KwaZulu-Natal
André Coetzee	Lid	Noord- en Oos-Kaap
Johan Greyling	Lid	Wes-Vrystaat
Niekie Visser	Lid	Sandveld
Jakkie Mellet	Lid	Mpumalanga, Limpopo en Gauteng
Frans Engelbrecht	Lid	Noordwes
Guybon Osler	Lid	Oos-Vrystaat
Garrick Christiane	Lid	Noordoos-Kaap
Jan van Zyl	Lid	Tafelproducent
Rudi Heinlein*	Lid	Tafelproducent
Wouter van Amstel	Lid	Tafelproducent
Johan Moolman	Waarnemer	Moerhandelaarsforum

\*Bedank

Die Voorsitter of afgevaardigde van die Moerhandelaarsforum dien ook op die Nasionale Moerekomitee as waarnemer om na die belange van die moerhandelaars om te sien.

Die Voorsitter van die Moerkwekersforum is ook die Voorsitter van die Nasionale Moerekomitee en verteenwoordig die aartappelmoerbedryf op ASA se Nasionale Raad en Direksie.

Mnr. Llewellyn de Kock is as Voorsitter van die Nasionale Moerekomitee en Moerkwekersforum verkies. Mnr. Gerhard Posthumus dien as Ondervoorsitter. Die twee-jaar termyn verstryk met ASA se Kongres en die Moerkwekersforum in September 2017.

## Moerkwekersforum

Die Moerkwekersforum (Forum) dien as gespreksforum vir besluite wat die moerbedryf raak. Die Forum is verantwoordelik vir die:

- bepaling van behoeftes binne die moerbedryf;

se verantwoordelikheid. Die komitee maak verder aanbevelings aan OSRA oor nasionale behoeftes ten opsigte van die sertifisering van moere, asook voorstelle tot wysigings aan die Skema. Daar word voorsien dat die samestelling van die Nasionale Moerekomitee lede van alle rolspelers in die moerbedryf sal insluit en dat ASA die administrasie van alle moerkwekervergaderings sal terugneem.

- identifisering van navorsingsbehoefte;
- identifisering van behoeftes ten opsigte van die sertifisering van moere;
- identifisering van behoeftes ten opsigte van die verhandeling van moere;
- maak van aanbevelings aan die Nasionale Moerekomitee en OSRA rakende Skema-wysigings;
- verwysing van besluite na die onderskeie komitees; en
- vir die verspreiding van inligting.

Die agtiende jaarlikse Moerkwekersforum is op 6 September 2016 te die Gateway Hotel in Umhlanga Rif, KwaZulu-Natal, gehou. Die onderskeie voorsitters van die Nasionale Moerekomitee, Aartappel laboratoriumdienste en die Direksie van ASD het terugvoering gegee oor die aktiwiteite van die afgelope jaar. ASD het 21 jaar van dienslewering aan die bedryf tydens die Forum gevier.

Mnr. JP van den Berg (L 017) is bekroon met die Bayer Moerkweker van die Jaar-trofee, met Mnr. Frans Engelbrecht van Firna Boerdery (L 002) en Mnre. Kiewiet Möll en Willie Goosen van W&K Boerdery (W 025), as naasweners.

## Aartappelmoersertifisering

Gedurende die verslagtydperk is 10 297 hektaar by 117 moerkwekers geregistreer (plantdatum), wat die 79 hektaar vir die produksie van miniknolle ingesluit het. Daar is tans 158 aktiewe moerkwekers. Dit is al die moerkwekers wie

vir die afgelope 4 jaar aanplantings vir die sertifisering van aartappelmoere onder die Skema ingeskryf het.

Tabel 4 toon die aantal geregistreeerde hektare vir die aanplantings gemaak vanaf 1 Julie tot 30 Junie elke aar, sowel as die aantal 25 kg sakke gesertifiseer op daardie aanplantings.

Tabel 4: Aantal geregistreeerde hektare en gesertifiseerde opbrengs

Streek	2013/2014		2014/2015		2015/2016		2016/2017*	
	Aanplantings (Hektaar)	Opbrengs (25 kg sakke)						
Sandveld	487	330 734	644	297 850	339	175 344	204	13 860
Ceres	160	104 826	126	37 036	37	35 690	65	33 438
Noord-Kaap	581	385 875	674	491 597	849	462 953	1 163	525 841
Oos-Kaap	54	20 887	51	29 538	95	68 591	132	20 3002
Wes-Vrystaat	4608	2 963 864	4 961	2 923 555	4 996	3 189 880	5 195	959 788
Oos-Vrystaat	160	119 294	296	235 853	273	73 203	366	256 684
KZ-Natal	1401	1 029 918	1 432	1 081 961	1 417	733 028	1 211	968 625
Mpumalanga	464	362 545	468	389 632	365	211 051	330	292 723
Limpopo	90	76 108	207	171 558	126	99 272	217	105 119
Noordwes	424	887 115	509	973 588	597	1 083 705	717	1 171 559
N Oos-Kaap	260	182 805	336	336 952	541	162 695	630	246 977
Suid-Kaap	89	47 908	76	65 439	149	66 972	66	45 563
<b>RSA</b>	<b>8773</b>	<b>6 511 879</b>	<b>9 780</b>	<b>7 034 559</b>	<b>9 784</b>	<b>6 362 406</b>	<b>10 297</b>	<b>6 640 493</b>

\*Onvolledig

Die Wes-Vrystaat streek produseer tans 50.1% van die aartappelmoere wat in Suid-Afrika gesertifiseer word. Nie al die hektare wat in die verslagtydperk geregistreeer is, is al gesertifiseer nie.

Die **gesertifiseerde opbrengs** per jaar wissel tussen 6 en 7 miljoen 25 kg-sakke. Die aantal miniknolle jaarliks gesertifiseer is meer as 11 miljoen, met 11,6 miljoen die laaste jaar. Daar is tans sewe miniknol-produksiefasiliteite by OSRA geregistreeer: Hulle is Rascal Seed Research Laboratories, Potato Seed Production, Advanced Potato

Propagation, Ceres Aartappels, Super Spud Seed Potatoes, Maluti Mini Tubers en Griekwaland-Wes Bpk.

Die **generasieverdeling** dui aan dat Generasie 1- tot Generasie-4 moere die grootste porsie van gesertifiseerde aartappelmoere uitmaak (89%), met die hoeveelheid G6, G7, G8 en Standaardgraad gesertifiseer op 11%. Hierdie syfers mag ietwat verander, aangesien die aantal sakke wat gesertifiseer is ten opsigte van aanplantings wat laat in die verslagjaar geregistreeer is, nog nie bekend is nie.

Tabel 5: Generasieverdeling


Generasieverdeling	2006/2007	2016/2017*
	25 kg Sakke	25 kg Sakke
G1	205 461	174 813
G2	555 017	1 023 925
G3	1 536 474	1 685 217
G4	1 792 852	2 447 870
G5	1 144 562	643 577

Generasieverdeling	2006/2007	2016/2017*
G6	326 842	408 159
G7	97 687	100 573
G8	139 655	131 444
Standaardgraad	17 657	24 915
<b>Totaal</b>	<b>5 816 207</b>	<b>6 640 493</b>


\*Onvolledig

Indien die **variëteitsamestelling** van die top tien variëteite, wat die afgelope tien jaar gesertifiseer is, in oënskou geneem word, soos in Figure 2 en 3 hieronder weerspieël, is dit duidelik dat geweldige veranderings plaasgevind het. Waar BPI die tweede grootste aangeplante variëteit tien jaar gelede was, is dit vervang met Sifra. Die top tien variëteite vanjaar het almal Planttelersregte, behalwe vir Up-to-Date wat 'n oop kommersiële variëteit is.

Figuur 2: Variëteitsamestelling soos in 2006/2007




Figuur 3: Variëteitsamestelling soos in 2016/2017\*




\*Onvolledig

Die ander **kleiner variëteite**, is in Figuur 4 (2006/2007) en Figuur 5 (2016/2017\*) aangedui. Tien jaar gelede was daar nog twee LNR geteelde variëteite, naamlik Caren en Mnandi, maar geen tydens die verslagtydperk nie.

Figuur 4: Samestelling van die ander kleiner variëteite in 2006/2007




Figuur 5: Samestelling van die ander kleiner variëteite in 2016/2017\*



\*Onvolledig

Wat **siektes** betref, het die aantal monsters wat virusvry getoets word, geleidelik afgeneem, maar blyk te stabiliseer, soos in Figuur 6 aangedui.

Figuur 6: RSA:VIRUSVOORKOMS (Landmonsters – G0 – G7 geplant)



Vir die afgelope 4 jaar was daar geen aartappels met Aartappelnekrotiese Ringsiekte gevind nie.

As deel van die dispensasie vir die behandeling van aartappelmoere vir Silwerskurf / Swartspikkel, word daar boekgehou ten opsigte van alle behandelde gesertifiseerde aartappelmoere, om sodoende hierdie data te kan gebruik vir die motivering wanneer die dispensasie in November 2017 verstryk. In 2015/2016 (volledige jaar) is 240 172 x 25 kg-sakke gesertifiseerde aartappelmoere behandel. Die meeste streke het aartappelmoere behandel, behalwe Noord-Kaap, Noordwes en die Oos-Kaap. Geen klagtes oor behandelde aartappelmoere is ontvang nie.

In die verslagjaar is geen *Ralstonia solanacearum*, die bakteries verwelk-veroorsakende organisme, in aartappelmoeraanplantings gevind nie.

Die Aartappelkwarantynpeskomitee, onder voorsitterskap van die Direkoraat Inspeksiedienste, DLBV, is die waghond van die aartappelbedryf ten opsigte van kwarantynpeste. Bakteriese verwelk, veroorsaak deur *Ralstonia solanacearum*, aartappelsistematode (*Globodera rostochiensis*) en vratjiesiekte, veroorsaak deur *Synchytrium endobioticum*, word amptelik ingevolge die Skema beheer. Invoervereistes en Biosekuriteit is ook deel van die komitee se mandaat.

Die Skema is gebaseer op fitosanitêre status, asook as variëteitsegtheid. Vermenging van variëteite is slegs in 0.14% van alle gesertifiseerde aartappelmoere gevind. Waar vermenging plaasgevind het, is die kwekers skriftelik in kennis gestel en die nodige regstellende stappe is geneem. Uit 7 miljoen sakke gesertifiseer, het die vermenging wat opgespoor is, slegs 9 001 sakke geraak.

Eienaars of agente van variëteite is bewus gemaak van die merkvereistes vir variëteite wat nog nie op die Variëteitslys geplaas is nie en dat etikettering moet aandui dat die materiaal net vir evaluasiedoeleindes gebruik word.

Die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema is wetenskaplik bewys, tegnies verantwoordbaar en bied die gerusstelling dat aartappelmoere deur bekwame sertifiseringspersoneel, ondersteun deur laboratoriumresultate gesertifiseer is. Volhoubare aartappelproduksie begin by die plant van gesertifiseerde aartappelmoere.

Besoek ons gerus by [www.potatocertification.co.za](http://www.potatocertification.co.za)



# PLANTOVITA



## INHOUD

Visie en Missie . . . . .	54
Voorsittersverslag . . . . .	55
Hoofuitvoerende Beampte Verslag . . . . .	56
Besigheidsverslag . . . . .	61



# VISIE EN MISSIE


## VISIE

Om laboratoriumdienste aan die moerbedryf te lewer ten opsigte van die opsporing van spesifieke patogene ten einde vas te stel of saadlotte aan sertifiseringstandaarde voldoen soos voorgeskryf deur die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringsskema.

## MISSIE

Aartappellaboratoriumdienste streef daarna om optimale dienste aan die aartappelbedryf te lewer wat:

- Gebaseer is op wetenskaplike beginsels.
- Uitgevoer word deur gekwalifiseerde en bekwame tegnoloë.
- Bestuur word op gesonde ekonomiese beginsels.
- Die vertroue en behoeftes van die kliënte in ag neem.





## VOORSITTERSVERSLAG

### JOHAN VAN DEN HEEVER

Siende hierdie my laaste verslag as Voorsitters is van Plantovita / ALD wil ek graag afskop deur erkenning te gee aan daardie Direkteure en personeel wat sedert 2011 die Plantovita / ALD pad saam met my gestap het.

Besluitneming in Plantovita, vind selde plaas sonder intense debattering en bespreking. Direksielede neem hulle rol as eenaars van die maatskappy ernstig op. Die uitkoms daarvan, is dat ons kontrole laboratorium stewig op eie bene staan. Groei word nie net in kundigheid, optimale dienslewering en in omset geniet nie, maar die fasiliteit moes fisies uitbrei ten einde potensiële risikos te beheer en nog beter dienste te kan lewer.

Aan die Direkteure van Plantovita: Dankie vir die goeie samewerking. Vir lojaliteit. En dat u besef dat ons hierdie ligaaam nodig het in ALD en dat u dit sodanig ondersteun en bevorder.

Natuurlik is daar die mense wat die opdragte en besluite van die Direkteure moet uitvoer. Marieta en Anel, wat onderskeidelik as Hoof Uitvoerende Beampte en Tegniese Bestuurder die leisels moet vasvat en verantwoordelik is vir stabiliteit, standaardisering en kwaliteit-dienslewering van Plantovita en ALD.

Ek kon altyd weet die werk word gedoen. Die take wat aan julle opgelê word is nie altyd maklik nie en dikwels die tipe opdragte wat opskuddings kan veroorsaak. Tog beur julle voort en het op julle eie unieke manier nog net uitstekende werk gelewer. Baie dankie daarvoor.

Gavin Hill is tot nuwe Voorsitter van Plantovita / ALD verkies. Gavin is geen onbekende sover dit die bestuur en verstaan van laboratorium-maatskappye aanbetref nie. Geluk aan Gavin met hierdie aanstelling en alle voorspoed met moontlike uitdagings vorentoe.

Ondersteun u plaaslike laboratorium en die personeel daarvan. Dit is die mense wat min erkenning kry vir die lang ure, organisasie, bestuur, akkuraatheid en konsentrasie wanneer dodelike roetine werk dit van hulle verwag. Dit is ook die mense wat die meeste pakslae kry wanneer toetsresultate nie aan verwagtinge voldoen nie. Hulle bly die grootste bate in die maatskappy. Waardeer hulle. Ondersteun hulle.

Dit was 'n voorreg om die pad saam met ALD / Plantovita te loop. Ek het die hoogtepunte saam deurgemaak en kan nou glad nie eens aan een negatiewe geval dink nie. Sterkte en seën aan die Kwekers, die Direkteure van ALD maatskappye en aan die laboratoriumpersoneel vir nog jare se gesonde moere en toetsresultate.

**Johan van den Heever.**



## HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE VERSLAG

### MARIETA BOTHA

Soos wat dit gaan in elke besigheid wat gemoeid is met die uitvoering van toetse waarvan die uitslae swaar gewig dra in rand en sent en wat nie altyd is wat die klient verwag nie, moet ALD met tye bontstaan en walgooi sover dit die betroubaarheid van die ELISA toets aanbetref. Vir hierdie rede word hierdie verslag gewy aan die werk wat gedoen is om die vrae uit die Bedryf te ondersoek.

Vrae en onsekerheid oor die ELISA toets is nie nuut nie. Ons werk immers in 'n omgewing wat nie altyd 100% deur die kweker beheer kan word nie. Ons het te doen met patogene wat nie altyd met die blote oog gesien kan word nie. En ons werk met 'n metode wat net soos enige toets, bekende beperkinge het.

Sedert 1984 word ELISA (serologiese toets) plaaslik gebruik vir die opsporing van virusse in Aartappel Laboratoriumdienste (ALD). ELISA is vir die volgende redes, steeds wereldwyd die metode van voorkeur in ander Saadsertifiseringskemas:

- Dit is 'n robuuste toets
- Die toets is betroubaar
- Wat ekonomie aanbetref is dit gemeet aan rand en sent goedkoper as ander metodes
- Vir hoe omset op 'n kommersiele skaal is dit 'n ideale metode.

Vrae wat vandag oor die betroubaarheid van die ELISA toets gevra word, is 'n presiese herhaling van die vrae wat in 2003, 2004 gevra is. Die verskil is dat die klem geskuif het van 'n bekommernis oor virus Y (PVY) toename na 'n bekommernis oor Rolblad (PLRV) toename. Die ironie is, dat PLRV vir die saadkweker in Europa nie eens meer bestaan nie, aangesien dit effektief uit die saadvermeerderingsstelsel bestuur is.

Bekommernisse rakende die betroubaarheid van die ELISA, voorheen en vandag kan as volg verwoord word:

- Verskille tussen landinspeksie - waarnemings en verwagte ELISA toets - uitslae
- Variasie tussen landmonster en nakontroler virus - resultate
- Is die toetspakket wat ons in ALD gebruik sensitief genoeg?
- Is dit spesifiek en sien dit al die virusrasse wat plaaslik voorkom raak?
- Hoe vergelyk die Bioreba - toetspakket met ander internasionaal beskikbare toetspakette?
- Kom PVY ntn plaaslik voor en herken die Bioreba toetspakket hierdie PVY ras?
- Is die OD – waardes (optimale digtheid waardes van verkleuring op plaatjies, gelees met 'n spektrofotometer) wat ons in ALD toepas vir PVY en PLRV optimaal? Is dit nie te hoog en ons rapporteer vals negatiewes nie? Behoort dit dieselfde te wees vir PVY en PLRV?

Die vrae is aangehoor en om dit aan te spreek is daar in die periode 2004 tot 2007, 13 projekte amptelik voorgelê aan die Nasionale Navorsingskomitee van Aartappels Suid-Afrika (ASA). Projekte wat goedgekeur is, is amptelik geregistreer en befonds deur ASA. Die vordering en resultate van hierdie projekte is jaarliks voorgele aan die Nasionale Navorsingskomitee.

Hieronder volg die vernaamste projekte en 'n opsommende beskrywing van die doel van elkeen:

- **Kwaliteitskontrole:** Om die aan- of afwesigheid van virus in 'n monster (wat met ELISA getoets is) te bevestig, deur dieselfde monster met ELISA te hertoets.

- **Die 28 dae reel:** Om die effek van tydsverloop op die opspoorbaarheid van virus in 'n knol met ELISA te ondersoek na die chemiese opheffing van dormansie.
- **Afsnywaarde:** Om die optimale afsnywaarde vir PVY en PLRV te bepaal ten einde die risiko van vals negatiewe ELISA toets uitslae te beperk.
- **Optimisering van die toetsprosedure:** Praktiese evaluasie en vergelyking van internasionaal beskikbare ELISA-toetspakette sover dit sensitiwiteit, spesifisiteit, praktiese gebruik en ekonomie aangaan.
- Die verskaffing van positiewe materiaal soos verkry met die ELISA toets, aan die Universiteit van Stellenbosch ten einde deel te neem aan 'n **internasionale PVY ras-versameling**. Die uitgebreide doel was ook om te bepaal of alle rasse van PVY met die Bioreba ELISA -toetspakket opgespoor word.

Dus 'n uitgebreide en intensiewe ondersoek van die ELISA toets en die gebruik daarvan in die plaaslike Aartappelmoer Sertifiseringskema.

Die uitvoering en uitkoms van hierdie projekte word kortliks as volg beskryf:

## Kwaliteitskontrolle:

Monsters wat weer gehertoets is met die ELISA is geselekteer uit die volgende kategorieë:

- Land en nakontrolle-monsters waarvan die oorspronklike ELISA resultate > 5% virus, generasies 1 tot 3
- Land en nakontrolle-monsters waarvan die oorspronklike ELISA resultate > 1 5% virus, generasies 4 tot 8
- Landmonsters waarop dispute verklaar is
- Land en nakontrolle-monsters met lae of geen virus in die oorspronklike toets ten einde te bepaal of die uitslae vals negatief

Geselekteerde monsters is na die oorspronklike ELISA weer teruggeplaas in die warmkamer (in die geval van PVY) of uitgeplant in 'n kweekhuis (in die geval van PLRV). Alle spruite wat ontwikkel het op die PVY knolle of alle halms wat opgekrom het in geval van die PLRV knolle is geoes en die ELISA toets is weer herhaal. Hierdie projek het vir 4 jaar geduur.

Onderstaande tabel illustreer die resultate van die 309 monsters wat suksesvol getoets is:

Monster	Aantal getoets	+OT = +KT	-OT = -KT	+OT = -KT	-OT = +KT
PVY 200	186	125	42	7	12
PVY 400	68	43	17	4	4
PLRV 200	43	26	16	1	0
PLRV400	12	3	5	1	3
Totaal	309	197	80	13	19
% Verskil				4%	6%
		90% OT = KT		10% OT ≠ KT	

OT = Oorspronklike toets, KT = Kwaliteitskontrolle toets

Die Navorsingskomitee was na die verloop van 4 jaar se terugvoer tevrede met die getal monsters wat getoets is, en die resultate wat behaal is. Die tevredenheid is uitgespreek dat hierdie resultate toon dat die ELISA toets betroubare resultate lewer met inagneming van die beperkinge daarvan en geskik is as metode vir gebruik in die Skema.

Die resultate is voorgelê aan die ALD Advieskomitee, die Nasionale Moerekomitee en OSRA. In alle gevalle is die ELISA goedgekeur as geskikte metode vir gebruik in die Skema

**Die 28 dae reël** se breek doel was om te bepaal op watter tydstep die virus, na die chemiese opheffing van dormansie op sodanige vlak in die knol is dat die ELISA dit optimaal kan opspoor.

Uit elk van die vyf (5) produksie areas is 'n land met visuele PVY en PLRV geïdentifiseer. Van elkeen van hierdie 5 lande is 3 750 knolle getrek. Die 3 750 knolle van lande 1 tot 5, is verdeel in 16 x 200 submonsters gemerk A1 tot A4, B1 tot B4, C1 tot C4 en D1 tot D4.

Die monsters is behandel met Progip en in die warmkamer gelaat by 27°C en 70% RH en as volg getoets:

Submonsters:	Toets op:
A1, B1, C1, D1	21 dae
A2, B2, C2, D2	28 dae
A3, B3, C3, D3	35 dae
A4, B4, C4, D4	42 dae

Die vergelyking van die toets resultate het aangedui dat 28 dae die optimale tyd is om virus in knolle waarvan die dormansie chemiese opgehef is met die ELISA op te spoor. Soortgelyke werk in Switserland bevestig hierdie resultate.

Na terugrapportering aan die ALD Advieskomitee, die Nasionale Moerekomitee en die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA), is die toetsprotokol van ALD aangepas en mag monsters nie voor die verloop van 28 dae na chemiese behandeling getoets word nie, met die voorwaarde dat al die knolle van die monster voldoende gespruit moet wees.

In 'n nasionale opname waarby 1 747 monsters betrokke was, is die volgende gevind:

- Kultivar speel 'n groot rol in hoe vroeg knolle spruite vorm en dus toetsgereed is.
- Gemiddeld neem dit monsters 43 dae om na die chemiese opheffing van dormansie voldoende te spuit.
- Gemiddeld is slegs 10% van alle monsters toetsgereed op 28 dae en slegs 8% voor 28 dae.

**Die Afsnywaarde ondersoek** dui aan op die bepaling van die ideale OD-waarde van 'n ELISA lesing ten einde te bepaal of 'n knol positief of negatief getoets het.

Hierdie projek het uit 3 dele bestaan:

Eerstens: In 2004/2005 is die afsnywaarde van PLRV verlaag van 0.160 na 0.100 na aanleiding van die resultate van voorlopige toetse wat aangedui het, dat vals PLRV negatiewes tussen 0.100 en die aanvanklike 0.160 wel kan deurglip.

Die tweede been van die projek was ten doel om die ideale afsnywaarde vir PLRV te bepaal. *Moet dit strenger en selfs laer as 0.100 wees?*

Die projek is as volg hanteer:

- Geselekteerde monsters is uitgeplant in die kweekhuis.
- Die opkomende halms is geoes en vir virus met die ELISA getoets.
- Die virusstatus is bevestig gebaseer op die geldige afsnywaarde i.e. 0.100 vir PLRV en 0.160 vir PVY.

Hierdie tabel som die resultate op:

Resultate			
PLRV		PVY	
OD Waardes geselekteer	+ELISA op 0.100	OD Waardes geselekteer	+ ELISA op 0.160
0.05 – 0.08	69%	0.10 – 0.16	*100%
0.08 – 0.10	68%	0.16 – 0.25	89%
0.10 – 0.16	81%	0.25	97%

\*Slegs 12 monsters getoets

Tydsperk	Toetspakket in gebruik	Evaluasie en vergelyking	Toetspakket waarop besluit is
1997/1998	Boehringer & Mannheim (B & M)	Bioreba, Sanofi, Agdia, B & M	Bioreba
2004/2005 (Amptelike projek)	Bioreba	Bioreba, Agdia, LNR, Sanofi, SASA, Schill Diagnostic	Bioreba
2007/2008 (Kwaliteitskontrole)	Bioreba	Bioreba, Prime Diagnostics	Bioreba
2012/2013 (Kwaliteitskontrole)	Bioreba	Bioreba, Prime Diagnostics, Agdia, AC Diagnostics	Bioreba
2016/2017 (Kwaliteitskontrole)	Bioreba	Bioreba, Prime Diagnostics, Agdia, AC Diagnostics	In proses

Dit was weens die uitkoms van die evaluasies tot op datum nie nodig om van toetspakket te verander nie. Kringtoetse vind tussen die laboratoriums plaas om resultate te vergelyk. Plantovita word ook betrek in kringtoetse vereis deur Bioreba met gebruikers van hulle produkte. Kwaliteitskontrole vind dus plaas op nasionale en internasionale vlak.

Die laaste doel was om by wyse van die bestudering van laboratoriumdata te gaan bepaal hoe die Skema geraak gaan word indien die PLRV afsnywaarde verder verlaag word. In totaal is die data van 4 626 monsters ondersoek. Die bevinding was dat indien die afsnywaarde van PLRV vanaf 0.100 na 0.08 verlaag word, 4% van die ingediende monsters buite toleransie sou toets.

Nadat die resultate aan die Navorsingskomitee voorgelê is, is die besluit geneem dat voldoende aandag aan hierdie saak gegee is. Na bespreking tydens die ALD Advieskomitee, die Nasionale Moerekomitee en OSRA is die besluit geneem om te volstaan by die afsnywaarde van 0.100 vir PLRV en 0.160 vir PVY.

**Wat die optimisering van die toets** aanbetref is dit belangrik om te weet dat hierdie nie net 'n eenmalige projek was nie, maar dat die evaluasie en vergelyking van internasionaal beskikbare toetspakette 'n deurlopende taak is van die kontrole laboratorium, Plantovita.

Onderstaande tabel illustreer die geskiedenis van toetspakket evaluasie vir die opsporing van virus met ELISA in ALD

U sal merk dat Bioreba sedert 2004 steeds een van die beste ELISA virus toetspakette lewer. Dit is immers 'n maatskappy wat afset lewer in 70 ander lande. Die kompetisie onder die internasionale vervaardigers is so groot en die suksesse so 'n saak van trots en eer dat bitter min toetspakette nie goed vaar in evaluasies nie.

## Deelname aan internasionale PVY ras-versameling

Hierdie inisiatief spruit uit die betrokkenheid van Plantovita by die PVY werkgroep van die European Association for Potato Research (EAPR) waarvan ons sedert 2006 lede is. Die doel was/is om 'n sogenaamde "internasionale biblioteek" te implimenteer van alle PVY rasse wat wereldwyd op aartappels voorkom. Die wetenskaplikes hierby betrokke monitor deurlopend molekulere veranderinge in virusrasse en sou daar enige nuwe kombinasies wees, sal ons verseker daarvan bewus wees.

Die vraag word maar gedurig gevra of die Bioreba toetspakket wat gebruik word in ALD wel alle PVY en PLRV-rasse wat in Suid-Afrika voorkom herken. Daar word ook soms gepeins oor sogenaamde *super virusrasse* hier aan die Suidpunt van Afrika wat kwansuis uniek is in die wêreld.

Die materiaal wat vir hierdie projek gebruik is, is versamel uit roetine monsters wat van dag tot dag in die laboratorium positief getoets het. Op daardie stadium het die saadtoetsentrum nog nie oor molekulere tegnologie beskik nie, en is die ontleding van die rasse hanteer deur Prof Dirk Belsted van die Universiteit van Stellenbosch.

Hier volg 'n opsomming van die ander projekte wat ook in hierdie periode uitgevoer is:

Projeknaam	Doel	Ondersoek	Gevolgtrekking
Ondersoek na die invloed van apikale dominansie	Om te bepaal of die apikale ogie die korrekte lokaliteit vir die bemonstering van PVY is	2 626 monsters is ondersoek om die teenwoordigheid van PVY in die apikale spruit te bevestig	In 98% van die toetse is PVY suksesvol in die apikale spruit opgespoor met ELISA
Die invloed van die chemiese opheffing van dormansie op die opsporing van PVY in die apikale ogie	Om die bewering aan te spreek dat die spruit tydens chemiese stimulasie onder die virus uitgroeï	2 626 monsters is ondersoek. 2 verskillende behandelings is toegepas. As kontrole is 'n geen behandeling ook ingesluit.	Chemiese opheffing van dormansie het geen invloed op die opsporing van PVY in die apikale ogie nie
Variasie in virusresultate tussen monsters van dieselfde eenheid (A, B, C ens)	Om die invloed van monsternemingsfout te ondersoek en optimale monstergrootte te bepaal vir 'n beter voorspelling van die virusbesmetting van 'n land	36 monsters van 12 eenhede is ondersoek	80 knolle kan redelik voorspel of virus teenwoordig is of nie MAAR is nie voldoende om die persentasie virus van 'n land te voorspel nie. Daar kan selfs verskille wees in PVY resultate tussen knolle van dieselfde plant.
Opname van PVY ntn	Om vas te stel of hierdie PVY-ras in Suid-Afrika voorkom	CBS/Plantovita het die materiaal verskaf uit monsters waarvan knolle positief vir PVY getoets het	Molekulere ontleding deur die US het bevestig dat PVY ntn plaaslik in moere voorkom
Databasis vir plantluismonitoring	Om alle streke te betrek by plantluisopnames en om die databasis daarvan te vestig by CBS/Plantovita	Opleiding in identifikasie van luse deur ALD personeel en die vestiging van 'n databasis	Weens die omvang, die waarde en die wetenskap hieragter is die projek oorgegee aan UP en Dr Kobus Laubscher
Optimale chemiese behandeling van gesnyde knolle geplant in kweekhuis	Ten einde verrotting van knolle met uitplant te verhoed	14 behandelings is ondersoek, ingesluit 3 variasies van nie-chemiese behandeling	3 van die beproefde metodes het bo-gemiddeld gevaar

Geen PVY - rasse uniek aan Suid Afrika kon in hierdie opname identifiseer word nie. Daar is ook gevind dat die Bioreba toetspakket PVY ntn herken en dat dit wel dan positiewe ELISA resultate oplewer. Die teenwoordigheid van PVY ntn in SA is dus met hierdie opname bevestig

In 2016 het Prof Belsted 'n versameling PLRV rasse na Switserland geneem vir ontleding deur Bioreba. In die onderstaande e-pos korrespondensie bevestig Dr Denise Altenbach van Bioreba die resultate van die ontleding:

*We finished testing the PLRV samples from South Africa.*

*In a first test series, we tested sprouted tuber samples in parallel by ELISA, qPCR (TaqMan) and PCR macroarray. We had 100% overlap with the three methods.*

*The detection limits of Australian / Peruvian / European and Swiss variant groups do not differ. The detection limits are very similar in the comparison between ELISA and qPCR. Our experiments show that the ELISA test and the qPCR equally well recognize the ZA PLRVs and the European PLRVs.*

Die ondersoek bevestig dus dat daar tans nie vir PVY of PLRV sogenaamde unieke rasse in Suid-Afrika bestaan wat met die ELISA gemis word nie.

Bostaande resultate is gerapporteer aan die Nasionale Navorsingskomitee van ASA, die ALD Advieskomitee, die Nasionale Moerkwekers Komitee en soos nodig aan OSRA.

Sover dit die geldigheid van die ELISA-toets aanbetref, het ALD dus met die uitvoering van hierdie projekte die volgende vrae uit die Bedryf aangespreek:

Kwessie	Bedryfsvraag	Uitkoms
Monsterneming op land	Kan die wyse van monsterneming op land bydra tot die verskille in virusuitslae van submonsters van een land?	Ja, weens die verspreiding van virus in die land en selfs in die plant
Monstergrootte	Is die monstergrootte vir virustoetse voldoende?	80 knolle is slegs voldoende vir 'n virus persentasie voorspelling. Monstergroottes is aangepas na 'n minimum van 200 knolle vir land- en nakontrolemoesters
Invloed van chemiese ophef van dormansie	Beteken geforseerde ophef van dormansie die knol groei onder die virus uit?	Chemiese behandeling het geen negatiewe invloed indien daar virus in die knol is nie
Optimale tyd van toets vir die opsporing van virus met ELISA	Daardie tydperk na chemiese behandeling waar die virusvlakke optimaal is vir die opsporing daarvan met ELISA	Die 28 dae reël is ingestel
Bemonstering van die apikale ogie vir PVY opsporing	Is dit die regte lokaliteit om knolle vir PVY te bemonster?	Ja
Betroubaarheid van die toets: Kwaliteitskontrole	Is die ELISA-toets betroubaar?	Ja
Evaluasie van internasionaal beskikbare toetspakette: Kwaliteitskontrole	Gebruik ALD een van die beste internasionaal beskikbare toetspakette?	Ja
Optimale OD-afsnijwaarde vir PVY en PLRV	Moet die OD-afsnijwaardes vir beide virusse dieselfde wees en wat behoort dit te wees?	Data toon dat dit vir PVY en PLRV 0.160 en 0.100 onderskeidelik optimaal is
Versameling van PVY-rasse en die plaaslike voorkoms van PVY ntn	Is daar in SA kombinasies of mutasies van rasse anders as elders in die wereld?	Nee

Waar dit gevind nodig was, is veranderinge gemaak aan die ALD toetsprotokol en die Skema. Dit is belangrik om te verstaan dat ALD uit die geleedere van die kontrole laboratorium, slegs aanbevelings maak, aan die verskeie komitees en OSRA, nadat ondersoeke behoorlik gedoen is. Aanbevelings tot wysigings moet gestaaf word deur voldoende data en bevredigende resultate.

ALD het 'n ver pad gevorder sedert die ontstaan van die sateliet laboratoriums in 1983/1984. Vandag kan ons met reg sê:

- ALD is in voeling met ontwikkelinge rakende metodiek en patogene op internasionale vlak.
- ALD geniet uitstekende kommunikasie en verhoudings met verskaffers van toetspakette en ook met kundiges in relevante situasies in die Buiteland.

- Sover dit die kommersiële toets van saadaartappels met ELISA aanbetref, is die Tegnoloë in ALD die kundiges. Dit is waarmee hierdie mense hulle daaglikse bemoei en daar is nie ander plaaslike laboratoriums wat op hierdie skaal moere toets nie.
- Deurlopende kwaliteitskontrole en opleiding van ALD personeel is ons besigheid.
- Vandag kan ALD spog met 'n molekuleêre laboratorium te Plantovita. Ons kan dus saampraat met enige ander land waar PKR gebruik word in die toets van moere vir Sertifisering.

# BESIGHEIDSVERSLAG

## Die laboratoriums in ALD

In die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf is daar vyf laboratoriummaatskappye wat toetse uitvoer ten einde die siektestatus van moere aangebied vir sertifisering te bepaal. Die toetse is 'n vereiste van die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema ten einde te ondersoek of die moere deur geregistreerde kwekers geproduseer, aan bepaalde sieketoleransies voldoen.

Die laboratoriummaatskappye funksioneer elkeen as 'n private entiteit en is strategies geleë met die doel om 'n spesifieke produksie-area te bedien. Al vyf die maatskappye moet ingevolge die Plantverbeteringswet by die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye as fasiliteit vir die uitvoering van siektoetse geregistreer word.

Die term Aartappellaboratoriumdienste verwys na hierdie laboratoriummaatskappye as 'n groep en beïnvloed nie individuele eienaarskap nie. Plantovita vervul die rol van kontrolerende laboratorium in hierdie groep maatskappye en moet sorg dat standaarde soos in die amptelike ALD-toetsprotokol onderskryf, deurlopend deur al die laboratoriums gehandhaaf word.

Die laboratoriums word jaarliks in die toetsseisoen deur Plantovita geoudit. Met inagneming van die aanbeveling van Plantovita en die ouditverslae aan die Tegniese Komitee voorgelê, verdien 'n laboratorium van jaar tot jaar die magtiging van die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA) om toetse uit te voer soos deur die Skema vereis. Die standaard vir ouditvereistes word deur die amptelike toetsprotokol van ALD vasgelê. Die protokol is op grond van internasionale standaarde (ISO) en goeie laboratoriumpraktyke saamgestel.

Daar is 'n sesde laboratoriummaatskappy, mnr Solani Labs. Solani labs is nie 'n operasionele laboratorium nie, maar 'n administratiewe maatskappy waar aandeelhouders daarvan uit die Mpumalanga, Limpopo, Gauteng en die Oos-Vrystaat registreer ten opsigte van hektaar produksie en vanwaar die deelnemers gefaktureer word vir laboratorium toetskoste.

Elkeen van hierdie laboratoriummaatskappye word bestuur deur 'n groep Direkteure wat verkies word deur die eienaars van die maatskappy. Plantovita, as die kontrole laboratorium van ALD, behoort by wyse van aandeel aan die moerkwekers as volg:

Direkteur	Verteenwoordigend van volgende aandeelhouer
Mnr Johan van den Heever	Voositter (Ongebonde)
Mnr Gerhard Posthumus	Wesgrow
Mnr Jakkie Mellet	Solani labs

Direkteur	Verteenwoordigend van volgende aandeelhouer
Mnr JJ van de Velde	KwaZulu Natal Laboratory Services
Mnr Tiekie de Kok	Sandveld Laboratoriumdienste
Mnr Andre Coetzee	Noord Kaap Laboratoriumdienste
Mnr Chris Kleingeld	Droebone Produsente Organisasie
Dr Fienie Niederwieser	ASA Navorsingsbestuurder (gekoopteer)*
Mnr Gary Vorster	ASA (Teenwoordig Tafelprodusente)*

\*ASA besit geen aandeel in die maatskappy nie

Die Direkteure van Plantovita is verantwoordelik vir die finansiële en administratiewe besluitneming in die maatskappy. Alhoewel aandeelhouing tussen die streke verskil is die stemreg tussen die Direkteure gelyk. Me Marieta Botha is die Hoof Uitvoerende Beampte van die maatskappy en moet toesien dat Direksie besluite en opdragte uitgevoer word. Die verantwoordelikheid vir die Tegniese welvaart van ALD rus by die Tegniese Bestuurder van Plantovita / ALD me Anel Espach.

## Die rol van Plantovita as kontrole laboratorium van ALD

Die streke betaal by wyse van ooreenkoms 'n Tegniese Bestuursfooie aan Plantovita. Hierdie tarief word jaarliks aan die Direksie voorgele vir goedkeuring. Hierdie onontbeerlike diens van Plantovita aan die streke en Bedryf behels maar is nie beperk tot die volgende:

- Die Bestuur van Plantovita verteenwoordig die laboratoriums op die hoogste vlak van die bedryf.
- Plantovita moet toesien dat die standaarde soos in die verskillende toetsprotokolle bepaal, wel in die onderskeie laboratoriums toegepas en gehandhaaf word en is dus verantwoordelik vir die jaarlikse ouditte.
- Kringtoetse ten einde standaardisering tussen die laboratoriums te meet, word by Plantovita ontwikkel en geëvalueer.
- Plantovita neem deel aan internasionale kringtoetse van die verskaffer van die virus toetspakket wat in ALD gebruik word.
- Plantovita is verantwoordelik vir die opleiding van alle nuut aangestelde Laboratoriumtegnici in enige van die bestaande laboratoriums.

- Deurlopende opleiding van bestaande Laboratoriumtegnici is die taak van die kontrole laboratorium.
- Plantovita moet deelnemende laboratoria in tye van toetsprobleme tegniese ondersteun, oplossings soek en aanbevelings maak totdat die probleem aangespreek is.
- Plantovita maak aanbevelings aan die bedryf in terme van spesifieke siekte-ondersoeke en Skema-aangeleenthede.
- Die Bestuur van Plantovita is lede van die Europese Viruswerkgroep (EAPR) en verteenwoordig ALD in hierdie verband op internasionale vlak.
- Indien dit nodig is om bestaande protokolle te verander, doen Plantovita die ondersoeke en bring die nodige verbeteringe aan ten einde die toetsprosesse te optimaliseer.
- Die Tegniese Bestuurder van die kontrolerende laboratorium bly op hoogte van siekte- en toetsontwikkelinge nasionaal en internasionaal en moet ook waar nodig aanbevelings maak, projekte vir ondersoek identifiseer en saamstel en aan die Nasionale Navorsingskomitee voorlê.
- Die kontrolerende laboratorium evalueer alle ELISA-uitslae ten opsigte van bakteriese verwelk-toetse voordat dit deur die streek beskikbaar gestel mag word.
- Wanneer toetse in welke streek ook al onder verdenking kom, word die kontrolerende laboratorium die konsultant vir ondersoeke en verslaggewing sover dit die toetse wat op die spesifieke situasie betrekking het, aangaan.

## Dienslewering in ALD

In die toetsprotokol van ALD is daar 'n streng Gedragskode wat voorskryf dat die deelnemende laboratoria slegs moer materiaal afkomstig van geregistreerde eenhede mag toets vir spesifieke virus en bakteriese patogene. Spesifieke virusse verwys na PVY, PLRV, PVA, PVM, PVS, PVX en indien versoek word, deur Sertifiseringsdienste TSWV. Bakteriese verwelksiekte geniet

kwarantynstatus in die SA Moerbedryf. Alle geregistreerde eenhede word dus vir hierdie patogene bemonster wat dan na die streeklaboratorium gaan vir siekte-ondersoek. Al hierdie toetse word gebaseer op serologiese metode i.e. die ELISA toets (breedvoerig beskryf in die Bestuursverslag).

Sedert 2015 is molekulêre toetsing (PKR) tot die beskikking van enige kweker van moere wat daarvan gebruik wil maak. Tans is die tegnologie net beskikbaar by Plantovita. PKR toetse is beperk tot virus-ondersoeke van moere en die bevestiging van alle positiewe Bakteriese verwelk ELISA-uitslae.

Plantovita beskik oor die kundigheid en fasiliteit om uitgebreide diagnostiese dienste aan die kweker of enige deelnemer aan aartappelproduksie te bied. Die ervaring is dat die diagnostiese sentrum van die maatskappy groeiende respek geniet wat gemerk word aan die toename in aantal monsters ingedien sowel as 'n groeiende kleintebasis.

## Die Tegniese Komitee

Die Tegniese Komitee is 'n komitee van Plantovita, verteenwoordigend van Plantovita, Aartappelsertifiseringsdiens en Aartappels Suid-Afrika. Die funksie daarvan is, onder andere, om tegniese aangeleenthede wat goeie samewerking en verstandhouding tussen Plantovita, Aartappelsertifiseringsdiens en Aartappels Suid-Afrika sal bevorder, te bespreek.

## Wat is die doel van die Tegniese Komitee?

- Om gesamentlike en werkbare oplossings te vind vir enige leemtes wat die gladde verloop van die sertifiseringsproses kan belemmer;
- Om behoeftes te identifiseer binne die toets- en sertifiseringsprosesse, en riglyne voor te stel ten einde die geloofwaardigheid van die stelsel te waarborg;

- Om peste en siektes, asook tendense, te identifiseer, voorkomende maatreëls daar te stel, asook aanbevelings te maak;
- Om potensiële navorsingprojekte ter ondersteuning van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf te identifiseer;
- Om OSRA, te adviseer deur goedkeuringsvereistes vir aartappeltoetslaboratoriums daar te stel;
- Om tegniese aangeleenthede deurlopend te evalueer ten einde te verseker dat kwaliteit en standarde gehandhaaf word;
- Om uit enige van bostaande punte kwessies of besluite wat die Skema, asook die toets- of sertifiseringsprosedures, kan raak of wat veranderinge daaraan vereis, na die onderskeie komitees en die Gesag vir aandag te neem, soos nodig.


Dit staan die Komitee vry om enige ander kundige te koöpteer indien 'n spesifieke probleem gespesialiseerde aandag vereis.

Die Tegniese Komitee bestaan uit die volgende lede:

Instansie	Komiteelid
Onafhanklike Sertifiseringsraad / Voorsitter	Dr Dave Keetch
Aartappels Suid-Afrika	Dr Fienie Niederwieser
Aartappelsertifiseringsdiens	Me Sanette Thiar
Aartappelsertifiseringsdiens	Mnr Andre Wessels
Plantovita & ALD	Me Marieta Botha
Plantovita & ALD	Me Anel Espach

Die misie van ALD behels die lewering van dienste aan die Bedryf :

- wat op gesonde wetenskaplike beginsels gebaseer is,
- Wat deur gekwalifiseerde en opgeleide personeel uitgevoer word, en
- Wat koste-effektief is.





PROKON



## INHOUD

Visie, Missie en Waardes .....	66
Verslag van die Voorsitter .....	67
Hoofuitvoerende Beampte Verslag .....	69
Besigheidsverslag .....	71



# VISIE, MISSIE EN WAARDES

## Visie

Om standaarde daar te stel en beheer uit te oefen oor die kwaliteit van landbouprodukte om plaaslike en buitelandse bemarking te bevorder en om te verseker dat verbruikers produkte ontvang wat veilig is kwaliteit verteenwoordig.

## Missie

Die lewering van 'n omvattende koste-effektiewe diens aan die varsprouktebedryf in Suid-Afrika deur:

- 'n Gehalteversekeringsdiens op varsproukte.
- 'n Gehalte- en adviseringsdiens vir die handel.
- Die instandhouding van 'n graderings-, voorligtings- en opleidingsprogram.
- Die bevordering van voedselveiligheid en higiëne.

- 'n Statistiese- en inligtingstelsel met relevante inligting aan produsente en ander belanghebbendes.
- Die hantering van die probleme van produsente, kopers, verbruikers, verwerkers en verpakkers.
- Die uitdra van 'n positiewe beeld van die varsprouktebedryf.

## Waardes

- Onpartydigheid
- Integriteit - Intern (kollegas)  
- Ekstern (kliënte)
- Professionele optrede en kundigheid





## VOORSITTERSVERSLAG

### RUDI HEINLEIN

Prokon het gegroei na 'n maatskappy wat se dienste as voorkeur-diensverskaffer in die varsproduktebedryf plaaslik, en nou ook uit die buiteland, toenemend in aanvraag is, en is dit dus lankal nie meer een wat slegs aartappels op varsproduktemarkte inspekteer ingevolge sy rol as gevolmagtigde van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie (DLBV) nie. Dit is ook reeds ou nuus dat Prokon deur die DLBV as gevolmagtigde aangestel is om ook gehalteinspeksies op daardie groente en vrugte uit te voer soos afgekondig in die Staatskoerant, wat die maatskappy se status as voorste diensverskaffer in kwaliteitsversekering verder onderstreep.

#### Die lewering van inspeksiedienste

Gedurende die 2016/2017-verslagjaar het Prokon gemengde welslae behaal vir sover dit sy verantwoordelikhede as gevolmagtigde van die DLBV betref. In die geval van aartappels het die inspeksies glad verloop, met die uitsondering van die inspeksieprobleme wat met die groottegroepe ondervind is, daardie klein groepie aartappelprodusente wat steeds versuim om die merkvereistes na te kom en ondermassa sakkies wat aan die mark gelewer is. Ek is oortuig dat die sukses van die inspeksiediens op aartappels die uitvloeisel is van die besluit wat die aartappelbedryf jare terug geneem het dat aartappelinspeksies noodsaaklik is om die beeld van produk uit te bou en die verbruiker te beskerm, met gepaardgaande finansiële voordele vir die produsent. Aartappels Suid-Afrika se reklame-veldtog is weliswaar die drywer van die verhoging in die per capita verbruik van aartappels die afgelope dekade, maar as dit nie was dat die beeld van die produk sodanig was dat dit die veldtog kon rugsteun nie, sou daar bitter min van die veldtog gekom het.

Wat die inspeksies op ander groente en vrugte betref was Prokon minder suksesvol. Alhoewel daar ooreenkomste in plek gestel is om inspeksies op hierdie produkte by distribusiesentrums, die winkels waaraan hulle lewer en ander kleinhandelgroepe uit te voer, was sommige van die verteenwoordigende varsproduktebedryfsinstansies minder insiklik om die implementering van die inspeksiediens en die gepaardgaande inspeksiefooie te aanvaar. Ons is egter vol vertroue dat ons die partye in die hieropvolgende jaar sal kan oorhaal om in te stem tot die implementering van die amptelike inspeksiediens.

#### Wêreldwye gehalteversekering en voedselveiligheid

Dit moet aanvaar word dat soos wat wêreldwyd die geval is, die Suid-Afrikaanse owerheid se volgehoue aandrag dat die Suid-Afrikaanse verbruiker beskerm moet word, nie gaan taan nie en eerder bykomende maatreëls gaan instel om dit te verseker. 'n Perfekte voorbeeld hiervan is natuurlik die instelling van die inspeksies op ander groente en vrugte waarvoor Prokon verantwoordelik is. Dit beteken dat die varsproduktebedryf, soos enige ander bedryf wat produkte en dienste aan die verbruikers lewer, nie werklik 'n keuse het nie as om te verseker dat die produkte wat hy op die verbruiker se bord plaas, gehalte verteenwoordig.

Dit is egter nie net verbruikersbeskerming deur regeringsinstansies wat gehalteversekering dryf nie; die verbruiker is self besig om tot die stryd toe te tree om te verseker dat sy/haar aankope aan die amptelike voorskrifte sowel as aan persoonlike behoeftes en vereistes voldoen, en natuurlik waarde vir geld bied. Hiermee saam

gaan voedselveiligheid en die sogenaamde intrinsieke gehaltewaardes waarvan die beskerming van die omgewing en sy mense deel vorm, en wat direk gekoppel is aan opspoorbaarheid van die produk – aspekte wat deur 'n inspeksiediens aangespreek sal word. In hierdie verband het navorsing getoon dat die verbruiker toenemend bewus raak van aspekte soos waterbesoedeling en afname in grondkwaliteit wat onder andere deur produksiepraktyke veroorsaak word, en gevolglik die verbruiker se welstand en gesondheid beïnvloed. Daar is dus 'n groter bewustheid oor die belangrikheid van voedselveiligheid en die beskerming van die omgewing en mense wat die konsep van gehalte al hoe belangriker maak.

Daardie produsente en instansies vir wie dit belangrik is om die reputasie en beeld van hul produkte en besighede te beskerm, het geen ander keuse nie as om te verseker dat die produkte wat hulle lewer gehalte verteenwoordig – iets wat slegs moontlik is deur die daarstelling van deursigtige gehalteversekeringsmeganismes regdeur die waardeketting.

Dit is ook belangrik dat die varsproduktebedryf terdeë kennis neem van die wêreldwye fokus op gesond eet wat daartoe gelei het dat varsgroente en -vrugte van die belangrikste peusel-alternatiewe geword het. Die sogenaamde eufesiërs (centennials) wat eerder produkte sal koop wat vars, natuurlik en plaaslik is, bied ons die ideale geleentheid om die verbruik van plaaslik-geproduseerde varsgroente en -vrugte optimaal te bevorder. Dit is egter nie net die hoë LSM-verbruikers wat hulle toespits op kwaliteit nie. Daardie laer LSM-kopers wat hul produkte op die varsprodukte markte aankoop dring toenemend aan op hoër kwaliteit produkte, al moet hulle meer daarvoor betaal. Vir hulle is kwaliteit produkte wat waarde vir geld bied van uiterste belang. Die skoen is nou aan ons voet om te verseker dat ons produkte aan hul vereistes voldoen - produkte wat spreek van gehalte.

## Prokon se finansiële posisie

Dit gaan finansiël goed met Prokon. Vir die 2016/2017-verslagjaar het die maatskappy daarin geslaag om sy verdienste uit die lewering van inspeksies en ander

kommersiële dienste op te stoot na R11 275 562, wat sowat 15% hoër is as vir die vorige jaar. Dit kon egter veel beter gewees het as dit nie was vir die traë implementering van die inspeksiediens op alle ander groente en vrugte nie. Dit is veral die inkomste ten opsigte van die lewering van kommersiële dienste wat 'n knou gekry het aangesien van die instansies dienskontrakte opgesê het in afwagting van die uitslag oor die implementering van die amptelike inspeksiediens op ander groente en vrugte. 'n Verdere aspek wat ook in ag geneem moet word, is die addisionele finansiële druk wat meegebring is weens die aanstelling van die bykomende gehaltekontroleurs om die inspeksies op die ander varsgroente en -vrugte uit te voer.

## Afsluiting

Dit is belangrik dat produsente die varsprodukte markte besoek as deel van hul bemarkingsaksies. Die markvloer bied produsente die ideale geleentheid om te sien hoe hul besendings vergelyk met die van ander produsente, hoe die inspeksies uitgevoer word en wat vir die markagente en hul kopers belangrik is. Besoek ook gereeld Prokon se webwerf [www.prokon.co.za](http://www.prokon.co.za) vir inligting oor aspekte wat u produk en die bemarking daarvan direk raak.

Soos reeds genoem was die 2016/2017-verslagjaar deurspek met uitdagings wat die uitvoering van die dag tot dag aktiwiteite van die maatskappy van tyd tot tyd werklik bemoeilik het. Gelukkig het ons 'n personeelkorps wat onder die leiding van Prokon se hoofuitvoerende beampte, mnr. Etienne Booyens, keer op keer daarin geslaag het om die uitdagings die hoof te bied en 'n gehalteversekeringsdiens van formaat te lewer – ek sê aan ieder en elk van julle, baie dankie.

My finale woord van dank gaan aan die lede van die Prokon-direksie vir julle samewerking en ondersteuning wat dit moontlik gemaak het om die regte besluite tot voordeel van maatskappy, die aartappelbedryf en ook die ander rolspelers in die varsproduktebedryf te neem. Volgende jaar maak ons weer so!

Rudi Heinlein  
Voorsitter



## HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE VERSLAG

ETIENNE BOOYENS

Alhoewel verslagdoening in die Aartappelbedryfsverslag uiteraard gefokus moet wees op die gehalteversekeringsdiens wat Prokon aan die aartappelbedryf gelever het ingevolge sy aanstelling as gevolmagtigde van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV), is dit onmoontlik om nie ook te verwys na die dienste wat die maatskappy onder kontrak gelever het aan bedryfsverwante instansies, asook die dienste gelever dienooreenkomstig sy aanstelling deur die DLBV as gevolmagtigde om te verseker dat alle ander groente en vrugte, soos uiteengesit in die staatskoerant, ook aan neergelegde gehaltevereistes voldoen.

Gedurende die 2016/2017-verslagjaar het aartappelverwate sake, met die uitsondering van veral die inspeksieprobleme wat aanvanklik met die groottegroepe ondervind is, glad verloop. Wat inspeksies op ander groente en vrugte betref het Prokon gemengde sukses behaal aangesien sommige van die ander bedrywe minder inskiklik was om die implementering van die inspeksiediens en die gepaardgaande inspeksiefooie te aanvaar. Ongelukkig is dit nie 'n aangeleentheid wat oornag reggestel sal kan word nie, maar ons is vol vertroue dat daar wel 'n ooreenkoms met al die rolspelers, met die tussenkoms van die DLBV, in die hieropvolgende verslagjaar bereik sal word.

### DIENSLEWERING

#### Aartappelbedryf

Wat Prokon se bydrae tot die sukses van die aartappelbedryf betref moet dit nie slegs gesien word in die lewering van 'n gehalteversekeringsdiens met gepaardgaande voordele vir al die rolspelers in die aartappelwaardeketting nie, maar ook die ondersteunende rol wat dit speel in die oplos van probleme en die verskaffing van bedryfsverwante statistiek om produksie- en bemarkingsbeplanning, en dus die winsgewendheid van aartappelverbouing te optimaliseer. Daar is ook begin met die opdatering van die kleurplaatboek wat as hulpmiddel dien tydens inspeksies deur die gehaltekontroleurs. Hierdie publikasie dra grootliks by tot die eenvormige toepassing van die regulasies op alle markte.

Gedurende die 2016/2017-verslagjaar is 41 133 aartappelbesendings (97 679 198 sakkies) op varsproduktemarkte landswyd geïnspekteer wat 'n toename van 3.8% teenoor die vorige verslagjaar verteenwoordig.

Die direkte lewering van aartappelbesendings aan ander distribusiesentrums en winkels, het Prokon reeds 'n paar jaar gelede genoop om inspeksies by sodanige sentrums, die kettinggroepwinkels waaraan hulle verskaf en ander winkelgroepe te verskerp om die sogenaamde speelveld gelyk te maak.

Gedurende verslagjaar is 3 760 inspeksies by distribusiesentrums en winkels uitgevoer, vergeleke met 3 171 inspeksies gedurende die vorige verslagjaar. Dit verteenwoordig 'n toename van meer as 18%. Hierdie inspeksies is van toepassing op aartappels asook alle ander groente en vrugte.

## Kommersiële dienste

Die gehalte-verwante dienste wat Prokon in die verlede aan ander plaaslike varsprodukte-instansies onder kontrak gelewer het, het drasties afgeneem as gevolg van sy aanstelling as gevolmagtigde om ook gehalte-inspeksies op alle ander groente en vrugte te onderneem. Prokon het egter daarin geslaag om 'n ooreenkoms met 'n Europese kwaliteitsmaatskappy te sluit vir die lewering van spesifieke gehaltesdienste wat 'n aanduiding is dat die dienste wat Prokon bied erkenning begin geniet in die internasionale gehaltesdienste-milieu.

## FINANSIES

Prokon se finansiële posisie is kerngesond. Die inkomste vir die verslag jaar het R11 275 562 beloop wat 'n verhoging van ongeveer 15% verteenwoordig teenoor die inkomste van die vorige jaar. Dit kon egter veel beter gewees het as dit nie was vir die probleme wat ondervind is met die implementering van die inspeksiediens op alle ander groente en vrugte nie.

Tans genereer Prokon inkomstes uit die lewering van 'n inspeksiediens op aartappels asook op alle ander groentes en vrugte ingevolge sy aanstelling as gevolmagtigde ten opsigte van beide. Voorts verdien Prokon ook 'n inkomste uit die lewering van sogenaamde kommersiële dienste aan verwante instansies in die varsprodukte-omgewing. Om te verseker dat inkomste wat uit die verskillende bronne gegenereer word nie vertroebel raak nie, is die nodige aanpassings in die rekenkundige stelsel gemaak.

Wat die audit van Prokon se finansiële rekords vir 2016/2017 betref, is 'n ongekwalifiseerde auditverslag deur Fourie & Botha, ons eksterne ouditeure, uitgereik.

## PERSONEEL

Prokon het tans 66 personeellede in sy diens waarvan 34 gehaltekontroleurs is wat inspeksiedienste op die nasionale varsproduktemarkte, distribusiesentrums en

winkels uitvoer, asook 27 assistente wat die inspekteurs bystaan in die uitvoering van hulle pligte. Die oorblywende sewe personeellede lewer die administratiewe ondersteuningsdienste, wat na my mening 'n gesonde ratio is.

Gedurende die verslagjaar is min personeelskommelinge ondervind wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die markverwante besoldiging wat aan die gehaltekontroleurs betaal word. Indien die hoeveelheid tyd en geld wat spandeer word om gehaltekontroleurs op te lei in ag geneem word is dit die moeite werd, veral gesien in die lig van die uitbreiding van verantwoordelikhede.

Mnr. Henry van Deventer, wat na sy aftrede in 2015 aangebly het as Prokon se tegniese bestuurder, het besluit om finaal af te tree en het Prokon se diens op 30 Junie 2017 verlaat.

## AFSLUITING

Alhoewel dit nie in Prokon se finansiële posisie reflekteer nie, het die maatskappy 'n moeilike jaar agter die rug in die lig van die implementering van die inspeksiediens op alle ander groente en vrugte wat net nie na wense wou verloop nie. Ek is egter vol vertroue dat ons in die eerskomende jaar daarin sal slaag om alle uitstaande verskille en probleme uit te skakel so dat Prokon kan voortgaan met sy primêre taak, naamlik gehalteversekering tot voordeel van alle rolspelers in die varsprodukte-voorsieningsketting, insluitend die verbruikers.

My dank gaan aan 'n direksie wat ons in alle opsigte ondersteun het en 'n spesiale groep mense wat die personeelkorps uitmaak – julle toewyding en harde werk in spanverband het verseker dat Prokon op koers gebly het om die ooreengekome doelwitte tot 'n groot mate te bereik. Ek wil ten slotte 'n spesiale woord van dank rig aan mnr. Rudi Heinlein, Prokon se voorsitter, en mnr. Stanley de Lange, die maatskappy die Ouditkomitee-voorsitter, vir julle onderskraging en raad regdeur die 2016/2017-verslagjaar.

Etienne Booyens  
Hoofuitvoerende Beampte

# BESIGHEIDSVERSLAG

## DIE MAATSKAPPY

Produkkontrole vir Landbou (Prokon) is 'n nie-winsgewende maatskappy ingevolge die Maatskappywet, No. 71 van 2008, wat 'n omvattende gehalteversekering-, produkbestuur-, en graderingsdiens aan die Suid-Afrikaanse varsprodukte-bedryf lewer.

Goeie vordering is tydens die 2016/2017-verslagjaar gemaak ten opsigte van SANAS (South African National Accreditation Service) akkreditasie en na verwagting sal die nodige oudits voor die einde van 2017 afgehandel wees, waarna akkreditasie aan Prokon toegestaan sal word. Dit sal beteken dat Prokon die enigste maatskappy met SANAS akkreditasie sal wees wat gehalteversekeringsdienste aan die varsproduktebedryf verskaf.

## DIE DIREKSIE

Die Prokon-direksie is saamgestel uit verteenwoordigers vanuit die varsproduktebedryf ten einde te verseker dat alle aangeleenthede wat 'n impak het op dienslewering aan die bedryf, aangespreek word. Die huidige direksielede is:



Rudi Heinlein - (Voorsitter)



Stanley de Lange



Johannes Tsotetsi



Dr. Simphiwe Ngqangweni




Human du Preez

## DIE PERSONEEL

Prokon is terdeë bewus van sy verantwoordelikheid om deurlopend 'n professionele gehalteversekeringsdiens aan alle rolspelers in die varsprodukte-voorsieningsketting, en natuurlik ook die verbruiker, te lewer. Om sy verantwoordelikheid as waghond oor plaaslik-geproduseerde varsprodukte te kan nakom het die

maatskappy 66 personelede in diens waarvan 34 toepaslik-gekwalifiseerde gehaltekontroleurs is wat inspeksiedienste op die varsprodukte onderneem, en 27 assistente wat eersgenoemde help in die uitvoering van hulle pligte. Die toename in die getal gehaltekontroleurs in diens van Prokon vergeleke met die vorige verslagjaar is 'n direkte uitvloeisel van die maatskappy se aanstelling as gemagtige om ook inspeksiedienste op alle ander groente en vrugte te lewer.



Figuur 1: Maatskappystruktuur

## DIENSTE GELEWER

Die dienste wat Prokon gelewer het, kan as volg gekategoriseer word:

- Dienste gelewer as gevolmagtigde van die DLBV ten opsigte van aartappels.
- Dienste gelewer as gevolmagtigde van die DLBV ten opsigte van ander groente en -vrugte.
- Kommersiële dienste gelewer aan Aartappels Suid-Afrika.
- Kommersiële dienste gelewer aan ander instansies in die plaaslike en oorsese varsproduktebedrywe.
- Kennisoordrag.

### Dienste gelewer as gevolmagtigde van die DLBV ten opsigte van aartappels

Prokon is in 1993 amptelik deur die DLBV aangestel as sy gevolmagtigde vir die toepassing van die regulasies met betrekking tot die gradering, verpakking en merk van aartappels wat bestem is om in Suid-Afrika verkoop te word. Hierdie regulasies is uitgevaardig kragtens die Wet op Landbouproduktstandaarde, No. 119 van 1990.

Ingevolge sy aanstelling lewer Prokon 'n omvattende inspeksiediens met betrekking tot aartappels waardeur die gehalte van die produk deurlopend gekontroleer word en terugvoering aan die produsente gegee word om sodoende die standaard van die bemarkbare produk dienooreenkomstig die voorskrifte van die regulasies te handhaaf. Hierdeur word waarde toegevoeg wat die produsente bevoordeel en verseker dat die verbruikers kwaliteit produkte ontvang.

Die diens word gerugsteun deur 'n databasis wat deurlopend in stand gehou word. Die nuutste inligting word daaglik aan produsente op 'n vertroulike grondslag beskikbaar gestel en ook in verwerkte vorm aan Aartappels Suid-Afrika wat laasgenoemde in staat stel om probleme wat op die markvloer en in die handel geïdentifiseer is, aan te spreek.

Prokon het gedurende die verslagjaar die volgende dienste aan produsente verskaf wat aartappels aan die nasionale varsproduktemarkte en die handel gelewer het:

- Persoonlike skakeling met produsente om te verseker dat besendings ten alle tye aan die voorgeskrewe regulasies voldoen. Produsente is deurlopend ingelig oor die ouderdom van markvoorrade, die gehalte van die produk en die korrekte toepassing van die voorgeskrewe verpakkings-, merk- en massaverreistes.
- Die beskikbaarstelling van voorraadstatistiek ten opsigte van klas, groottegroepen en verpakkingsgroottes.

Die diens wat Prokon lewer verseker dat gehalte meetbaar is. In die geval van aartappelprodusente stel die dienste hulle in staat om die produksie en bemarking van hul oes

optimaal te bestuur en dra dit indirek by tot die vestiging van handelsmerke wat gehalte verteenwoordig, en uiteraard tot verhoogde vraag en dus rendement lei. Dit is voorts 'n erkende feit dat gehalte en voorraadvlakke die primêre prysbepalers op varsproduktemarkte is wat beteken dat die diens wat Prokon lewer soveel meer waarde toevoeg tot die produsent se produk. Wat die koper en verbruiker betref verseker die diens dat hulle 'n kwaliteit produk koop wat aan die neergelegde vereistes voldoen. Die waarde wat die genoemde dienste vir die bevordering van aartappelverbruik inhou, kan nie genoeg beklemtoon word nie.


### Inspeksies op markte

Prokon het gedurende die verslagjaar 41 133 aartappelbesendings (97 679 198 sakkies) op varsproduktemarkte landswyd geïnspekteer wat vanaf produsente in die 13 aartappelproduksiestreke en nie-produserende verskaffers ontvang is (Sien Tabel 1).

Tabel 1: Besendings per produksiestreek en vanaf nie-produserende verskaffers (alle sakkies)


Produksiestreek / Nie-produserende verskaffers	Hoeveelheid sakkies
Sandveld	8 883 637
Ceres	675 202
Suidwes-Kaap	1 19 960
Noord-Kaap	2 473 765
Oos-Kaap	2 866 297
Suid-Kaap	66 393
Noordoos-Kaap	1 989 015
Wes-Vrystaat	15 645 939
Oos-Vrystaat	17 877 002
Suidwes-Vrystaat	4 864 304
KwaZulu-Natal	3 886 553
Mpumalanga	2 543 136
Limpopo	24 982 743
Noordwes	4 144 980
Gauteng	2 582 232
Loskopvallei	156 729
Nie-produserende verskaffers	3 921 311

Die meerderheid besendings wat ontvang en geïnspekteer is, was van hoogstaande gehalte. Slegs 7.15% van besendings gelewer is na 'n laer klas afgemerkt. Ongelukkig was daar steeds sakkies ontvang wat nie aan die voorgeskrewe merkvereistes voldoen het nie, veral wat die aanduiding van die kultivar, en ook sakkies wat ondermassa was.



Figuur 2: Prokon se hoofkantoor is gesetel by die Tshwane Mark in Pretoria met streekkantore op die volgende varsproduktemarkte

### Persentasie van besendings afgemerk




Figuur 3 (bo) dui die persentasie afmerkings aan ten opsigte van besendings wat op markte ontvang is vanaf die 13 produksiestreke en nie-produserende verskaffers vir 2015/2016 en 2016/2017.


## Redes vir afmerk van besendings

Figure 4 en 5 dui die redes aan vir die afmerk van besendings op markte ontvang vanaf produksiestreke en nie-produerende verskaffers vir onderskeidelik 2015/2016 en 2016/2017. Die hoofredes vir die afmerk van besendings in beide verslagjare was vergroening, verbruining en meganiese beskadiging. Gedurende 2016/2017 was daar ook heelwat besendings wat afgemerkt is as gevolg van die

feit dat die aartappels nie aan die bepaalde groottegroep-spesifikasies voldoen het nie. Daar moes gevolglik by die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie aansoek gedoen word vir 'n dispensasie om te voorkom dat besending na 'n laer klas as klas 2 afgemerkt word. Die probleem word grootliks toegeskryf aan die toename in die getal nuwe kultivars wat op markte ontvang word en wat se vorms van die van bekende kultivars verskil.



Figuur 4: Redes vir afmerk op alle markte – 2015/2016



Figuur 5: Redes vir afmerking op alle markte – 2016/2017

Table 2: Hoofredes vir afmerking per produksiestreek en nie-produiserende verskaffers in persentasie  
Die drie hoofredes vir die afmerkings per streek is soos volg:


Streek	Bruinskurf	Meganiese beskdiging	Vergoening	Verbruining	Aalwurm	Sandsplete	Uitjies	Insek- beskdiging	Te groot	Lentiselle beskdiging	Bederf	Aartappel mot	Te klein	Verlep	Ander*	Totale afmerkings
Sandveld		8.86		53.56									11.05		26.53	7.27
Ceres			15.44	29.91										14.55	40.1	2.97
Suidwes- Kaap							19.44		25.94				14.45		40.17	16.4
Noord- Kaap		16.11	14.23		13.62										56.04	7.55
Oos- Kaap		14.18	23.48										12.94		49.4	5.98
Suid- Kaap		47.37										52.63			0	2.86
Noord- oos-Kaap		24.74	16.41					12.51							46.34	5.91
Wes- Vrystaat		11.22	33.66			12.75									42.37	8.25
Oos- Vrystaat		21.12						11.63				10.91			56.34	9.52
Suidwes- Vrystaat									13.36		18.53		16.42		51.69	5.86
KwaZulu- Natal	12.25		10.74					10.67							66.34	4.74
Mpumala		12.53			20.2		14.51								52.76	7.32
Limpopo		16.85	27.48						10.25						45.42	4.2
Noord- wes		13.09	26.12						17.66						43.13	7.02
Gauteng		14.9		17.73					9.89						57.48	17.41
Los- kopvlei							59.59		15.51	11.7					13.20	3.00
		26.53	7.27													

\*Ander: Verwys na redes vir afmerking anders as die drie hoofredes wat in die tabel weergegee word.

## Inspeksies by distribusiesentrums en kleinhandelafsetpunte

Handelsinspeksies op aartappels vorm deel van Prokon se verantwoordelikheid as gevolmagtigde van die DLBV om te verseker dat soveel moontlik aartappelinspeksies by afsetpunte in die distribusieketting uitgevoer word tot

voordeel van die verbruiker. Hierdie inspeksies behels drie inspeksies per maand by al die distribusiesentrums en vyf winkels wat deur elk van die sentrums van produk voorsien word. Gedurende die verslagjaar is 1 985 handelsinspeksies by distribusiesentrums uitgevoer en 1 775 by kleinhandelafsetpunte wat deur genoemde sentrums van produk voorsien word.



Figuur 6: Inspeksies 2015-2016 / 2016-2017

In gevalle waar die produk nie aan voorgeskrewe merk- en gehaltevereistes voldoen het nie, is direkte uitgereik wat opgevolg is met verdere besoeke om te verseker dat die probleem reggestel is. Die grootste probleem wat ondervind was, is dat daar nie ten volle aan die merkvereistes voldoen is tydens herverpakking nie, d.i. die kultivarnaam, groottegroep en klas ontbreek. In sommige gevalle is die lettergrootte op die verpakking ook kleiner as wat deur die regulasies voorgeskryf is. Verslae is op gereelde grondslag aan distribusiesentrums gestuur om hulle bewus te maak van geïdentifiseerde probleme en gevolglik in staat te stel om regstellende aksies te implementeer.

## Dienste gelewer as gevolmagtigde van die DLBV ten opsigte van ander varsgroente en -vrugte

Prokon is in 2016 deur die DLBV as gevolmagtigde aangestel vir die lewering van 'n inspeksiediens op vrugte en groente. Hierdie diens sluit nie aartappels in nie, en word slegs na verwys in die verslag om 'n geheelbeeld te verskaf van Prokon se dienslewering aan die varsproduktebedryf.

Die inspeksies by distribusiesentrums en kleinhandelafsetpunte waarna verwys word onder die hofie "Inspeksies by dienssentrums en kleinhandelafsetpunte", sluit inspeksies op ander groente en vrugte in.

## Kommersiële dienste gelewer aan Aartappels Suid-Afrika

### VERSKAFFING VAN INLIGTING

Daardie inligting op Prokon se databasis wat verband hou met inspeksies op aartappels in die distribusieketting, is deurlopend in 'n verwerkte formaat aan Aartappels Suid-Afrika se Afdeling: Bedryfsinligting verskaf wat deur laasgenoemde as noodsaaklik geag word om sy kernbesigheidsaktiwiteite optimaal uit te voer. Die inligting behels die aartappelvolumes wat per streek aan varsprodukte markte gelewer is, met inbegrip van die verskillende klasse, groottegroepe, kultivars, afgraderings asook die redes daarvoor, en siektevoorkoms.

As deel van die diens is maandverslae oor die volumes deur onderskeie streke gelewer, tesame met die redes vir afmerk en die persentasies van aartappelbesendings wat afgegradeer is, direk aan die organisasie se streekbestuurders gestuur. Dit stel die streekbestuurders in staat om probleme wat eie aan 'n betrokke produsent is met hom/haar te bespreek en remediërende optrede aan te beveel. Die grootste voordeel is egter dat sou die probleem wyer strek as 'n enkele produsent dit die betrokke gebiedsbestuur die geleentheid bied om oorhoofse optrede te implementeer tot voordeel van die produksiestreek as geheel.

## ANDER DIENSTE

Gedurende die verslagjaar was Prokon ook betrokke by die volgende aktiwiteite van Aartappels Suid-Afrika:

- Aartappels Suid-Afrika se aansoek om dispensasie vir die afmerk van aartappels na klas 2 as gevolg van groottegroepe-probleme.
- Telling van beskadigde sakkies op varsproduktemarkte (Projek is gedurende die verslagjaar gestaak).
- Kwaliteitsprojek – slegs ten opsigte van daardie aartappelprodusente wat daartoe instem.

## Kommersiële dienste gelewer aan ander instansies in die varsproduktebedryf

### VARSPRODUKTEMARKTE

#### GEHALTEVERSEKERING

'n Gehalteversekeringsdiens is aan die varsproduktemarkte in Kimberley, Klerksdorp-, en Vereeniging gelewer. Die diens behels gehalteversekering op alle produkte en die beheer van die merkvereistes soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies. Aandag is ook geskenk aan algemene higiëne op die markvloer aangesien dit bydra tot 'n skoon en dus geskikte verkoopsmilieu vir die aanbied van die produk aan die koper. Die betrokke markowerhede het daaglikse terugvoer ontvang tesame met aanbevelings ten opsigte van die aanspreek van verwante probleme.

#### GESONDHEIDSDIENSTE

'n Onafhanklike gesondheidsdiens aan die varsproduktemarkte in Klerksdorp, Kimberley, en Kaapstad gelewer. Die diens behels die inspeksie en afskryf van produkte waarvan die gehalte sodanig is dat dit nie langer geskik is vir menslike verbruik nie. Die verwydering van hierdie produkte dra by om die betrokke markte en sy agente se beeld as voorkeur-verhandelingsplatform in die varsprodukte-bemarkingskanaal te bevorder. Die tydige verwydering van sodanige produkte voorkom ook dat ander produkte op die markvloer gekontamineer word.

#### VARSPRODUKTE-INSTANSIES

As gevolg van Prokon se aanstelling as gevolmagtigde om gehalte-inspeksies op alle groente en vrugte te onderneem het die dienste wat hy aan ander plaaslike varsprodukte-instansies onder kontrak lewer drasties afgeneem. Die maatskappy het wel daarin geslaag om 'n ooreenkoms met 'n Europese kwaliteitsmaatskappy te sluit vir die lewering van spesifieke gehalteversekeringsdienste.

Kommersiële dienste is slegs aan die volgende instansies op 'n ad hoc basis gelewer:

Plaaslike instansies

- South African Avocado Growers Association
- South African Stone Fruit Association

- Fruitfarm Group
- TUVU

Buitelandse instansies

- Europese gehalteversekeringsmaatskappy
- Agro-Marketing Trade Agency (Namibia)

Voorts het Prokon ook “e-training” kursusse in kwaliteitsverwante rigtings deur middel van sy se webwerf aangebied.

## Kennisoodrag

Prokon het alle beskikbare kanale en platforms soos direkte skakeling met onder andere produsente, kopers, markowerhede, markagente, kliënte, bedryfsinstansies en owerhede, asook die bywoning van konferensies, simposium en vergaderings om kennis oor te dra.

Die belangrikste oordag van kennis het egter op die markvloer aan kopers plaasgevind, veral aan die straatverkopers en kopers wat in swart woongebied handel dryf. Die skakeling met hierdie deel van die voorsieningsketting word deurlopend as basis gebruik om inligting oor te dra die graderingsregulasies, die houvermoë van aartappels en opberging asook verpakking om te verseker dat die aankoop waarde vir geld verteenwoordig.

## BEELDBOU EN BEMARKING VAN DIENSTE

Prokon beskou dit as van uiterste belang om sy rol en beeld as primêre diensverskaffer op die gebied van gehaltebeheer op varsprodukte te bevorder. Gedurende die verslagjaar het die maatskappy hom, onder andere, op die volgende toegespits om sy doel te bereik:

### • Skakeling met rolspelers in die varsproduktebedryf

Prokon plaas 'n hoë premie op skakeling met bestaande en potensiële kliënte ten einde sy kliëntebasis enersyds in stand te hou en andersyds uit te brei. Gevolglik is verskeie vergaderings met sodanige sleutelrolspelers in die varsproduktebedryf gehou om die spesialisdienste wat Prokon kan bied, te bemark. Tydens hierdie vergaderings en ook per pos is die maatskappy kitsgids beskikbaar gestel wat waardevolle inligting bevat oor Prokon as maatskappy en diensverskaffer. Vergaderings is ook met relevante staatsinstellings gehou ten einde tred te hou met die jongste ontwikkelinge en te verseker dat Prokon se dienste ten alle tye aan die neergelegde voorskrifte voldoen.

- **Aartappeldatabasis**

Naas die inspeksiediens, is die aartappeldatabasis Prokon se grootste bate en dus 'n belangrike bemarkingsinstrument. Die inligting wat op die databasis vasgelê word, bied die gebruiker 'n uitstekende hulpmiddel wat van kardinale belang is in die verbouing, oes en bemarking van aartappels.

Inligting wat gedurende die verslagjaar die meeste in aanvraag was, sluit in:

- Aantal besendings gelewer per mark.
- Aantal sakke per groottegroep en klas gelewer per mark.
- Volumes gelewer per streek, asook nasionaal aan alle markte.

- Kultivar-volumes gelewer per streek, asook nasionaal aan alle markte.

Bykomende inligting wat beskikbaar gestel is, sluit in siektes en defekte asook statistieke insake afgraderings en die redes daarvoor.

Daar is begin met die opgradering van die databasis wat onder andere die installering van nuwe sagteware insluit om die databasis se gebruikswaarde uit te brei en dit meer toeganklik te maak.

Die opsporing van siektes en peste tydens inspeksies kan nie genoeg beklemtoon word nie. Hierdie inligting word aan aartappelnavorsers en die bedryf beskikbaar gestel, onder meer met die oog op die implementering van beheer- en voorkomingsmaatreëls. Die waarde lê veral daarin dat die bron van siektes en peste tot op plaasvlak nagespoor kan word.



- **Artikels in CHIPS**

Artikels oor aartappelleweringe per produksiestreek en nie-produiserende verskaffers aan varsproduktemarkte, is in elke uitgawe van die bedryf tydskrif, CHIPS, gepubliseer.

- **Prokon se webwerf**

Soos in die geval van alle maatskappye, besef Prokon terdeë dat elektroniese skakeling noodsaaklik is vir beeldbevordering en om inligting oor te dra.

Prokon se webwerf, wat deurlopend in stand gehou word om die gebruikswaarde daarvan te verhoog en dit meer gebruikersvriendelik te maak, bied die besoeker 'n omvattende oorsig van die aktiwiteite van die maatskappy en die dienste gelewer. Dit bevat ook die jongste amptelike gehalte regulasies wat op aartappels van toepassing is asook kleurplate wat die gehaltestandaard uitbeeld. Die webwerf maak dit ook vir besoekers moontlik om inligting te bekom ten opsigte van die amptelike regulasies wat op die belangrikste varsprodukte van toepassing is.

